

7.1 INLEIDING TOT DIE HOOFSTUK

In hoofstuk 6 is vasgestel dat die Jehovah-getuies 'n onchristelike siening van God het. In hierdie hoofstuk word verder ingegaan op die organisasie se leerstellings, om vas te stel of hulle ook ander leerstellings het wat as onchristelik beskryf kan word of nie.

Om alle ander leerstellings van die organisasie te probeer bespreek, sal die werk te omvangryk maak. In hierdie hoofstuk word daarom gekonsentreer op van die belangrikste leerstellings waaroor die Jehovah-getuies van die meeste Christelike kerke verskil. Dit sluit leerstellings in ten opsigte van die dood, opstanding, hemelvaart, wederkoms en Middelaarswerk van die Here Jesus (Christologie en soteriologie). Daar word ook aandag gegee aan wat met mense na hulle dood gebeur, en wat onder "hemel" en "hel" verstaan moet word (eskatologie). Verder word gekyk na leerstellings soos die reg tot bloedoortapping, asook deelname aan politiek en militêre diens (etiek). Voor die samevatting en gevolgtrekking word aandag gegee aan die vraag of die Jehovah-getuies se Bybelvertaling, die *New World Translation of the Holy Scriptures*, 'n goeie vertaling is of nie, asook aan die negatiewe houding wat hierdie kulte teenoor die Christendom inneem.

Op hierdie manier word 'n belangrike spektrum van die leer van die Jehovah-getuies en sekere etiese implikasies daarvan gedek, sodat die vraag beantwoord kan word of die organisasie se leerstellings oor die algemeen as onchristelik beskryf kan word of nie.

7.2 IS JESUS CHRISTUS GEKRUISIG?

7.2.1 INLEIDEND

Presies hoe die kruis gelyk het waarteen die Here Jesus vir die sondes van 'n verlore gaande wêreld vasgespyker is, is oor die algemeen vir Christene nie baie belangrik nie. Wat wel belangrik is, is dat Jesus aan 'n vloekhout boete gedoen het vir die sondes van die wêreld. Vir die Jehovah-getuies is die presiese manier waarop die Here gesterf het egter so belangrik dat dit vir hulle die verskil maak tussen of 'n mens met diens aan God of met die verering van afgode besig is (WTBTS, 1985a:254-258). Daarom word in hierdie onderafdeling stilgestaan by die kritiek wat die Wagtorings-organisasie uitspreek teen die Christelike kruis en word dit aan die hand van Bybelse en buite-Bybelse gegewens gewaag.

7.2.2 DIE JEHOVAH-GETUIES SE SIENING BESPREEK

7.2.2.1 Verandering in siening

Soos met die meeste ander van hulle leerstellings, het die Jehovah-getuies se siening van die "kruis" 'n duidelike en weersprekende verandering ondergaan deur die loop van hulle net meer as 100 jaar van bestaan. Vir amper die helfte van die tyd het hulle die kruis van Christus dieselfde geskets as Christene oor al die eeue, bestaande uit 'n regop paal met 'n dwarsbalk naby die bopunt daarvan. In *The Zion's Watch Tower* van 15/04/1913 (p. 5221) word, behalwe die beskrywing van die kruis, selfs die moontlike lengte en gewig daarvan met sy dwarsbalk gegee.¹ In die organisasie se boek *The Harp of God* (WTBTS, 1921a:114) kom 'n skets van die sterwende Jesus aan 'n tradisionele weergawe van die kruis voor. Tot en met die uitgawe van 1/10/1931 het *Die Wagtoring* 'n tradisionele weergawe van die kruis saam met 'n kroon op sy voorblad gehad (WTBTS, 1974:148).

In 1936 verskyn die boek *Riches* waarin die destydse president van die Wagtoring-organisasie, Rutherford, sê dat Jesus nie aan 'n kruis gesterf het nie, maar aan 'n boom (WTBTS, 1936:4). Die volgende jaar publiseer hy 'n boek, *Enemies*, waarin hy sterk te velde trek teen die tradisionele weergawe van die kruis, as sou dit 'n heidense simbool wees (WTBTS, 1937:188-189). Laasgenoemde standpunt, wat vandag nog deur die Jehovah-getuies onderskryf word, is 'n duidelike weerspreking van hulle vroeëre standpunt. Vandag praat die organisasie eerder van 'n "folterpaal" as van 'n kruis of 'n boom (WTBTS, 1985a:255) en word Jesus geskets as hangende aan 'n paal, met Sy twee hande oor mekaar bo Sy kop en met een spyker in die paal vasgekap (WTBTS, 1979b:101).

7.2.2.2 Hulle siening van die oorsprong van die kruis

In hulle poging om die Christendom as heidens voor te stel, probeer die Jehovah-getuies die Christendom se gebruik van die kruis as simbool verbind met die gebruik van soortgelyke simbole deur ou heidense volkere.

Volgens die boek *Redenering uit die Skrif* (WTBTS, 1985a:256) het die kruis, soos die Christene dit vandag as simbool gebruik, sy ontstaan gehad in antieke Chaldea waar dit (soos ook in Egipte) gebruik is as simbool van die afgod Tammus. In daardie tyd is die hoofletter "T" as simbool gebruik. Toe dit teen die derde eeu na Christus sogenaamd deur die Christene oorgeneem is, is die dwarsbalk van die hoofletter "T" 'n bietjie laat sak, sodat dit lyk soos die kruis wat vandag as simbool deur Christene gebruik word. Op

die volgende bladsy (WTBTS, 1985a:257) word die Christelike kruissimbool selfs met die Egiptiese simboliese voorstelling van of die manlike geslagsorgaan, of die geslagsdaad in verband gebring.

Daar is egter geen bewyse dat die Christene allerlei afgodery in gedagte gehad het toe hulle die kruis as simbool begin gebruik het nie. Dit is eerder gebruik as simbool van die wyse waarop hulle Messias in hulle plek die vloek gedra het. Verder was dit ook nie eers vanaf die middel van die vierde eeu toe die kerk al deur die staat erken is dat die kruis as simbool gebruik is soos die Jehovah-getuies beweer nie, maar reeds in die tyd van die vervolging van die Christene in die eerste eeue (vgl. 7.2.3).

Die Jehovah-getuies stel hulleself baie bloot deur die Christendom te beskuldig van heidense reste wanneer hul teen die Christelike siening van die kruis van Christus te velde trek. Hulle eie siening dat Jesus aan 'n paal gesterf het, kan nog makliker met heidense simbole in verband gebring word. Die heidense volkere het juis pale as afgodstekens gebruik, soos byvoorbeeld die sogenaamde heilige boomstamme waarteen God Hom herhaaldelik in die Bybel uitspreek (Eks. 34:13; Deut. 7:5, 16:21; Jes. 17:8, ens.), wat pale was wat bome voorgestel het (Ridderbos, 1951:8).

7.2.2.3 Lipsius se skets van die kruis

In die 1950-uitgawe van die *New World Translation* (WTBTS, 1950:769-770) is 'n skets van 'n man aan 'n regop paal, sonder 'n dwarsbalk, met sy hande oor mekaar vasgekap bokant sy kop. Hierdie skets is oorgeneem uit 'n sestiende-eeuse boek van 'n sekere Justus Lipsius, met die titel *De Cruce Liber Primus*. Die Wagtoring-organisasie se byskrif by die skets is dat "dit die manier (is) waarop Jesus gekruisig was". Dit lyk dus asof die organisasie wil voorgee dat 'n sestiende-eeuse skets meer betroubaar is oor hoe Jesus se kruis gelyk het, as sketse wat dateer uit die eerste eeue (vgl. 7.2.3).

Wat die Jehovah-getuies se posisie ten opsigte van hierdie skets uit die sestiende eeu slegter maak, is dat dit maar een van 16 sketse van kruisiging in Lipsius se boek is (Watters, 1987a:42). Daarby sê Lipsius self dat Christus se kruis nie gelyk het soos die skets wat die Jehovah-getuies onder sy naam uit die boek uithaal nie, maar wel soos wat die kruis tradisioneel weergegee word.² So bring die Wagtoring-organisasie mense valslik onder die indruk dat iemand uit die sestiende eeu darem hulle standpunt ten opsigte van die kruis ondersteun het.

Tereg sê *Redenering uit die Skrif* (WTBTS, 1985a:257-258) dat die verering of aanbidding van die kruis afgodediens en 'n oortreding van die tweede gebod van die wet is. Dit beteken egter nog nie dat Jesus nie aan 'n tradisionele kruis gesterf het nie, of dat die kruis nie as simbool van die verlossing deur Christus gebruik mag word nie.

In die Bybel kry 'n mens heelwat voorbeelde van simboliese afbeeldings wat gemaak is, soos die engelfigure wat in opdrag van God op die tentdoeke van die tabernakel uitgewerk moes word (Eks. 26:1). Die Jehovah-getuies gebruik self ook simbole, byvoorbeeld die van 'n wagtoring. Die simboliese gebruik van die kruis deur Christene kom nie neer op verering en afgodsdienste nie. Dit hou beslis ook geen verband met die verering van die afgod Tammus nie. Christene aanbid nie die kruisteken nie, maar die Christus wat aan die kruis gehang het.

7.2.3 HISTORIESE EN ARGEOLOGIESE GEGEWENS

Die Bybel gee nie 'n spesifieke beskrywing van die houtstellasie waarteen Christus vasgespyker is nie. Wat wel in die evangelies beskryf word, is dat Hy deur die Romeine gekruisig is. 'n Mens kan daarom met taamlike sekerheid aanneem dat hulle Hom sou tereggestel het op die tipiese wyse waarop hulle destyds terdoodveroordeelde tereggestel het. Hierdie vermoede word versterk daardeur dat die Romeine saam met Hom ook twee ander mense opgehang het wat hulle as misdadigers beskou het (Matt. 27:38, 44 & Luk. 23:39-43).

Louw (1977:73) wys daarop dat die gewoonte om misdadigers te kruisig uit die Ooste afkomstig is (waarskynlik van die Perse en Fenisiërs) en dat daar vier tipes kruise deur die verskillende volkere gebruik is. Die vier soorte is naamlik 'n regop paal (*crux simplex*), 'n paal met 'n dwarsbalk bo-op (dit het gelyk soos 'n hoofletter "T" - *crux commissa*), 'n paal met 'n dwarsbalk naby die bopunt (die tradisionele voorstelling van die kruis - *crux immissa*) en die sogenaamde "Andreas-kruis" (dit het heelwat later in gebruik gekom en het gelyk soos 'n hoofletter "X").

Die tradisionele voorstelling van die kruis (*crux immissa*) staan ook bekend as die "Romeinse kruis", omdat dit die tipiese kruis was wat die Romeine in hul teregstellings gebruik het. Harris (1988:216-224) en Watters (1987b:39-44) gee heelwat verwysings na argeologiese vondse wat bewys dat dit die manier was waarop die Romeine mense in die tyd van Christus se kruisiging tereggestel het, asook van argeologiese vondse wat daarop dui dat Christus deur die heidense Romeine aan 'n tradisionele kruis opgehang is. Daar

is selfs spotprente gevind waar met Christene gespot word wat hulle God aanbid waar Hy aan 'n Romeinse kruis hang (Watters, 1987a:174).

Louw (1977:73) kom tot die gevolgtrekking dat aangesien die Romeine Jesus gekruisig het, dit vanselfsprekend is dat hulle dit sou doen op dieselfde manier as waarop hulle destyds met misdadigers handel het. Hy sluit by Kittel se gesaghebbende woordeboek oor Nuwe- Testamentiese Grieks aan en wys daarop dat talle tekeninge wat die eerste Christene in tronkselle en in die grafkelders of katakombes in Rome gemaak het, behoue gebly het en deur opgrawings gevind is. Hier en op talle amulette, armbande, halssnoere, grafstene en papyrusblaai is duidelike tekeninge van die kruis van Christus aangebring - altyd die gewone Romeinse kruis, soos die Christene dit vandag nog weergee.

Bloot uit argeologiese opgrawings kan dus met taamlike sekerheid gesê word dat Jesus aan 'n kruis bestaande uit ten minste 'n regop paal en 'n dwarsbalk gesterf het. Die argeologiese bevindinge waarop die Jehovah-getuies hulle wel beroep, dateer meestal uit die vorige eeu - voor die belangrike ontdekkings van hierdie eeu (WTBTS, 1985a:255-258).

7.2.4 BYBELSE GEGEWENS

7.2.4.1 Inleidend

Dat Jesus deur die Romeine aan 'n houtkonstruksie opgehang is, is maar net nog 'n bewys dat Hy gekom het om die vloek op die sondes van die mensdom te dra. Paulus beroep hom op Deuteronomium 21:23 as hy in Galasiërs 3:13 die volgende uitspraak maak: "Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet deur vir ons 'n vloek te word - want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat aan 'n hout hang" (vgl. Hendriksen, 1979b:130).

Hoe hierdie houtkonstruksie waarteen Jesus vasgespyker is en waarteen Hy gesterf het presies gelyk het, is egter nie van wesenlike belang om te weet nie. Die Bybel gee dan ook nie die presiese vorm of afmetings daarvan nie (in teenstelling met byvoorbeeld die tempel in die Ou Testament).

Dit is tipies van kultegroepe dat hulle klein en minder belangrike dinge as wesenlike sake voorstel (vgl. 2.7). So word dinge soos of 'n man se hare oor sy ore kom en die presiese lengte van 'n vrou se rok, só belangrik dat dit 'n bewys daarvan word of 'n mens die ewige lewe het of nie (vgl. 3.7). Die groot klem wat die Wagtoring-organisasie lê op

die verwerping van die Christelike kruis, toon hoe iets wat eintlik nie van wesenlike belang is nie om een of ander rede opgeblaas word tot 'n kernsaak.

7.2.4.2 *Stauros en Xylon*

Redenering uit die Skrif (1985a:254-255) stel die volgende vraag: "Waarom toon die publikasies van die Wagtoringgenootskap Jesus aan 'n paal met sy hande bokant sy kop in plaas van aan die tradisionele kruis?" Die antwoord wat op die vraag gegee word, lui dan soos volg: "Die Griekse woord wat in talle hedendaagse Bybelvertalings met 'kruis' weergegee word ('folterpaal' in NW), is *stauros*. In klassieke Grieks het hierdie woord bloot 'n regop paal aangedui. Later is dit ook gebruik vir 'n teregstellingspaal met 'n dwarsstuk."

'n Mens kan nie in vertaling bloot etimologies te werk gaan deur net te kyk na die betekenis wat 'n woord gehad het toe dit die eerste keer gebruik is, of waaruit 'n woord saamgestel is nie. Hiervolgens sou die Afrikaanse woord "vaarwel", as 'n mens bloot etimologies daarna kyk sonder om te weet hoe dit vandag gebruik word, beteken dat iemand 'n goeie vaart ("vaar" en "wel") toegewens word. Vandag het die woord egter eerder die betekenis om iemand te groet wat 'n mens nooit weer sal sien nie (hom vaarwel sê). Louw (1977:74) gee weer die voorbeeld van die woord "tuin" wat in oud-Hollands "heining" beteken het, maar vandag in Afrikaans glad nie as sinoniem vir heining gebruik word nie. So is dit ook waar dat *stauros* in Grieks 'n paal beteken het, maar dat dit later ook vir 'n kruis gebruik is. Dit erken die Jehovah-getuies klaarblyklik self wanneer hulle hierbo meld dat die woord *stauros* later ook vir 'n teregstellingspaal met 'n dwarsstuk gebruik is (WTBTS, 1985a:255).

Dat die woord *xylon* (wat "hout" beteken) ook gebruik word wanneer daar na die kruis van Christus verwys word, bewys beslis nie dat Jesus aan 'n blote paal opgehang is nie. Al wat dit sê, is dat dit waarteen Jesus vasgespyker is, van hout gemaak was. In Afrikaans word dit dan ook, byvoorbeeld in Galasiërs 3:13, met "hout" vertaal, wat geen onduidelikheid meebring dat hier eintlik na die kruis verwys word nie.

7.2.4.3 *Spykers*

As 'n mens kyk na die sketse wat die Jehovah-getuies publiseer van hoe Jesus gekruisig is, word Sy twee hande telkens bo Sy kop oor mekaar gevou getoon, met een groot spyker daardeur gekap (WTBTS, 1979b:101). As die tradisionele weergawe van die kruis as korrek aanvaar word, dit wil sê met Jesus se hande horisontaal uitgestrek, moes daar ten minste van twee spykers (een in elke hand) gebruik gemaak gewees het.

Jesus se dissipels het geweet hoe hulle Hom gekruisig het. Wanneer een van hulle, Tomas, by die ander hoor dat hulle Jesus na Sy opstanding gesien het, reageer hy in ongeloof soos volg: "As ek nie in sy hande die merk van die spykers sien en my vinger steek in die merk van die spykers en my hand in sy sy steek nie, sal ek nooit glo nie" (Joh. 20:25). Hier is dus duidelik sprake van die merk van die *spykers* (meer as een) in Jesus se hande. Dit onderskryf die tradisionele beskouing van die kruis, en bewys die sketse van die Jehovah-getuies as foutief.

7.2.4.4 Inskripsie

'n Verdere bewys dat die Bybel eerder na die tradisionele vorm van die kruis verwys as na 'n blote paal, vind 'n mens in Matteus 27:37: "En bokant sy hoof het hulle sy beskuldiging in skrif opgestel: DIT IS JESUS, DIE KONING VAN DIE JODE." Johannes 19:19 sê dat die opskrif op 'n los plank geskryf en teen die kruis vasgemaak is. Lukas 23:38 vertel weer dat die opskrif in Griekse en Romeinse en Hebreeuse letters geskryf was.

Dit sou onmoontlik gewees het om hierdie hele opskrif bokant Jesus se kop te sit (soos Matteus sê hulle gedoen het) as Hy met Sy arms bokant Sy kop uitgestrek gekruisig is soos die Jehovah-getuies beweert. Die arms sou dan die woorde toegemaak het. As die Jehovah-getuies se weergawe van 'n blote paal reg was, moes hier gestaan het dat die opskrif bokant Jesus se hande aangebring is. Dit is dan ook hoe die kruisiging in die *Ontwaak!* van 08/04/1974 (p. 14) geskets word. Die Bybel sê egter die opskrif is bokant Sy kop aangebring. As Jesus aan die bekende kruis gekruisig is, sou dit logies gewees het om die inskripsie bokant Sy kop aan te bring.

Die Bybel onderskryf dus eerder die tradisionele weergawe van die kruis, as die een wat die laaste paar dekades deur die Jehovah-getuies verkondig word.

7.2.5 FISIOLOGIESE GEGEWENS

Watters (1989:1-3) haal 'n interessante artikel aan met die opskrif *Two Questions About Crucifixion* wat in *Bible Review* verskyn het. Hierin word eksperimente met verskillende vorme van kruisiging en die gevolge daarvan weergegee. Reeds in 1925 het A.A. LeBec tot die gevolgtrekking gekom dat 'n persoon wat opgehang word met sy hande uitgestrek bo sy kop (soos die Jehovah-getuies die kruisigingsmetode van Jesus sien), binne enkele minute sal versmoor. Hierdie bevindinge van LeBec is in 1953 deur dr. Pierre Barbet onderskryf en wyd gepubliseer.

Die artikel verwys ook na eksperimente wat 'n Australiese radioloog, Herman Moedder, in die veertigerjare met mediese studente uitgevoer het. Moedder het die studente aan hul gewigte met hul arms bo hul koppe (soortgelyk aan hoe die Jehovah-getuies die kruisiging voorstel) opgehang. Binne 'n paar minute het die studente bleek geword, het hulle longkapasiteit van 5.2 na 1.5 liters geval, het hul bloeddruk afgeneem, en het hul polsslag verhoog. Moedder het daaruit tot die gevolgtrekking gekom dat dit na omtrent 6 minute in so 'n posisie heeltemal onmoontlik sou wees om meer asem te haal. Dieselfde sou met Christus die geval gewees het as Hy opgehang is op die wyse wat die Jehovah-getuies beweer.

'n Professor in patologie aan die Columbia Universiteitskollege vir Medici en Sjirurge, Frederick T. Zugibe, het deur sy mediese ondersoeke die laaste aantal jare ook tot die gevolgtrekking gekom dat 'n gekruisigde mens, met sy arms bo sy kop uitgestrek (soos die Jehovah-getuies Jesus se kruisiging voorstel) binne minute sal versmoor. Hierteenoor het Zugibe bevind dat as mense hang met hulle arms na die kante teen 60 tot 70 grade, hulle geen probleme daarmee sal ondervind om ure lank asem te haal nie.

Lukas 23:44 en Matteus 27:45-46 dui aan dat Jesus vir ten minste drie ure lewend aan die kruis gehang het. Dit sou fisiologies gesproke onmoontlik gewees het as Jesus gekruisig sou gewees het aan 'n regop paal soos die Jehovah-getuies beweer. Selfs die fisiologiese getuienis dui dus daarop dat Jesus aan 'n tradisionele kruis gesterf het (vgl. ook Edwards *et al.*, 1986:1455-1463).

7.2.6 SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING

Uit die bespreking hierbo, is dit duidelik dat daar geen enkele rede bestaan waarom aangeneem moet word dat die Here Jesus nie aan 'n kruis met die tradisionele vorm gesterf het nie. Hierteenoor is daar baie Bybelse en veral ook buite-Bybelse getuienis wat daarop dui dat die Christene nog altyd reg gehad het in hulle weergawe van die kruis.

Die Wagtoring-organisasie se motief om die kruis wat die Christendom tradisioneel gebruik as simbool van die Here se lyding as afgodsdienste te beskryf, is voor die hand liggend. Om hulle lede te laat glo dat hulle alleen die ware dienaars van God is (tipies van kultes - vgl. 2.9 & 2.10) terwyl die hele Christendom vals is, is dit handig om aan hulle lede so 'n bekende simbool in die Christelike wêreld soos die kruis voor te hou as bewys dat die Christene almal afgodsdienaars is. Daarom word hierdie minder belangrike saak - hoe die hout presies gelyk het waaraan Jesus gesterf het - beklemtoon asof dit 'n saak van wesenlike belang is.

Die Jehovah-getuies se negatiewe ingesteldheid teenoor die Christendom blyk baie duidelik uit hierdie bespreking van hulle verwerping van die kruis. Die kruis is geen heidense simbool soos hulle voorgee nie. Volgens die apostel Paulus is die kruis vir die Christen 'n simbool van die evangelie (Fil. 3:18) en van oorwinning oor die sonde (Kol. 2:14) en oor die ou natuur (Gal. 2:20; 5:24).

Vervolgens word stilgestaan by die Wagtoring-organisasie se sienings ten opsigte van die dood en opstanding van die Here Jesus.

7.3 HET JESUS CHRISTUS OPGESTAAN UIT DIE DOOD?

7.3.1 INLEIDEND

Anders as die vraag presies hoe die Here Jesus se kruis gelyk het, is die leerstelling oor Sy opstanding een van die bepalende sake waaruit vasgestel kan word of mense 'n dwaalleer aanhang (vgl. König, 1980:172). Paulus sê in 1 Korintiërs 15 dat dit vir die Christene van die grootste belang is om vas te hou aan die ware weergawe van die opstanding van Christus. Hulle wat dit nie doen nie glo tevergeefs (vs. 2, 14), is valse predikers en getuies (vs. 14-15), is steeds in die sonde (vs. 17) en is verlore (vs. 18).

In hierdie onderafdeling word die argumente van die Jehovah-getuies dat Jesus nie as 'n fisiese mens opgestaan het nie maar deur God herskep is as 'n geestelike wese, op grond van die Bybel geweeg. Verder word gekyk na wat die Bybel alles leer oor die dood en opstanding van die Here Jesus en na die vraag Wie Hom opgewek het. Hieruit word dan 'n gevolgtrekking gemaak oor of die Jehovah-getuies se leer oor die opstanding van die Here Jesus ooreenstem met wat die Bybel leer of nie.

7.3.2 ARGUMENTE VAN DIE JEHOVAH-GETUIES

7.3.2.1 Inleidend

Die argumente van die Jehovah-getuies dat Jesus nie fisies-liggaamlik opgestaan het nie, berus op basies twee sake. Die eerste is dat Hy Sy fisiese liggaam ter wille van die verlossing van die mensdom opgeoffer het. Die tweede is dat Hy as 'n Gees opgewek is. Op hierdie twee argumente word vervolgens ingegaan.

7.3.2.2 Sy fisiese liggaam is geoffer

7.3.2.2.1 Eenmalige offer

* *Hebreërs 10:10:*

Op grond van die eenmalige offer van "die liggaam van Jesus Christus" vir ons sondes wat hier beskryf word, argumenteer die Jehovah-getuies dat iets wat eenmalig ter wille van ander opgeoffer is, nie weer teruggeneem kan word nie: "Jesus het dus sy vleeslike liggaam ter wille van die mensdom geoffer. Hoe lank sou daardie offer van krag wees? . . . eens en vir altyd (Heb. 10:10). Nadat Jesus sy vlees vir die wêreld gegee het, kon hy dit nooit weer terugneem en weer 'n mens word nie. Om daardie basiese rede is dit vir hom onmoontlik om terug te keer met die menseliggaam wat hy eens en vir altyd as offer gebring het" (WTBTS, 1982:3).

As 'n mens iets offer of opoffer, dan beteken dit nie noodwendig dat jy dit nooit weer kan terugkry nie. In Johannes 10:17 sê Jesus dat Hy sy "lewe aflê om dit weer te neem". Indien die argument van die Jehovah-getuies deurgetrek word, beteken dit dat Jesus ook nie Sy lewe kon terugneem wat Hy geoffer het nie. Dan moes Jesus nie meer bestaan het nie, en kon Hy nie eers as Gees opgestaan het nie. Jesus het egter die "mag om dit weer op te neem" (Joh. 10:18). Sy offer is dus geen nederlaag nie, maar 'n oorwinning. Wat wel waar is, is dat hierdie offer wat Jesus gebring het so volmaak was dat dit, anders as die Ou-Testamentiese offers, net eenmalig hoef te gebeur het (Grosheide, 1935:115).

"Offer" beteken nie totale vernietiging nie. Aan die kruis toe Jesus Homself vir ons geoffer het, is Sy liggaam nie totaal vernietig nie. Die offer was volmaak. Die lewe is op 'n verskriklike manier uit Sy liggaam getap. Liggaamlik was Hy gebreek. Dit was egter nie onverwags nie, Jesus het vooruit gesê dat dit sou gebeur. Maar nog meer as dit. Hy het ook vooruit gesê dat Hy na hierdie eenmalige offer - die breek - van Sy liggaam, Sy liggaam weer gaan oprig. Die dood sal nie die finale oorwinning oor Sy liggaam smaak nie. Daarom sê Hy in Johannes 2:19-22: "Breek hierdie tempel af, en in drie dae sal Ek dit oprig. . . . Hy het oor die tempel van sy liggaam gespreek. En toe Hy opgestaan het uit die dode, het sy dissipels onthou dat Hy dit vir hulle gesê het."

7.3.2.2.2 "Vlees en bloed" kan nie die koninkryk beërwe nie

* 1 Korintiërs 15:50:

Hier staan dat "vlees en bloed die koninkryk van God nie kan beërwe nie". Omdat Jesus beslis deel in die koninkryk van God, lei die Jehovah-getuies hieruit af dat Hy nie meer 'n liggaam van vlees en bloed kan hê nie (*Ontwaak!*, 22/07/1973:4).

As dit hier gaan om die substansies "vlees" (vleis) en "bloed" wat nie in die koninkryk van God toegelaat word nie, dan kon hierdie argumente van die Jehovah-getuies meriete gehad het. As 'n mens egter gaan kyk na ander plekke in die Nuwe Testament waar van "vlees en bloed" gepraat word, is dit duidelik dat dit 'n uitdrukking is waarmee 'n gewone mens beskryf word (vgl. Matt. 16:17, Gal. 1:16, Ef. 6:12). Dit is dus nie die wesenlike substansies van 'n mens se liggaam, vleis en bloed, wat nie kan deel in die koninkryk van God nie, maar die mens self wat nie daarin kan deel nie (Grosheide, 1954:205).

1 Korintiërs 15 dui nie aan dat die mens 'n gees moet word voordat hy die koninkryk van God kan beërwe nie. Uit Kolossense 1:13 blyk dat gelowiges reeds geestelik in die koninkryk van God deel. Wat wel gesê word, is dat iets moet gebeur voordat 'n mens ("vlees en bloed") die koninkryk van God kan beërwe. Die verganklike liggaam moet naamlik met onverganklikheid beklee word (vs. 50b, 53).

Jesus sê self dat Hy na Sy opstanding steeds 'n fisiese liggaam ("vlees en bene") het (Luk. 24:39). Maar Sy voorheen verganklike en sterflike liggaam is van sy opstanding af met onverganklikheid en onsterflikheid beklee (1 Kor. 15:50-53). Dit is waaroor dit in vers 50 gaan. Daarom juig vers 54: "Die dood is verslind in die oorwinning."

7.3.2.3 'n Geesliggaam is voortgebring

7.3.2.3.1 Sy opwekking as Gees

* Johannes 20:19 en 26:

Die feit dat Jesus in 'n kamer kon inkom terwyl die deure gesluit was, duik dikwels in gesprekke met Jehovah-getuies op as 'n bewys dat Jesus 'n gees sonder 'n fisiese liggaam is. Jesus het egter al voor Sy dood soortgelyke wonderlike dinge gedoen, byvoorbeeld deur op water te loop. Toe het die dissipels al gedink hulle sien 'n spook (Matt. 14:26). Dit beteken egter nie dat Jesus nie 'n fisiese mens is as Hy op water loop of as Hy inkom in 'n vertrek wat gesluit is nie. 'n Gewone fisiese mens soos Filippus word dan skielik

deur die Heilige Gees weggevoer na heeltemal 'n ander plek (Hand. 8:39-40). Ook hierdie argumentasie van die Jehovah-getuies is geen bewys dat Jesus net as 'n gees opgestaan het nie. Hy ontken dan self dat Hy 'n gees is (Luk. 24:37-39). Groenewald (1980:402) som hierdie gebeurtenis goed op: "Al verskyn Jesus in 'n menslike liggaam, dieselfde liggaam wat aan die kruis gemartel is, is dit tog ook die verheerlikte opstandingsliggaam wat nie meer aan ruimte en tyd gebonde is nie. Hy kan dus kom en gaan al is die deure gesluit."

* *1 Korintiërs 15:45:*

Hierdie vers word graag deur Jehovah-getuies gebruik om te bewys dat Jesus as Gees opgestaan het (WTBTS, 1985a:320): "Die eerste mens, Adam, het 'n lewende siel geword; die laaste Adam 'n lewendmakende Gees."

Uit 1 Korintiërs 15 as geheel blyk egter duidelik dat Jesus na Sy opstanding steeds mens is met 'n fisiese liggaam (1 Kor. 15:4, 17-22, 51-54 - vgl. 7.3.3.2.3, 7.3.3.3.2, 7.3.4.2). Paulus sou homself nie (en dit nogal in dieselfde hoofstuk) hieroor weerspreek het nie. En Paulus sou Jesus wat na Sy opstanding pertinent ontken het dat Hy 'n gees is, ook nie in Gods Woord weerspreek het nie (Luk. 24:37-39).

Vers 45 sluit nie Jesus se menswees uit nie, daar word nie 'n teenstelling gemaak tussen 'n fisiese liggaam en 'n geestelike liggaam nie. In hierdie vers word oor 'n heeltemal ander gedagte gehandel, naamlik 'n teenstelling tussen die eerste mens, Adam, en die laaste of tweede Adam. Adam beteken "mens". Hier word na twee mense verwys (vgl. vs. 47). Die eerste "het 'n lewende siel geword". Dit verwys kennelik na Genesis 2:7 wat sê: "En die Here God het die mens geformeer uit die stof van die aarde en in sy neus die asem van die lewe geblaas. So het die mens 'n lewende siel geword." Al word die eerste mens, Adam, 'n "lewende siel" genoem, hef dit beslis nie op dat hy 'n fisies-liggaamlike mens was nie. Al word Jesus daarteenoor 'n "lewendmakende Gees" genoem, hef dit ook nie op dat Hy 'n fisies-liggaamlike mens is nie.³ Die fisies-liggaamlike Jesus is nie maar net 'n "lewende siel" soos enige ander mens nie, maar Hy is 'n "lewendmakende Gees"! Hierdie gedeelte in 1 Korintiërs 15 stel dus die aardse mens, Adam, teenoor die hemelse Mens, Jesus (vs. 47-48); oftewel die verganklike mens teenoor die onverganklike Mens (vs. 50-55; vgl. Grosheide, 1954:201-209).

* *1 Petrus 3:18:*

Die Jehovah-getuies voer aan dat Jesus nie "deur die Gees" lewend gemaak is nie (soos die Afrikaanse vertalings dit weergee), maar "in die gees". Dit beteken dan volgens hulle

dat "by sy opstanding uit die dood . . . Jesus met 'n geesliggaam voortgebring (is)" (WTBTS, 1985a:320).

Beide vertalings is moontlik en kom eintlik op dieselfde neer. Selfs as dit vertaal word dat Christus "in die gees" lewend gemaak is, beteken dit nie dat Hy "as 'n gees" lewend gemaak is nie. "Deur die Gees" en "in die Gees" kom op dieselfde werking van die Heilige Gees neer, as dit byvoorbeeld vergelyk word met Romeine 8:8-11 en Johannes 4:24.

In Romeine 8:8-9a sê Paulus vir die gelowiges in Rome, gewone mense van vlees en bloed: "En die wat in die vlees is, kan God nie behaag nie; julle is egter nie in die vlees nie, maar in die Gees, as naamlik die Gees van God in julle woon." Die gelowiges in Rome was tog nie geestespersone met geesliggame nie. Tog sê Gods Woord hulle is "in die Gees". Dit moet 'n ander betekenis hê as wat die Jehovah-getuies daaraan wil gee (vgl. Hendriksen, 1980:248-253). Die werklike betekenis word dan ook duidelik hier gegee: ". . . julle is . . . in die Gees, as naamlik die Gees van God in julle woon." Dit is duidelik ook die geval met die Here Jesus Christus. Hy is "lewend gemaak deur (en in) die Gees" (1 Pet. 3:18) - nie ás gees nie.

7.3.2.3.2 *Dat mense Hom nie herken het nie*

* *Johannes 20:11-18:*

Hier lees 'n mens dat Maria Magdalena Jesus na Sy opstanding eers nie herken het nie (vs. 14): "En toe sy dit gesê het, draai sy haar om agtertoe en sien Jesus staan, en sy het nie geweet dat dit Jesus was nie." Die Jehovah-getuies beweer dat sy Jesus dadelik sou herken het as Hy werklik met Sy selfde fisiese liggaam opgestaan het.

Dat hierdie argument van die organisasie ook nie 'n noodwendigheid is nie, kan gesien word uit die volgende moontlike redes waarom sy Hom nie dadelik herken het nie:

- Dit was waarskynlik nog donker (Joh. 20:1).
- Haar oë was vol tranes en sy was baie hartseer (Joh. 20:11).
- Sy verganklike liggaam was met onverganklikheid bekleed, was verheerlik en nie meer vernederd nie (Fil. 3:20-21), en het dus om logiese redes nie presies dieselfde gelyk as voor Sy dood nie (vgl. ook Luk. 24:41).
- Sy het beslis nie vir Jesus agter haar verwag nie en het daarom nie behoortlik na Hom gekyk nie, maar na 'n skramse omkyk toe sy Hom agter haar hoor, haar oë

op die oop graf en die engele daar gehou. Toe Jesus egter met Sy bekende stem vir haar "Maria" sê, staan daar dat sy haar omgedraai en Hom herken het (Joh. 20:16; vgl. Bouma, 1950b:196-197).

* *Lukas 24:13-35:*

Anders as in die geval van Maria Magdalena, het 'n mens hier met twee volgelinge van die Here Jesus te doen, die sogenaamde Emmaüsgangers, wat helder oordag saam met Jesus gereis en Hom nie herken het nie. Die rede hiervoor was egter nie dat Hy liggaamlik só anders was dat hulle Hom nie kon herken nie. Nee, hulle sou Hom beslis herken en daarom lees 'n mens (Luk. 24:16) "hulle oë is weerhou, sodat hulle Hom nie kon herken nie". Dit was dus nie Sy liggaam wat so anders was nie (wel 'n verheerlikte liggaam), maar die groot probleem was by hulle oë (Greijdanus, 1941b:286). Toe hulle oë egter nie meer weerhou is om Hom te sien nie, het hulle Hom herken (Luk. 24:31). Hier kry 'n mens dus 'n verdere bewys dat Jesus werklik opgestaan het uit die dood, met Sy eie fisiese liggaam.

7.3.2.4 **Gevolgtrekking**

Geen van die verse wat die Jehovah-getuies gebruik om te bewys dat die mens Jesus vir ewig dood is en dat Hy slegs as geespersoon herskep is, bewys hierdie oortuiging nie. Die teendeel blyk telkens 'n moontlikheid te wees, naamlik dat die mens Jesus Christus uit die dood opgestaan het met Sy eie fisiese liggaam wat met onverganklikheid bekleed is.

Vervolgens word gekyk na ander Bybelgegewens om daaruit te probeer vasstel hoe die Here Jesus werklik opgestaan het.

7.3.3 *BYBELGEGEWENS OOR JESUS SE OPSTANDING*

7.3.3.1 **Die leë graf**

Jesus se leë graf op die opstandingsdag is een van die belangrikste bewyse dat Jesus werklik fisies-liggaamlik opgestaan het. As Hy bloot as geestelike skepsel herskep is, moes Sy fisiese liggaam steeds in die graf gewees het. Maar die steen voor die bek van die graf was daardie Sondagoggend weggeskuif, en die graf was duidelik leeg. Net die doeke wat om Sy liggaam was, het nog daar gelê (Luk. 24:1-2, 12).

Om nie hulle leerstelling te verander dat Jesus nie liggaamlik uit die dood opgestaan het nie, leer die Jehovah-getuies dat "God Jesus se liggaam uit die graf verwyder het" (WTBTS, 1982:144).

Hierdie siening van die Wagtoring-organisasie dat Jesus se liggaam deur God verwyder (en vernietig) is, het geen Bybelse gronde waarop dit rus nie. Om die waarheid te sê, dit is baie dieselfde as die verhaal wat onder die Jode versprei is, naamlik dat die dissipels die liggaam gesteel het (Matt. 28:11-15). Soos die wagte moes ontken dat Hy liggaamlik opgestaan het, so ontken die Jehovah-getuies dit ook vandag.

Jesus se liggaam is egter nie deur die dissipels of deur God self verwyder nie. Jesus het liggaamlik opgestaan! Juis die leë graf is hiervan 'n bewys:

* *Matteus 28:5-7:*

Die engel sê dat "Jesus wat gekruisig is" nie meer in die graf is nie, "want Hy het opgestaan soos Hy gesê het". Dan nooi die engel die vroue uit om self te kom kyk in die graf en te sien dat Hy nie daar is nie: "Hy is nie hier nie, want Hy het opgestaan soos Hy gesê het. Kom kyk na die plek waar die Here gelê het." Die engel sê dus baie duidelik dat Hy wat daar gelê het nie meer daar is nie, maar opgestaan het.

* *Lukas 24:1-10:*

'n Mens lees hier van *vroue* wat "in verleentheid was" omdat "die liggaam van die Here Jesus" nie meer in die graf was nie. Die twee manne in blink klere (engele) vra dan vir hulle: "Waarom soek julle die Lewende by die dooies? Hy is nie hier nie, maar Hy het opgestaan." Duidelik sê die engele aan die vroue dat Sy liggaam wat hulle in die graf kom soek het nie vernietig is nie, maar lewend is en opgestaan het. Jesus is liggaamlik nie meer daar nie, want Hy lewe weer - Hy het opgestaan. Dít is die betekenis van die leë graf.

* *Lukas 24:10-12 en Johannes 20:3-10:*

Hier lees 'n mens dat *die dissipels* nie wou glo dat Jesus liggaamlik opgestaan het nie (Luk. 24:11). Tog hardloop Petrus en Johannes graf toe om self te gaan kyk (Luk. 24:12 & Joh. 20:3-4) en sien dat die liggaam weg is, maar sonder die kledingstukke wat Hom bedek het (Joh. 20:5-8). En dan gee Johannes 20:9 die rede waarom die dissipels die oop graf moes sien, naamlik sodat hulle kon "verstaan" dat Hy uit die dood opgestaan het.

Vir sowel *die engel* en *die vroue* as *die dissipels* was die oop graf dus 'n bewys daarvan dat Jesus waarlik liggaamlik uit die dood opgestaan het. Die Jehovah-getuies leer egter dat

"God nie die fisiese liggaam in die graf gelaat het nie, klaarblyklik om die dissipels se oortuiging te versterk dat Jesus waarlik opgewek is" (WTBTS, 1985a:238). Die volgende vrae wys egter die swak plekke in hierdie redenasie uit:

- Waarom sou God die dissipels onder 'n valse indruk wou bring dat Jesus liggaamlik opgewek is?
- Waarom sê die engel aan die vroue dat die liggaam wat hulle soek nie vernietig is nie, maar dat Hy opgewek is en lewe, en nooit hy hulle selfs uit om te kom kyk waar die liggaam gelê het?
- Wie of wat van die Here is "opgewek" as sowel die liggaam as die gees van Jesus vernietig sou wees soos wat die Jehovah-getuies leer?

Nee, die leë graf is die bewys dat die Here Jesus lewe: "Hy is nie hier nie, maar Hy het opgestaan" (Luk. 24:6).

7.3.3.2 Die fisies-liggaamlike Jesus

Nie net Sy leë graf is 'n bewys daarvan dat Jesus liggaamlik opgestaan het nie. Jesus bewys dit self deur byvoorbeeld Sy fisiese liggaam - met die merke van die spykers van die kruis steeds daarin - aan Sy dissipels te wys.

7.3.3.2.1 Voor Jesus se kruisiging

* *Johannes 2:19-22:*

Hier praat Jesus self, lank voor Sy kruisiging en dood, daarvan dat Hy met Sy eie fisiese liggaam uit die dood sal opstaan: "Jesus antwoord en sê vir hulle: Breek hierdie tempel af, en in drie dae sal Ek dit oprig. . . . Maar Hy het oor die tempel van sy liggaam gespreek. En toe Hy opgestaan het uit die dode het sy dissipels onthou dat Hy dit vir hulle gesê het; en hulle het die Skrif geglo en die woord wat Jesus gespreek het."

Die Jode het gedink Jesus praat van die tempel in Jerusalem, maar Jesus het van "die tempel van sy liggaam gespreek". Die Jode sou nooit droom om die tempel in Jerusalem af te breek nie - inteendeel. Maar hulle sou wel iets baie heiliger - die liggaamlike Jesus - "afbreek" aan die kruis. Jesus sê dan dat Hy *dit wat afgebreek is* - Sy liggaam - weer gaan oprig. Dat dit plaasgevind het met Sy opstanding uit die dood, is duidelik uit Johannes se kommentaar dat die dissipels dit ook so verstaan het "toe Hy opgestaan het uit die dode" (Joh. 2:22).

* *Matteus 28:6 en Lukas 24:6-8:*

In hierdie verse beklemtoon die engel by Jesus se leë graf dat Hy vooruit gesê het dat Hy liggaamlik gaan opstaan. Hy nooi as bewys selfs die vroue uit om te kom kyk waar Jesus gelê het: "Hy is nie hier nie, want Hy het opgestaan *soos Hy gesê het*. Kom kyk na die plek waar Hy gelê het."

7.3.3.2.2 *Na Jesus se opstanding, voor Sy hemelvaart*

Jesus het nie net voor Sy kruisiging gesê Hy gaan liggaamlik opstaan nie. Hy het ook na Sy opstanding beklemtoon dat Hy steeds 'n fisiese liggaam het (wat nou met "onverganklikheid beklee" is - 1 Kor. 15:53):

* *Lukas 24:36-49:*

Hier wys Jesus self die leerstelling van die Jehovah-getuies dat Hy as 'n geestespersoon opgewek is direk af. Wanneer die gestorwe Jesus ewe skielik in die midde van Sy dissipels is, dink hulle onmiddellik "dat hulle 'n gees sien" (vs. 37). Hulle dink dus dit wat die Jehovah-getuies vandag leer, naamlik dat Hy slegs 'n "geespersoon" met 'n "geesliggaam" is (WTBTS, 1982:144).

Jesus ontken egter dat Hy 'n geespersoon is en sê dat Hy juis ook fisies-liggaamlik (selfs Sy hande en Sy voete) presies dieselfde persoon is (Luk. 24:39-40): "Kyk na my hande en my voete, want dit is Ek self. Voel aan My en kyk; want 'n gees het nie vlees en bene soos julle sien dat Ek het nie. En terwyl Hy dit sê, wys Hy hulle sy hande en sy voete." 'n Mens kan op grond van Johannes 20:20, 25 en 27 verseker weet dat Jesus hulle juis Sy hande en voete gewys het, omdat die merke van die spykers nog daarin was. Dit is 'n bewys dat dieselfde liggaam wat gekruisig is, waarlik die een is wat opgestaan het.

Die dissipels reageer met ongelooflike blydschap daarop dat dit werklik dieselfde fisies-liggaamlike Jesus is wat nou weer terug in hul midde is (Luk. 24:41). Hoe anders is dit nie as net vantevore toe hulle nog gedink het hulle sien 'n geespersoon en "verskrik en baie bang" (Luk. 24:37) was nie.

Omdat dit vir die dissipels toe nog te goed is om waar te wees dat Jesus werklik die dood oorwin het, dat dit werklik Hy self is wat fisies daar voor hulle staan, dat Hy werklik liggaamlik opgestaan het en nie 'n gees is nie, eet Hy gewone, fisiese kos "voor hulle oë" (Luk. 24:41-43).

Dit is belangrik om raak te sien dat die dissipels ongelowig was toe hulle gedink het Jesus is 'n geespersoon. Jesus verwyt hulle juis daarvoor, want dit beteken dat hulle nie

geglo het dat Hy werklik die opgestane Christus is nie. Eers nadat die fisiese bewyse gegee is, het hulle geglo aan Sy liggaamlike opstanding.

Dan stuur Jesus hulle uit om "getuies van hierdie dinge" te wees (Luk. 24:46-48): ". . . so moes die Christus ly en op die derde dag uit die dode opstaan . . . En julle is getuies van hierdie dinge." Die dissipels moet dus onder andere daarvan getuies wees (vgl. 1 Joh. 1:1-4) dat dieselfde Christus wat fisies as mens liggaamlik gely het, fisies as mens liggaamlik opgestaan het (Greijdanus, 1941b:299-301).

* *Johannes 20:20-29:*

Hier word dit weereens sterk beklemtoon dat Jesus met Sy eie fisiese liggaam opgestaan het, aangesien Sy liggaam in die verheerlikte vorm wat dit nou gehad het, steeds die littekens van die kruis gedra het. Die gate was nog net so daar, maar deurdat Sy sterflike liggaam "met onsterflikheid bekleed" is, kon dit geen pyn of skok meer veroorsaak nie.

Om te beklemtoon dat dit werklik fisies Hy is, wys Jesus vir Sy dissipels die merke van die kruisiging in "sy hande en sy sy" (Joh. 20:20). Weereens lees 'n mens dat dit die dissipels bly gemaak het, want hul het besef dit was werklik Hy.

Jesus was beslis nie hier besig om Sy dissipels 'n rat voor die oë te draai (waarop die Jehovah-getuies se leerstelling neerkom) deur vir die geleentheid in 'n liggaam met die regte gate in te verskyn, sodat hulle verkeerdelik kon dink Hy het fisies-liggaamlik opgestaan nie.

'n Mens sien dit juis ook in hoe Hy op Tomas se ongelooft reageer. Tomas was nie by toe die Here Hom die eerste keer aan Sy dissipels getoon het nie. Op hulle opgewonde vertelling dat hulle "die Here gesien" het, reageer hy dat hy die bewyse wil sien dat dit werklik Jesus was wat met Sy eie liggaam opgestaan het. Die fisies-liggaamlike bestaan van Jesus is die enigste bewys wat hy sal aanvaar dat Jesus werklik opgestaan het (Joh. 20:25, 29). Jesus moet fisies sigbaar en voelbaar (vgl. weer Luk. 24:39) dieselfde mens wees wat gesterf het: "As ek nie in sy hande die merk van die spykers sien en my vinger steek in die merk van die spykers en my hand in sy sy steek nie, sal ek nooit glo nie."

Hoewel Jesus Tomas sy ongelooft verwyt, moedig Hy Tomas aan om self te sien, te voel, en so te glo dat Hy waarlik liggaamlik (en nie as gees nie) opgestaan het (Joh. 20:27). Teenoor Tomas wat moes *sien* voordat hy geglo het dat Jesus werklik opgestaan het, sê die Here dat diegene salig is "wat nie gesien het nie en tog geglo het".

Wanneer Tomas nou besef Jesus het werklik ook as mens opgestaan, noem hy Jesus "(m)y Here en my God". Net 'n mens wat waarlik tegelykertyd ook God is, kan self die

dood so oorwin. Groenewald (1980:406) sê dan ook dat Tomas die Here ook as "my God" aanspreek, want "deur die opstanding is dit geopenbaar dat Hy ook God is".

7.3.3.2.3 *Na Sy hemelvaart*

Ook na Jesus se hemelvaart leer die Bybel dat Hy steeds mens is (vgl. 7.3.3.3 hieronder) en dat Hy fisies opgestaan het:

* *Handelinge 13:29-30:*

Hier verduidelik Paulus aan die Jode dat Hy wat "van die kruishout afgehaal en in 'n graf neergelê" is (kennelik die liggaam van Jesus), "uit die dode opgewek" is.

* *1 Korintiërs 15:4:*

Hier stel Paulus dat Hy wat begrawe is, ook Hy is wat opgewek is: "... en dat Hy begrawe is, en dat Hy op die derde dag opgewek is volgens die Skrifte". Dit is tog die liggaam van die Here wat begrawe is. Hy was toe reeds dood. Dan is dit mos ook Sy liggaam wat opgewek is (vgl. König, 1980:173-174).

* *1 Korintiërs 15:20-22:*

Volgens De Bruyn (1974:9) sê Paulus hier "onomwonde dat Christus as mens en derhalwe ook met 'n menslike liggaam opgestaan het". Deur hierdie mens word die gelowiges ook eendag opgewek: "Christus is opgewek uit die dode; Hy het die eersteling geword van die wat ontslaap het. Want aangesien die dood deur 'n mens is, is die opstanding van die dode ook deur 'n mens. Want soos hulle almal in Adam sterwe, so sal hulle ook almal in Christus lewend gemaak word..."

7.3.3.3 *Steeds mens*

Die Jehovah-getuies leer al sedert hulle ontstaan "the man Jesus is dead, forever dead" (WTBTS, 1899:454). En van Sy wederkoms sê hulle die volgende (WTBTS, 1956:191): "Jesus Christus kom weer, nie weer as 'n mens nie, maar as 'n heerlike gees-persoon." Hierteenoor leer die Bybel dat Jesus selfs na Sy hemelvaart steeds mens is.

7.3.3.3.1 *Steeds mens na Sy hemelvaart*

* *Kolossense 2:9:*

"Want in Hom [Christus, vgl. vs. 8 - HGS] woon al die volheid van die Godheid liggaamlik." Hier praat Paulus weer van Christus as liggaamlike mens, 'n paar jaar na Sy hemelvaart. Jesus is steeds tegelykertyd God en mens, soos wat Hy ook op die aarde was (Matt. 1:23), want "al die volheid van die Godheid" woon "liggaamlik" in Hom.

* *1 Timoteus 2:5:*

Na Sy hemelvaart praat Paulus hier nog steeds van "die mens Christus Jesus". Die Jehovah-getuies se eie vertaling van die Bybel (WTBTS, 1984a:1479) bring die skerp kontras tussen hulle siening, "the man Jesus is dead, forever dead", en die Bybel na vore: "For there is one God, and one mediator between God and men, a man, Christ Jesus." Die logiese gevolgtrekking wat hieruit gemaak kan word, is dat die Middelaar vir die Jehovah-getuies dood is. Hierteenoor sê hierdie vers in 1 Timoteus 2 baie duidelik dat Jesus steeds Sy menslike natuur behou het - nie net na Sy opstanding uit die dood nie, maar ook na Sy hemelvaart.

7.3.3.3.2 *Steeds mens met Sy wederkoms*

* *Handelinge 1:11:*

Twee engele sê met die hemelvaart van die Here Jesus aan Sy dissipels: "Hierdie Jesus wat van julle opgeneem is in die hemel, sal net so kom soos julle Hom na die hemel sien wegvaar het." Dit hou volgens Grosheide (1950a:13) in dat Jesus "zal komen op geheel dezelfde wijze, als God en mens, lichamelijk zichtbaar, maar dan van den hemel naar de aarde".

* *Handelinge 17:31:*

Wanneer Hy weer kom om te oordeel, kom Jesus as mens. Paulus sê dat God "'n dag bepaal het waarop Hy die wêreld in geregtigheid sal oordeel deur 'n Man wat Hy aangestel het, en Hy het hiervan aan almal sekerheid gegee deur Hom uit die dode op te wek". Dit is dieselfde mens, Jesus, wat gesterf het op Golgota en daarna opgestaan het uit die dood, wat weer kom as Regter om die wêreld te oordeel. Net soos die Jehovah-getuies vandag, wou die meeste Ateners wat toe na Paulus geluister het, nie glo dat 'n mens (in die ware sin van die woord) uit die dood opgestaan het nie (Hand. 17:32).

Dit is nie 'n uitgemaakte saak of hierdie vers op die eerste koms of die wederkoms van die Here dui nie. Die *New World Translation* (WTBTS, 1984a:1521) se vertaling van die vers laat dit klink asof die Jehovah-getuies vir laasgenoemde opsie kies. Daarom word dit in hierdie onderafdeling behandel.

Watters (1987b:133) wys daarop dat Johannes hier waarsku teen die gnostisistiese "verleiers" wat geglo het dat die fisiese ondergeskik is aan die geestelike, en eintlik sleg is. Hieruit het die leer voortgekom dat daar nie 'n fisies-liggaamlike opstanding gaan wees nie, want God sal nie so iets slegs soos 'n liggaam weer aan Sy kinders gee nie. Johannes beklemtoon dan dat Jesus, wanneer Hy kom om te oordeel, self fisies-liggaamlik kom (Grijdanus, 1934:148). Soos reeds gesê, beklemtoon die Jehovah-getuies se eie Bybelvertaling dit ook en impliseer dié vertaling dat hulle afwysing van Jesus se fisies-liggaamlike wederkoms antichristelik is: "For many deceivers have gone forth into the world, persons not confessing Jesus Christ as coming in the flesh. This is the deceiver and the antichrist" (WTBTS, 1984a:1521).

7.3.3.4 'n Onverganklike verheerlikte liggaam

Daar mag egter nooit vergeet word dat daar tog 'n verandering by die liggaam van Jesus ingetree het nie. Sedert die sondeval is die mens aan verganklikheid onderworpe - is die mens sterflik (Gen. 2:17). Daarom moet alle mense sterf. Alleen deur te sterf en weer opgewek te word uit die dood, of deur verander te word van sterflik na onsterflik by die wederkoms van Christus, kan die sterflike liggaam onsterflik word. So beskryf Paulus dit aan die Korintiërs (1 Kor. 15:51-53): "Kyk ek deel julle 'n verborgenheid mee: ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word, in 'n oomblik, in 'n oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word. Want hierdie verganklike moet met onverganklikheid beklee word, en hierdie sterflike moet met onsterflikheid beklee word." Dit is duidelik "*hierdie* verganklike", oftewel "*hierdie* sterflike" liggaam wat "onverganklik" of "onsterflik" gemaak word. Dit is nie 'n ander geesliggaam wat geskep word nie.

Hierdie onverganklike liggaam van ons Here Jesus word in Filippense 3:20-21 'n verheerlikte liggaam genoem: "Want ons burgerskap is in die hemel, van waar ons ook as Verlosser verwag die Here Jesus Christus, wat ons vernederde liggaam van gedaante sal verander, om gelykvormig te word aan sy verheerlikte liggaam." Dit is dieselfde "vernederde liggaam" van ons Here Jesus Christus wat met Sy opstanding 'n

"verheerlikte liggaam" geword het. Hy is steeds 'n mens met Sy verheerlikte liggaam, en Hy sal so weer kom om die gelowiges se "vernederde liggaam van gedaante (te) verander" om ook 'n "verheerlikte liggaam" te hê soos Hy (Hendriksen, 1977:184-185).

7.3.3.5 **Gevolgtrekking**

Christus het die dood oorwin. Sy verganklike en sterflike fisiese liggaam het uit die dood opgestaan en is met onverganklikheid en onsterflikheid bekleed. Die liggaam wat afgebreek is, is binne drie dae weer deur Jesus opgebou (Joh. 2:19, 21). Omdat dit nie meer sterflik is nie, is dit om logiese redes ook nie meer aan dieselfde beperkinge onderworpe as 'n sterflike liggaam nie. Boonop is Jesus steeds ook tegelykertyd God. Daarom kon Hy fisies kom en gaan soos Hy wou (Joh. 21:14 & Hand. 10:40-41) - selfs waar die deure gesluit was (Joh. 20:19, 26). Wanneer Hy egter ewe skielik in Sy dissipels se midde is, verseker Hy hulle baie duidelik dat Hy nie 'n gees is nie, maar 'n fisiese liggaam het (Luk. 24:37 e.v. & Joh. 20:20, 27).

7.3.4 *OPGEWEK OF HERSKEP?*

7.3.4.1 **Vir die Jehovah-getuies beteken opwek herskep**

Die Jehovah-getuies sê dat hulle glo dat Jesus "opgewek" is uit die dood (WTBTS, 1985a:319-323). Hulle gee egter 'n ander inhoud aan "opwek" as wat gewoonweg daaronder verstaan word. Dat Jesus "opgewek" is, beteken vir hulle dat Hy "herskep" is.⁴ Na Sy dood het Jesus volgens hulle nie bewustelik voortbestaan nie. Al wat van Hom oor was, was Sy liggaam, en dit is deur God uit die graf verwyder en vernietig (WTBTS, 1982:144). Daar het dus niks van Jesus oorgebly nie. Na drie dae is Jesus as 'n geestelike wese herskep (sonder 'n fisiese liggaam). Die mens Jesus Christus is vir ewig dood: "He died upon the cross as a man and must, as a man, for ever remain dead" (WTBTS, 1927:204).

Die Jehovah-getuies leer dus geen opstanding of selfs opwekking van Jesus Christus in die ware sin van die woord nie. Hulle praat wel graag van opstanding of opwekking, sodat dit klink asof hulle aan hierdie belangrike Bybelse leerstelling vashou. Wat hulle egter inderwaarheid leer, is dat Jesus totaal en al (na liggaam en gees) vernietig is met en na Sy dood, en op die derde dag deur Sy Vader herskep is. *Laat God waaragtig wees* (WTBTS, 1956:38-39) sê dat Hy deur God as 'n "onsterflike gees-Seun" opgewek is, en dat Hy as gees "vir veertig dae daarna . . . gematerialiseer (het), soos engele voor hom gedoen het, om hom lewendig aan sy dissipels as getuies te vertoon".

7.3.4.2 Volgens die Bybel beteken opwek opwek

Die Jehovah-getuies erken self "*anastasis*", die Griekse woord wat met 'opstanding' vertaal word, beteken letterlik "'n wederopstanding' en dit sien op 'n herryding uit die dood" (WTBTS, 1985a:319). Dit sluit aan by *The New International Dictionary of New Testament Theology* (Coenen, 1979a:259) wat *anastasis* definieer as "resurrection". Hier word niks van 'n herskepping (of iets wat daarop neerkom) gemeld nie.

Net iemand of iets wat gesterf het, kan weer opgewek word. *Die Wagtoring* van 15/12/1981 (pp. 16-17) beklemtoon dit ook self: "In order to rise again to life, a person must first be dead, for life is the opposite of death." Iemand of iets wat nie gesterf het nie, kan nie uit die dood opgewek word nie.

As die Jehovah-getuies dus reg is dat die mens Jesus Christus vir ewig dood is, het Jesus nooit uit die dood opgestaan nie. In Sy plek het 'n geestelike wese gekom (WTBTS, 1944:258), 'n nuwe skepsel wat ook Jesus genoem word. Dit is geen opstanding of opwekking nie.

Dit is die mens Jesus Christus wat gesterf het. 1 Korintiërs 15:3-4 sê dat Hy wat gesterf het, Hy is wat begrawe is; en dat Hy wat begrawe is, Hy is wat opgewek is. Wie is begrawe anders as die fisies-liggaamlike Jesus? Dit is tog Sy fisiese liggaam wat in die graf gelê is en wat dus opgestaan het. Die Bybel sê verder dat diene wat nie glo dat Hy uit die dood opgewek is nie, steeds deur hulle sondes verlore gaan (1 Kor. 15:17-18) en dat hulle geloof heeltemal tevergeefs is (1 Kor. 15:2-4).

7.3.5 WIE HET JESUS OPGEWEK?

In teenstelling met die Jehovah-getuies wat glo dat Jesus, wat nie meer bestaan het na Sy dood nie, deur God die Vader herskep is, leer die Bybel baie duidelik dat God Drienig betrokke was by die opwekking van Jesus:

- God (die Vader) het Hom opgewek: Handeling 13:4 en 1 Korintiërs 15:15.
- God (die Heilige Gees) het Hom opgewek: 1 Petrus 3:18.
- God (die Seun) - Jesus - het Homself opgewek: Johannes 2:19-22 en 10:17-18 (vgl. ook Grosheide, 1948:75).

Jesus kon Homself net opgewek het omdat Hy nie totaal vernietig was met Sy dood, soos die Jehovah-getuies beweer nie (vgl. ook Luk. 23:46).

7.3.6 SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING

In hierdie onderafdeling is gesien dat Jesus self lank voor Sy dood gesê het dat Hy Sy liggaam weer sal oprig (Joh. 2:19 e.v.). Na Sy opstanding beklemtoon Hy dat Hy nie 'n gees is nie, maar fisies opgestaan het. Die leerstelling van die Jehovah-getuies weerspreek wesenlik wat die Bybel en Jesus self sê en moet dus as onchristelike dwaalleer beskryf word.

Romeine 10:9 stel twee vereistes vir iemand om gered te word: "As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word." Die Jehovah-getuies se leer oor die opstanding kom in wese neer op 'n verwerping daarvan, want, soos hulle self sê, die mens Jesus is vir hulle vir ewig dood. Die Jehovah-getuies verkondig dus 'n dwaalleer ten opsigte van die opstanding, wat iemand wat dit glo sy ewige lewe sal kos (1 Kor. 15:17-18).

Hierteenoor bely die Christelike kerke met die mond en glo hulle met die hart dat die graf van Jesus daardie Sondagmôre leeg was, omdat Hy werklik opgestaan het - soos Hy self ook vantevore gesê het.

Vervolgens word gekyk na die Jehovah-getuies se leer aangaande die hemelvaart en wederkoms van die Here Jesus.

7.4 KOM JESUS CHRISTUS WEER SOOS HY OPGEVAAR HET?

7.4.1 INLEIDEND

In Handeling 1:11 word die hemelvaart en die wederkoms van Jesus Christus direk met mekaar in verband gebring. Hier sê engele van God aan die dissipels van die Here Jesus die volgende: "Hierdie Jesus wat van julle opgeneem is in die hemel, sal net so kom soos julle Hom na die hemel sien wegvaar het."

Oor die algemeen meen die Christelike kerke dat hierdie woorde van die engele beteken dat die wederkoms van die Here Jesus fisies-liggaamlik en sigbaar sal wees (vgl. 7.3.3.3.2 & die *Nederlandse Geloofsbelydenis*, 1987:519). In 'n ander verband is reeds aangedui dat die Jehovah-getuies nie glo aan 'n letterlike wederkoms van Christus nie (vgl. 5.4.4 & 7.3.3.3). Op daardie siening van hulle word hier verder ingegaan.

7.4.2 DIE JEHOVAH-GETUIES SE STANDPUNT

Redenering uit die Skrif (WTBTS, 1985a:426) stel onder die opskrif *Wederkoms* dat Jesus Christus, voordat Hy die aarde verlaat het, beloof het om weer terug te kom. Die twee woorde waarmee hierdie wederkoms van die Here in die oorspronklike Grieks van die Bybel beskryf word, is *erikhomenon* en *parousia*. Eersgenoemde word dan deur die publikasie vertaal as "koms" en laasgenoemde as "teenwoordigheid". Die verskil word gesien as dat "'n persoon se *koms* (geassosieer met sy aankoms of terugkeer) op 'n gegewe tyd plaasvind", terwyl "sy *teenwoordigheid* daarna oor 'n tydperk van jare strek". Ietwat teenstrydig hiermee word hierby gesê dat "koms" ook op 'n handeling "gedurende sy teenwoordigheid" kan dui (vgl. ook WTBTS, 1956:193).

Volgens die Jehovah-getuies (WTBTS, 1982:145-147) sal die Here Jesus onsigbaar kom. Hulle verklaar Handeling 1:11 as sou dit beteken dat die Here Jesus "net so . . . stil, sonder openbare vertoon" weer sal kom. "Net sy apostels het daarvan geweet. Die wêreld het nie. . . . Toe Jesus in die lug begin opvaar het, het 'n wolk hom vir sy apostels se vleeslike oë verberg. Die vertrekkende Jesus het dus vir hulle onsigbaar geword. . . . Sy wederkoms sal gevolglik ook onsigbaar en met 'n geestelike liggaam wees."

Die Jehovah-getuies glo dat die wederkoms van Christus "nie 'n letterlike terugkeer na hierdie aarde" is nie (WTBTS, 1982:147). Op grond van Johannes 14:19 word geleer dat net 'n klein aantal gelowiges (144 000) met die wederkoms van die Here Jesus (wat volgens hulle reeds in 1914 gebeur het - vgl. 5.4.4) hemel toe geneem sou word. "Hulle sou hom kon sien, omdat hulle geesskepele sou wees soos hy is. Maar die wêreld sou hom nie weer sien nie" (WTBTS, 1985a:427). Die wêreld moet weet die Here is teenwoordig op grond van die verskriklike gebeurtenisse van die "laaste dae" wat as "*die teken* van Christus se teenwoordigheid" dien (WTBTS, 1982:149).

Volgens die organisasie bring die wederkoms van die Here in 1914 dus "baie moeilike toestande" mee vir die mensdom, waaronder die gelowiges. Dit sal egter net vir een geslag lank voortduur, want "voordat die laaste lede van die geslag wat in 1914 gelewe het van die toneel verdwyn, sal al die dinge wat voorspel is, plaasvind, onder meer die 'groot verdrukking' waartydens die teenswoordige goddelose wêreld sal eindig" (WTBTS, 1985a:211). Dan sal die Here, hoewel reeds teenwoordig en steeds onsigbaar, kom "op die wolke van die hemel met groot krag en heerlikheid as Jehovah se skerprenter tydens die Armageddon-oorlog" (WTBTS, 1985a:426).

In wese verkondig die Jehovah-getuies dus 'n dubbele koms van die Here. Die een het reeds plaasgevind in 1914 en daarom is die Here onsigbaar teenwoordig. Die tweede is

'n "koms", hoewel Hy reeds teenwoordig is, om te oordeel. Met nie een van hierdie komste of Sy sogenaamde teenwoordigheid, kom die Here egter werklik aarde toe nie.

7.4.3 DIE JEHOVAH-GETUIES SE STANDPUNT GEWEEG

7.4.3.1 Kom Jesus Christus weer aarde toe?

Dat die eerste koms van die Here wel 'n letterlike koms na die aarde toe was, word nie deur die Jehovah-getuiers ontken nie. Hulle beweer egter dat die wederkoms van die Here nie letterlik 'n terugkeer na die aarde beteken nie. Die argument word gebruik dat "om terug te kom nie altyd (beteken) dat 'n mens na 'n letterlike plek toe gaan nie". Met Sy wederkoms bedoel die Here volgens die organisasie dat Hy as Koning oor die aarde begin heers (WTBTS, 1982:146-147).

Die Jehovah-getuiers sit egter met die probleem dat die Here Jesus vir die een misdadiger wat saam met Hom gekruisig is, gesê het dat hy saam met Hom in die paradys sal wees (Luk. 23:43). Vir die Jehovah-getuiers is die paradys noodwendig op aarde en daarom beweer hulle ook dat Jesus se woorde beteken dat hierdie voormalige misdadiger in die paradys op die nuwe aarde sal wees (WTBTS, 1982:170-171). Die leerstelling dat Jesus nie letterlik aarde toe kom nie, dwing hulle egter om Jesus se woorde dat Hy saam met die man op die aarde sal wees te herinterpreteer: "Jesus sal natuurlik nie reg hier op aarde saam met die voormalige misdadiger wees nie. Nee, Jesus sal in die hemel as koning oor die aardse Paradys heers. Hy sal dus met daardie man wees in die sin dat Hy hom uit die dode sal opwek en in sy behoeftes, beide fisies en geestelik sal voorsien" (WTBTS, 1982:171).

Die verklaring van die Jehovah-getuiers gaan egter nie op nie. Om te sê dat die woorde van die Here beteken dat die misdadiger letterlik op aarde sal wees, maar dat dieselfde woorde beteken dat die Here Jesus nie letterlik op aarde sal wees nie, is 'n verdraaiing van wat die Skrif sê.

Wanneer die engele in Handeling 1:11 vir die dissipels wat op die aarde staan en opkyk na die hemelruim sê dat Jesus net so sal kom soos wat hulle Hom na die hemel sien opvaar het, dan is dit duidelik dat bedoel word dat die Here Jesus terug aarde toe kom (Grosheide, 1950a:12-13). Hier is nie sprake daarvan dat Sy terugkoms geen werklike koms impliseer nie. 1 Tessalonisense 4:16-17 stel duidelik dat "die Here . . . self van die hemel (sal) neerdaal" en dat die gelowiges die Here in die lug sal tegemoetgaan. Openbaring 21:2-4, 22-24 maak dit duidelik dat God nie net van die hemel sal neerdaal nie, maar dat Vader en Seun by die mensdom gaan kom woon, en dat die nasies wat

gered word in die lig van die heerlijkheid van Vader en Seun sal lewe (Du Preez, 1992:265).

As die Here Jesus nie weer aarde toe kom nie, dan is hier nie van 'n wederkoms sprake nie. Die Bybel sê baie duidelik dat Hy weer gaan kom na waar Hy was, naamlik die aarde. Die vraag is nou of Hy sigbaar of onsigbaar kom. Sal 'n mens Hom sien of moet 'n mens Sy onsigbare teenwoordigheid uit sekere tekens aflei?

7.4.3.2 Kom Jesus Christus sigbaar aarde toe?

Daar word duidelik in die Bybel beloof dat die Here Jesus weer sal kom en op aarde by die mense teenwoordig sal wees. Die vraag is nou of dit 'n sigbare koms van die Here Jesus sal wees, en of Hy net as onsigbare geestespersoon teenwoordig sal wees, soos die Jehovah-getuies leer (WTBTS, 1982:146).

Dat die Here se wederkoms nie 'n onsigbare teenwoordigheid beteken nie, is duidelik as 'n mens kyk na wat die Here self voor Sy hemelvaart sê. Nadat die Here aan Sy dissipels opdrag gegee het om (na Sy hemelvaart en Pinkster - Hand. 1:4, 8, 9) dissipels van al die nasies te gaan maak (Matt. 28:19), beloof Hy in Matteus 28:20 dat Hy met hulle sal wees "al die dae tot aan die voleinding van die wêreld". Hoewel die Here Jesus dus met Sy fisiese, sigbare liggaam (vgl. 7.3) weggaan, sal Hy onsigbaar tot en met die voleinding van die wêreld (wanneer Hy weer sigbaar by die gelowiges sal wees) steeds by hulle wees (vgl. Berkouwer, 1961:178-179; König, 1985:182-183).

Die wederkoms van die Here kan dus nie op 'n onsigbare teenwoordigheid van die Here van 'n sekere datum af dui soos die Jehovah-getuies beweer nie, want die Here is sedert Sy hemelvaart steeds onsigbaar by die gelowiges. Daarom dat die Here ook die versekering kan gee dat "waar twee of drie in my Naam vergader, daar is Ek in hulle midde" (Matt. 18:20).

Dit is dus duidelik dat Gods Woord met die wederkoms van die Here Jesus 'n sigbare koms en teenwoordigheid bedoel (König, 1985:263-267). Dit is in die beginjare van die Wagtoring-organisasie wel so ingesien. Die *Wagtoring* van 07/1879 (p. 4) sê dat die Here Jesus 'n "Persoonlike wederkoms" verkondig het, want volgens Sy eie woorde in Matteus 28:20 het Hy geestelik nooit weggegaan nie.

Die Here Jesus het wel liggaamlik sigbaar vertrek (Luk. 24:50-51; Hand. 1:9-10), en so liggaamlik sigbaar vir die mens se oog kom Hy weer terug (Hand. 1:11; Heb. 9:28; Op. 1:7). Die Bybel beklemtoon dat elke oog Hom sal sien (Matt. 24:27; Op. 1:7) en dat selfs die dooies Hom sal hoor en opstaan (1 Tess. 4:16).

Daar is reeds op gewys dat die Here Jesus nie net vanaf 1914 nie, maar reeds vanaf Sy hemelvaart onsigbaar teenwoordig is. Tog hou die Jehovah-getuies vol dat Hy eers vanaf 1914 onsigbaar teenwoordig is, want die *parousia* van die Here Jesus sou dan plaasgevind het. In hoofstuk 5 (5.2 & 5.3) is duidelik uitgewys dat die organisasie se kronologiese berekenings wat hulle by 1914 uitgebring het nie juis is nie, en dat 1914 nie 'n besonderse tyd van rampe in die geskiedenis van die aarde ingelui het soos die organisasie beweer nie.

Dit is ook uit die Bybel duidelik dat die *parousia* van die Here nie in 1914 kon gewees het nie, want dié gebeurtenis sal volgens Gods Woord nie die begin van die smarte van die laaste dae beteken soos die Jehovah-getuies beweer nie (WTBTS, 1982:148-154), maar die einde daarvan. Daarom dat Jakobus sy lesers aanmoedig om ondanks die swaar wat hulle beleef geduldig te bly, want die wederkoms (*parousia*) van die Here kom en dit sal 'n einde aan die lyding bring (Jak. 5:7-10). Jesus sê ook self dat met Sy koms (*parousia*) die sondige bedeling sal eindig en gelowiges en ongelowiges geskei sal word (Matt. 24:37-44).

Uit Matteus 24:3-27 is dit duidelik dat die sogenaamde "teken van die laaste dae" (WTBTS, 1982:148-154) verskriklike dinge is wat sal plaasvind voor die koms (*parousia*) van die Here en nie daarna nie. Ook Paulus sê in 2 Tessalonisense 2:1-8 dat die antichristelike afval die wederkoms (*parousia*) van die Here sal voorafgaan "en deur die verskyning van sy wederkoms tot niet" gemaak sal word.

Volgens 1 Tessalonisense 4:15-16 sal "die wat in Christus gesterf het . . . eerste opstaan" met die wederkoms (*parousia*) van die Here. In 1914 was hiervan geen teken nie. Ter wille daarvan om hulle beskouing te handhaaf dat die wederkoms of teenwoordigheid van die Here wel in 1914 plaasgevind het, stel *Redenering uit die Skrif* (WTBTS, 1985a:429) dat hierdie verse beteken dat die deel van die spesiale groep gelowiges, die 144 000, wat op daardie tydstip reeds dood was, toe wel opgestaan het om onsigbaar saam met die onsigbare Jesus uit die hemel te regeer. Die res van die 144 000 sluit dan soos hulle doodgaan by hulle aan.

Hierdie redenasie van die Jehovah-getuies gaan egter nie op nie. In die eerste plek word hier nie net van 'n uitgelese groeple gelowiges gepraat nie, maar van al die gelowiges (vgl. 7.7). As in die tweede plek vers 17 saam met 1 Tessalonisense 4:15-16 gelees word, dan is dit duidelik dat dié wat met die wederkoms (*parousia*) van die Here nog leef, saam met die ontslapenes (en nie sporadies vir tagtig of meer jaar na 1914 nie) die Here

tegemeetgaan in die lug. Die lewende of die oorlede gelowiges sal nie een die ander voor wees nie.

In 1914 het geen lewende gelowige die Here in die lug tegemoetgegaan nie. As lede van die sogenaamde 144 000 werklik toe as gevolg van die *parousia* van die Here opgestaan het en as geeste na die hemel is, dan beteken dit dat daarna nie nog sporadies mense by die getal in die hemel gevoeg kan word soos die Jehovah-getuies beweer nie, want dan was die oorledenes die lewendes mos voor. Dit is seker omdat vers 17 nie die organisasie se leerstelling pas nie, dat *Redenering uit die Skrif* (WTBTS, 1985a:429) die vers ignoreer wanneer uit 1 Tessalonisense 4 aangehaal word.

7.4.3.4 Sal elke oog Christus sien met sy wederkoms?

Openbaring 1:7 het beslis ook nie waar geword in 1914 nie. Daar word gestel dat die volgende sal gebeur wanneer die Here met die wolke kom: "elke oog sal Hom sien, ook hulle wat Hom deursteeek het; en al die geslagte van die aarde sal oor Hom rou bedryf". Die Jehovah-getuies (WTBTS, 1985a:428) verklaar dat hierdie vers wat sê dat elke oog Hom sal sien, beteken dat geen oog Hom sal sien nie (vgl. ook WTBTS, 1956:193). Hierdie onmoontlike eksegesi word gedoen deur te sê dat "Hy kom met die wolke" aandui dat Hy onsigbaar kom. Dit word beweer in weerwil daarvan dat Gods Woord in die vers uitdruklik sê: "Hy kom met die wolke, en elke oog sal Hom sien . . ."

Die rede wat aangevoer word "dat nie elke oog Hom sal sien nie" (WTBTS, 1985a:428), gee blyke daarvan dat die Wagtoring-organisasie met hulle beperkte menslike verstand en lae dunk van die almag van God (vgl. 6.2) dit nie kan insien dat God so almagtig is dat Hy kan maak dat elke mense-oog, "ook hulle wat Hom deursteeek het", Hom sal sien nie. Daar word geredeneer: "Indien Christus sigbaar in die hemele sou verskyn, is dit duidelik dat nie 'elke oog' hom sou sien nie. As Hy byvoorbeeld bokant Australië verskyn het, sou hy mos nie in Europa, Afrika en Noord- en Suid-Amerika sigbaar wees nie, of hoe?" Dit wat die Bybel sê, "elke oog sal Hom sien", word gevolglik uitdruklik deur die organisasie ontken met "dat nie 'elke oog' hom sou sien nie".

Volgens die Wagtoring-organisasie beteken die woorde "elke oog sal Hom sien" eintlik "dat almal dan sal begryp of besef dat Christus teenwoordig is" (WTBTS, 1982:146), die mensdom "sal uit gebeure op aarde besef dat hy sigbaar teenwoordig is" (WTBTS, 1985a:428). Maar dit is nie wat die vers sê nie. Openbaring 1:7 sê met die Here se wederkoms sal "elke oog . . . Hom sien". Dit sluit hoë en aansienlikes sowel as geringes en veragtes in, vromes en goddeloses, Christen, heiden, Jood en Mohammedaan

(Grijdanus, 1938:32). Almal sal Hom sien. Hier staan nie dat almal "uit gebeure op aarde" sal besef dat hy sigbaar (of eintlik "onsigbaar") teenwoordig is nie.

Die vers sê selfs dat "ook hulle wat Hom deursteeke het" Hom sal sien. Dit verwys in die eerste plek na hulle wat Hom letterlik deursteeke het met Sy kruisiging (Grijdanus, 1938:32). Al die dooies sal dus opgewek word met die wederkoms van die Here, gelowiges (1 Tess. 4:13-18) sowel as ongelowiges (Matt. 25:31-46), selfs hulle wat die Here deursteeke het. En almal sal Hom sien wanneer Hy op die wolke kom. Daarom eindig die vers met die woorde wat nie eers deur een van bogenoemde publikasies van die Wagtoring-organisasie bespreek word nie: "... en al die geslagte van die aarde sal oor Hom rou bedryf". Volgens Du Preez (1992:21) beteken dit dat al die ongelowiges vol skrik en ang sal wees "as hulle Hom sien vir wie hulle tot die einde toe verwerp het".

Hierdie woorde van Openbaring 1:7 sluit ten nouste aan by die woorde van die Here Jesus in Matteus 24:30 waar Hy sê met Sy wederkoms "sal al die stamme van die aarde rou bedryf en die Seun van die mens sien kom op die wolke van die hemel met groot krag en heerlikheid". Ook hier is dit duidelik dat "al die stamme van die aarde" die Here Jesus sal sien kom en dat daar dan grootskaalse rou sal wees onder die aardbewoners oor hulle sondes.

Dit wat die Wagtoring-organisasie as onmoontlik sien vir die almagtige God (Op. 1:8), naamlik dat Sy koms so sal wees dat "elke oog" Hom sal sien (Op. 1:7), word ook in Matteus 24:27 beklemtoon: "Want soos die weerlig uit die ooste uitslaan en tot in die weste skyn, so sal ook die koms [*parousia*] van die Seun van die mens wees." As 'n weerlig so ver sigbaar is, hoeveel te meer sal die koms van Hom wat ook die weerlig gemaak het (Joh. 1:3) en Wie se heerlikheid helderder as die son en die maan skyn (Op. 21:23), vir elke mens duidelik sigbaar wees.

In Matteus 24:21-27 beklemtoon die Here Jesus dat Sy wederkoms (*parousia*), wat eers na die "groot verdrukking" sal wees, voorafgegaan sal word deur die koms van "valse Christusse en valse profete" wat sal voorgêe dat die Here Jesus stil-stil weer gekom het (vs. 26). Die Here Jesus waarsku die gelowiges: "Moet dit nie glo nie" (vs. 26) en gaan dan direk (vs. 27) daartoe oor om te sê dat die ware wederkoms vir almal duidelik sigbaar sal wees.

7.4.4 SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING

Dit is duidelik dat die Jehovah-getuies en die tradisionele Christendom se sienings oor die wederkoms van die Here Jesus drasties verskil. Terwyl die Christene die wederkoms van die Here sien as 'n sigbare en majestueuse gebeurtenis wat op 'n onbekende datum

in die toekoms sal gebeur (NGB, 1987:519), sien die Jehovah-getuies Jesus se wederkoms as 'n onsigbare gebeurtenis wat stil-stil plaasgevind het op 'n datum in die verlede wat deur Russell bereken is (vgl. 5.2).

Dit het duidelik uit die Bybel geblyk dat die Christelike kerke reg is in hulle verwagting van 'n sigbare en fisies-liggaamlike koms van die Here na die aarde, 'n koms met groot heerlikheid en majesteit wat vir elke oog sigbaar sal wees. Die koms van die Here kan geen onsigbare teenwoordigheid aandui nie, want die Here Jesus verklaar self dat Hy selfs na Sy hemelvaart steeds onsigbaar by die gelowiges aanwesig is.

Die rede waarom die Jehovah-getuies 'n onsigbare wederkoms van die Here aanhang, is onder andere om steeds die valse profesieë oor wanneer die Here se *parousia* sou wees te kan handhaaf (Barbour & Russell, 1877:27-32), asook om aan hulle lede te kan voorgee dat hulle die ware organisasie van God is, want net hulle het geweet dat die Here Jesus in 1914 gekom het. Die feit is egter dat die Wagtoring-organisasie jare na 1914 nog verkondig het dat Jesus in 1874 gekom het (vgl. 5.4.4). Selfs nie eers hierdie organisasie was dus bewus van die sogenaamde stille koms van die Here nie.

Dit het telkens duidelik geblyk dat die Jehovah-getuies Skrifgegewens verdraai en herinterpreteer om te pas by hulle siening dat die wederkoms van die Here onsigbaar plaasgevind het in 1914, en dat die Here nooit weer aarde toe kom nie. Die Here Jesus waarsku die gelowiges pertinent teen sulke valse profete (vgl. 5.4) wat voorgee dat Sy koms (*parousia*) op 'n stil en geheime manier sal plaasvind (Matt. 24:23-27). Die Jehovah-getuies gaan selfs nog een stappie verder en sê dat die wederkoms en gepaardgaande teenwoordigheid van die Here geen ware koms of teenwoordigheid is nie, want Hy bly steeds ver van die aarde in die hemel (vgl. 6.2) en die onheile gaan steeds voort op aarde.

Dit is duidelik dat die Jehovah-getuies se leerstelling oor die wederkoms van die Here Jesus regstreeks bots met dit wat die Here en die Bybel self leer. Daardeur maak die organisasie hulle in die woorde van die Here Jesus 'n valse profeet. Die organisasie se onchristelike leer ontken die roep van die gelowiges om die koms van die Here Jesus aan die einde van die Bybel (Op. 22:20), asook die versekering van die Here Jesus dat Hy gou kom (Op. 22:7, 12, 20). So word die Christene hierdie heerlike troos van die wederkoms van die Here Jesus na die aarde ontnem (Jak. 5:7).

7.5 IS CHRISTUS ALLEEN DIE MIDDELAAR TOT VERLOSSING?

7.5.1 INLEIDEND

Die antwoord op die vraag of Jesus Christus alleen die Middelaar tot verlossing van die mensdom is, is van kardinale belang in die vasstelling of 'n persoon of groep persone Christelik is of nie. Gelei deur die Heilige Gees sê Paulus in 1 Timoteus 2:5 dat daar net "een Middelaar tussen God en die mense (is), die mens Christus Jesus". Jesus sê dan ook self in Johannes 14:6 "niemand kom na die Vader behalwe deur My nie".

In hierdie onderafdeling word gekyk na die Jehovah-getuies se standpunt oor die Middelaarskap van die Here Jesus en of dit ooreenkom met wat Gods Woord daaroor leer.

7.5.2 DIE JEHOVAH-GETUIES SE STANDPUNT OOR VERLOSSING

7.5.2.1 Verlossing slegs deur geloof

- nie deur werke nie

In 'n artikel getitel *Is meer as geloof nodig om gered te word?* in die Wagtorings-organisasie se publikasie *Redenering uit die Skrif* (WTBTS, 1985a:346) word gesê dat 'n mens slegs deur geloof en nie deur werke nie gered word. Met verwysing na Efesiërs 2:8-9 word gesê dat daar geen manier is waarop 'n mens "sy eie redding kan verkry nie, al is sy werke ook hoe edel. Redding is 'n gawe van God aan diegene wat aan die versoeningswaarde van die offer van sy Seun glo".

Selfs al sê Hebreërs 5:9 dat Jesus "vir almal wat Hom gehoorsaam is, 'n bewerker van ewige saligheid geword" het, sê hierdie publikasie (WTBTS, 1985a:346) dat dit nie wegneem dat 'n mens deur geloof alleen gered word nie, want mense se "gehoorsaamheid toon eenvoudig dat hulle geloof opreg is".

Op grond van Jakobus 2:14 en 26 leer die publikasie die volgende (WTBTS, 1985a:346): "'n Persoon *verdien* nie redding deur sy werke nie. Maar enigiemand met ware geloof *sal* gepaardgaande werke hê" (my kursivering - HGS).

Dit is duidelik dat die Jehovah-getuies hier verkondig dat verlossing 'n gawe van God is en dat 'n mens slegs deur geloof in die Here Jesus en Sy Middelaarswerk daaraan deel kry. Gehoorsaamheid aan God en goeie werke is nie 'n voorwaarde vir redding nie, maar 'n gevolg daarvan. Daarom sê die publikasie ook (WTBTS, 1985a:346),

verwysende na Handeling 16:30-31 waar Paulus en Silas vir die tronkbewaarder van Filippi sê dat om gered te word hy in die Here Jesus moet glo: "Sou daardie man en sy huisgesin nie, as hulle waarlik geglo het, ooreenkomstig hulle geloof opgetree het nie? Beslis."

7.5.2.2 Verlossing beslis deur werke

- meer as geloof is nodig

Direk teenstrydig met hulle standpunt hierbo, stel die Jehovah-getuies in hulle publikasie *Jy kan vir ewig in die Paradys op aarde lewe* (WTBTS, 1982:250), onder die opskrif *Wat jy moet doen om vir ewig te lewe*, dat goeie werke ook 'n vereiste is "om vir ewig te lewe": "Jehovah God bied jou iets wonderliks aan - ewige lewe in sy regverdige nuwe stelsel . . . Jy moet eerstens in Jehovah en sy beloftes glo . . . Maar meer as geloof is nodig. Daar moet ook werke wees . . ." (vgl. ook WTBTS, 1956:293).

Onder die opskrif *Kies die ewige lewe in die Paradys op aarde* stel hierdie publikasie (WTBTS, 1982:255) by dit wat reeds gesê is, dat 'n mens ook lid van die Wagtorings-organisasie moet wees en die werke wat die organisasie uitdink moet doen om die ewige lewe te verkry: "Jy moet deel van Jehovah se organisasie wees en God se wil doen om die ewige lewe te ontvang."

Dat die organisasie dus ook leer dat 'n mens beslis sekere werke moet verrig as voorwaarde om die ewige lewe te ontvang, blyk ook duidelik uit *Die Wagtoring* van 15/02/1983 (pp. 12-13), waar gestel word dat om die verlossing te ontvang en "vir ewig in die Paradys op aarde te lewe" die eerste "vereiste" is "om kennis in te neem", die tweede "om God se wette te gehoorsaam", die derde "om geassosieer te wees met God se kanaal" (dit wil sê lid te wees van die Wagtorings-organisasie), en die "vierde vereiste" "om getrou God se koninkryksregering aan ander te verkondig" (dit wil sê om die organisasie se leerstellings te gaan verkondig). Hierdie vier dinge word as God se "vier basiese vereistes" beskryf "om vir ewig op sy Paradysaarde te bly". *Die Wagtoring* van 01/07/1984 (p. 6) stel dan ook dat onthou moet word "dat jy *hard moet werk* om hierdie seëninge te ontvang. Dit sal jou *tyd en moeite kos*" (my kursivering - HGS).

Nie net die sogenaamde *groot menigte* moet hard werk om die ewige lewe op aarde te verkry nie, die 144 000 wat sogenaamd hemel toe gaan (vgl. 7.7), moet ook dit deur buitengewone getroue diens aan God verdien: "Dit is hulle wat deur hulle getrouheid aan God bewys het hoe vals die Duiwel se aantyinging is dat mense God slegs om selfsugtige redes dien. . . . Dink ook net hoe wonderlik dit sal wees om persone as heersers te hê wat op aarde getrou aan God was" (WTBTS, 1982:125).

7.5.2.3 Verlossing beslis nie deur werke nie

- maar beslis deur werke

Die Wagtoring van 15/01/1986 (p. 10) probeer bogenoemde twee teenstrydige sienings van die Wagtoring-organisasie oor die wyse van verlossing by mekaar uitbring: "Verlossing kan nie verdien word deur bywoning van vergaderings of op enige ander manier nie. Dit is gratis, 'n geskenk van God. Tog vereis Jehovah God van ons om moeite te doen as ons sy geskenk van die ewige lewe wil ontvang." Hier word dus absoluut teenstrydig gestel dat verlossing gratis is, maar dat 'n mens tog hard moet werk daarvoor.

7.5.2.4 Gevolgtrekking

Dit is duidelik dat die Jehovah-getuies ten opsigte van die verlossing van die mens uit twee monde praat. Aan die een kant erken hulle dat die Bybel sê dat die mens uit genade ("onverdiende goedheid" - WTBS, 1985a:346) gered word. Aan die ander kant wil hulle tog, teenstrydig met die Bybel, die verlossing afhanklik maak van lidmaatskap en slaafse verkondiging van dit wat die organisasie sê - twee dinge wat nêrens in die Bybel as vereistes vir enigiets gestel word nie, beslis ook nie vir die ewige lewe nie.

7.5.3 DIE JEHOVAH-GETUIES SE STANDPUNT OOR DIE MIDDELAAR

Daar is reeds (vgl. 7.5.1) daarop gewys dat die Bybel baie duidelik stel dat daar net "een Middelaar tussen God en die mense" is, naamlik die Here Jesus Christus (1 Tim. 2:5). Die Jehovah-getuies word egter geleer dat Jesus wel die Middelaar is, maar dat Hy net die Middelaar is vir die 144 000 wat hemel toe gaan (waarvan tans net nog sowat 8850 op aarde lewe - WTBS, 1992:33) en nie vir die miljoene gewone Jehovah-getuies nie. Onder die opskrif *Is Jesus the 'Mediator' Only for Anointed Christians?* sê *Die Wagtoring* van 01/04/1979 (p. 31): "So in hierdie streng Bybelse sin is Jesus net die 'middelaar' van die gesalfde Christene. . . . Die 'groot menigte' van ander skape wat vandag gevorm word is nie deel van die verbond nie. Maar deur hulle assosiering met die 'klein kudde' van diegene wat in die verbond is, verkry hulle ook die voordele wat vanuit die nuwe verbond vloei."

Dit is dus duidelik dat die Here Jesus nie die Middelaar is vir verreweg die meeste Jehovah-getuies nie. Die boek *Jy kan vir ewig in die Paradys op aarde lewe* (WTBS, 1982:255) leer dan ook dat die Wagtoring-organisasie die enigste middelaar is wat 'n mens veilig deur die wêreldvloed die ewige lewe in kan bring: "Moenie dink dat daar

verskillende paaie of weë is wat jy kan bewandel om lewe in God se nuwe stelsel te verkry nie. Daar is slegs een. Daar was net die een ark wat deur die Vloed behoue gebly het, nie 'n aantal bote nie. En net een organisasie - God se sigbare organisasie - sal die vinnig naderende 'groot verdrukking' oorlewe. . . . Jy moet deel van Jehovah se organisasie wees en God se wil doen om die ewige lewe te ontvang."

Die enigste middelaar wat dus vir 'n mens die ewige lewe veilig kan bemiddel, is die Wagtoring-organisasie. Die beeld van die ark wat hier vir die Wagtoring-organisasie gebruik word, word juis in die Bybel vir die Middelaarswerk van die Here Jesus gebruik (1 Pet. 3:20-21).

As 'n mens se ewige lewe afhang van die bemiddeling van ander mense, moet jy verseker sorg dat jy in hulle goeie boekies bly. Dit is dan ook presies wat die Wagtoring-organisasie aan hulle lede sê. In *Die Wagtoring* van 01/08/1981 (p. 26) word gesê dat jou houding en optrede teenoor die "gesalfde broeders van Christus" die bepalende faktor sal wees of jy die ewige verderf of die ewige lewe sal beërwe. So verkry die organisasie 'n stewige houvas op sy lede (vgl. 3.10), want ter wille van die ewige lewe moet die lede die deel van die 144 000 wat op aarde oor is en verteenwoordig word deur die bestuursliggaam van die organisasie, met die grootste respek en met algehele oorgawe gehoorsaam.

Daar word ook duidelik gesê in *Die Wagtoring* van 01/01/1983 (p. 13) dat 'n mens net God se guns sal ontvang as jy goed doen aan die groepie geestelike broers van die Here Jesus wat nog op aarde oorgebly het. Dit is dus duidelik dat die Wagtoring-organisasie werkheilgheid verkondig. Daar moet nie net goeie werke vir God gedoen word nie, maar ook teenoor die organisasie.

Behalwe dat die organisasie die middelaar van die gewone Jehovah-getuies is, is hulle andersins ook hulle eie middelaar. As 'n mens deur goeie werke die ewige lewe kan kry, dan bemiddel jy vir jouself die ewige lewe, en is jy dus jou eie middelaar.

Die Wagtoring-organisasie stel homself dus in die plek van Jesus Christus as die middelaar van die Jehovah-getuies. Dit doen hy deur eers die gewone Jehovah-getuies die Middelaarskap van Christus te ontsê, en dan homself in Jesus se plek aan te bied as middelaar. Anders as die Here Jesus wat Homself uit liefde vir die mensdom opgeoffer het - Homself gegee het, eis die Wagtoring-organisasie absolute gehoorsaamheid en eer van sy lede, anders word hulle die ewige verderf ingestuur.

7.5.4 DIE JEHOVAH-GETUIES OOR SEKERHEID VAN VERLOSSING

Om tot met hulle dood toe volle beheer oor al die Jehovah-getuiers te behou, laat die Wagtorings-organisasie hulle nie toe om ooit seker te wees dat hulle die ewige lewe het nie. In *Redenering uit die Skrif* (WTBTS, 1985a:347) word Jehovah-getuiers geleer om op die vraag "Is jy gered?" soos volg te antwoord: "Tot op hede, ja. Ek sê dit omdat ek ook bewus is van die Bybel se raad dat ons nie oorgesig moet wees nie."

Op grond van Matteus 24:13 ("Maar wie volhard tot die einde toe, hy sal gered word") en Filippense 2:12 ("... werk julle eie heil uit met vrees en bewing"), beweer die Jehovah-getuiers dat geen mens se "uiteindelike redding" ooit in hierdie lewe verseker is nie (WTBTS, 1985a:345).

Die Wagtorings-organisasie hou nie net in hierdie lewe die swaard van onsekerheid oor of sy lede die ewige lewe sal beërwe oor hulle koppe nie, maar leer boonop dat hulle ook nie in die toekomende lewe seker kan wees van die ewige lewe nie. Selfs al word 'n mens na jou dood getrou bevind om uit die dood op te staan en op die nuwe aarde te lewe, kan jy steeds nie seker wees dat jy ewig sal lewe nie. Volgens die Wagtorings-organisasie sal 'n mens vir 1000 jaar eers jou getrouheid moet bewys voordat jy sekerheid van die ewige lewe sal hê. Ook hier verkondig die organisasie nie verlossing in Christus nie, maar openlike werkheilgheid: "Ons het duidelik gesien dat wanneer die dode uit die grafte kom, hulle nie geoordeel word op grond van hulle daade van die verlede nie. Hulle word eerder geoordeel op grond van wat hulle op die Oordeelsdag doen. ... As gevolg van die goeie dinge wat hulle doen, sal baie van daardie verresenes teen die einde van die duisendjarige Oordeelsdag menslike volmaaktheid bereik" (WTBTS, 1982:180).

Daar word selfs gesê dat die mense nog 'n ekstra klomp reëls en regulasies sal kry om te gehoorsaam tydens die 1000 jaar na hulle opstanding. Die "boeke" wat "geopen" sal word waarvan Openbaring 20:12 praat, bevat volgens die Wagtorings-organisasie (WTBTS, 1982:181) meer "wette en instruksies" as die Bybel. "Diegene wat gehoorsaam is aan die dinge wat daarin geskryf staan, sal die voordele van Christus se losprys ontvang en geleidelik menslike volmaaktheid bereik."

Selfs na die 1000 jaar van getroue diens aan God kan 'n mens nog ewig verlore gaan, want dan gaan God die mense wat tot so ver goed genoeg bevind is, "toets" deur Satan en sy engele te stuur om hulle te probeer mislei. Baie sal dan struikel: "Die Bybel toon dat Satan daarin slaag om party persone van Jehovah afvallig te maak. Hulle getal is soos 'die sand van die see' ..." (WTBTS, 1982:182-183). 'n Mens kan dus selfs na jou dood en na 1000 jaar van getroue arbeid steeds die toets van absolute gehoorsaamheid

faal en in die ewige dood beland. Geen geloofsekerheid is dus na hierdie lewe moontlik nie. Daarom kan dit ook nie nou moontlik wees nie. 'n Mens moet maar net jou hoop op die Wagtoring-organisasie plaas om jou veilig deur dit alles te dra.

7.5.5 DIE JEHOVAH-GETUIES SE STANDPUNTE GEWEEG

Teenoor dit wat die Jehovah-getuies leer, leer die Here Jesus in die Bybel dat God die wêreld so lief het "dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê" (Joh. 3:16). Aan die een kant erken die Jehovah-getuies dat die Bybel leer die mens se "redding is 'n gawe van God aan diegene wat aan die versoeningswaarde van die offer van sy Seun glo" (WTBTS, 1985a:346). Aan die ander kant hou hulle vol met hulle leerstelling dat 'n mens nou en selfs in die ewigheid hard moet werk vir die "onverdiende goedheid" (vgl. 7.5.2 tot 7.5.4).

'n Mens kan die Jehovah-getuies se siening met die volgende beeld verduidelik. Jesus het die deposito vir hulle verlossing betaal, maar nou moet elke lid daagliks paaielemente aan die organisasie betaal om te sorg dat sy of haar ewige lewe afbetaal word. Die paaielemente sou dan sake insluit (vgl. 7.5.2.3) soos om voortdurend dit wat die organisasie leer by jou kennis te voeg, om God se wette te gehoorsaam soos wat hulle deur die organisasie deurgegee word (vgl. ook 3.7), om aktiewe lid te wees van die Wagtoring-organisasie en deur absolute gehoorsaamheid aan die organisasie te erken dat dit God se kanaal of spreekhuis is (vgl. ook 3.2), en om voortdurend moeite te doen om die organisasie se leerstellings aan ander te verkondig (vgl. 7.5.2.2).

Die organisasie is die middelaar wat solank die paaielemente gereeld inkom, sal sorg dat die lid veilig in hulle ark die ewigheid in reis. Die gevaar is dat 'n mens nou of veral in die ewigheid sal agterstallig raak met jou paaielemente, want dan is jy die ewige lewe kwyt waarvoor Jesus die deposito kom betaal het.

Hierdie verlossingsleer van die organisasie skep egter heelwat probleme. *Eerstens* kan selfs nie eers die Jehovah-getuies 'n volledige lys gee van vereistes waaraan die gereelde paaielemente moet voldoen nie. Dit sien 'n mens daarin dat die vereistes wat wel hierbo genoem is, uit verskillende van hulle geskifte saamgestel moes word. *Tweedens* word nie presies gesê wat elke vereiste inhou nie. Watter kwaliteit en kwantiteit van verkondigingswerk is byvoorbeeld voldoende?

Die organisasie se leer dat mense se verlossing selfs 1000 jaar na hulle opstanding uit die dood steeds afhang van hoe gehoorsaam hulle is aan reëls en regulasies, weersprek *derdens* wat die Bybel self leer. In Titus 3:5 staan dat 'n mens nie gered word "op grond van die werke van geregtigheid wat ons gedoen het nie", maar dat God "na sy

barmhartigheid" die mens red. Efesiërs 2:8-10 stel duidelik dat redding glad nie (nie eers gedeeltelik) deur goeie werke kom nie (Greijdanus, 1949a:54-55).

Vierdens kan geen betaling van 'n sonde ooit vergoed vir een enkele sonde nie (vgl. Bavinck, 1918:123-124 & Heyns, 1978:174-178). Selfs Paulus (Rom. 7:19-26) erken dat hy die goeie wat hy wil doen nie doen nie, maar wel die kwaad wat hy nie wil doen nie. Hy vra wie hom kan verlos van die ewige dood, want selfs sy beste werke is deurspek met kwaad. Dan dank hy God dat hy deur die Here Jesus die verlossing het en stel in die volgende hoofstuk (Rom. 8:1, 38, 39) dat daar *nou* geen veroordeling is vir dié wat in Christus Jesus is nie. Hy is daarom verseker dat niks hom ooit van die liefde van God sal skei nie.

Al die goeie werke wat die mens doen, kan *vyfde*s nie sy sondige natuur verander nie - ook nie gedurende 'n sogenaamde 1000 jaar op 'n nuwe aarde nie. Om verander te word, moet 'n mens weergebore word (Joh. 3:3-8). God vra nie van die mens om sy ou sondige natuur te verbeter om gered te word nie. God vereis dat die ou sondige natuur gekruisig moet word en Christus in 'n mens moet leef (Gal. 2:20 - vgl. Jonker, 1977:195). Hoewel dit 'n opdrag aan die mens is, soos die organisasie uitwys, om jou eie heil met vrees en bewing uit te werk (Fil. 2:12), staan daar nie dat jy dit moet doen om die ewige lewe te beërwe nie. 'n Mens moet met vrees en bewing werk "want", sê die volgende vers, "dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehag" (Fil. 2:13).

In die *sesde* plek kan geen mens of organisasie vir 'n mens 'n veilige ark wees wat hy slaafs kan navolg ter wille van sy ewige lewe nie. Dit is teenoor God wat die mens gesondig het (Ps. 51:6) en God stel dat daar net "een Middelaar tussen God en die mense (is), die mens Christus Jesus" (1 Tim. 2:5 - vgl. Berkouwer, 1953:314-315). Geen mens of groep mense (al word hulle die gesalfde broeders van die Here genoem) mag ooit tussen 'n gelowige en God staan nie, want alle mense is sondears (1 Joh. 1:8).⁵ Vergifnis vir die sonde wat selfs teen die wil van die gelowige steeds gepleeg word (Rom. 7:19), is alleen van die Here Jesus te kry (1 Joh. 1:9-2:2). Die mens het geen ander Verlosser nodig as Hy nie (vgl. Jonker, 1977:194-203). Jesus sê self dat elkeen wat waarlik in Hom glo nie verlore gaan nie, maar die ewige lewe het (Joh. 3:16; 6:47).

In die *sewende* plek is die ewige lewe nie iets waaroor gelowiges onseker moet wees nie (Greijdanus, 1934:123-124). Die Jehovah-getuies word geleer dat hulle nooit seker van hulle redding kan wees (selfs nie na 1000 jaar op die nuwe aarde) nie, omdat hulle menslike onvolmaakte natuur enige oomblik kan swig voor iets verkeerd. Hierteenoor stel die Bybel duidelik dat die gelowige nou al kan en moet seker wees van die ewige lewe, nie op grond van sy wankelende sondige natuur nie, maar op grond van wat God

self beloof. Die ewige lewe lê ook nie vir die gelowige in die toekoms nie, maar deur die geloof in die Here Jesus Christus het hy nou reeds deel daaraan. Die volgende beloftes van God in die Skrif beklemtoon hierdie sekerheid:

- Elkeen wat in die Here Jesus glo gaan nie verlore nie, maar verkry die ewige lewe (Joh. 3:16).
- Hy wat in die Here Jesus glo, "word nie veroordeel nie" (Joh. 3:18).
- "Hy wat in die Seun glo, het die ewige lewe" (Joh. 3:36).
- "Wie my woord hoor en Hom glo wat My gestuur het, het die ewige lewe en kom nie in die oordeel nie, maar het oorgegaan uit die dood in die lewe" (Joh. 5:24).
- "Wie in my glo, het die ewige lewe" (Joh. 6:47).
- "En Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie" (Joh. 10:28).
- "Daar is dan nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie" (Rom. 8:1).
- "Die Gees self getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is" (Rom. 8:16).
- Niks kan ons "skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie" (Rom. 8:31-39).
- "In Hom het ons die verlossing" (Ef. 1:7).
- "Dit het ek geskrywe aan julle wat glo in die Naam van die Seun van God, sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het" (1 Joh. 5:13).

Dit is dus duidelik dat God wil hê gelowiges moet weet dat hulle nou reeds die ewige lewe het. Hierdie geloofsekerheid is nie net 'n uitgelese groepie beskore nie, dit is 'n belofte aan elkeen wat waarlik glo in die Here Jesus.

'n Mens kan nie deur gehoorsaamheid 'n sondelose natuur verkry of die ewigheid verdien deur harde werk nie. Geen groepie mense soos diegene in beheer van die Wagtoring-organisasie kan 'n mens se middelaar na God wees nie. Die Bybel is baie duidelik daaroor dat "die saligheid . . . in niemand anders (is) nie, want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie", as "die Naam van Jesus Christus" (Hand. 4:10-12).

7.5.6 SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING

Die Jehovah-getuies sien Jesus nie werklik as Middelaar nie. Volgens hulle het Hy die mensdom net 'n tweede kans kom gee sodat hulle kan bewys dat hulle nou meer getrou as Adam en Eva is (WTBTS, 1982:182-183). Hierin bied die organisasie dan aan om 'n helpende hand te gee, en so die plek van die ware Middelaar in te neem (WTBTS, 1982:255).

Hierdie standpunt is egter heeltemal in stryd met die Bybel wat leer dat die mens selfs met die beste bedoelings steeds sonder bly en nooit uit sy eie uit enige toets sal kan slaag nie (Rom. 3:9-20; 1 Joh. 1:8-10). Die Here Jesus het egter as volmaakte Middelaar die oordeel van God oor die sonde van die mens ten volle gedra, sodat elkeen wat in Hom as sy Verlosser glo nooit verlore sal gaan nie, maar reeds die ewige lewe het (Joh. 3:36).

Deur dit wat die Here Jesus vir die mensdom kom doen het tot 'n deposito te verklein, Sy Middelaarwees net tot 'n baie klein uitgelese groepie binne die miljoene Jehovah-getuies te beperk en deur die verlossing van die res van die Jehovah-getuies afhanklik te maak van hulle optrede teenoor die organisasie, verkrag die Wagtoring-organisasie die wese van die evangelie, die blye boodskap van redding deur genade alleen sonder enige verdienste van die kant van die mens. Dit bewys duidelik dat die Jehovah-getuies nie 'n Christelike groep is nie, maar 'n onchristelike organisasie.

In hierdie gedeelte is verwys na die idees van die Jehovah-getuies dat die oordeelsdag 'n 1000 jaar sal duur en dat net 'n klein groepie gelowiges hemel toe gaan. In die volgende onderafdelings word ingegaan op wat met die mens na die dood gebeur.

7.6 LEWE DIE MENS VOORT NA SY DOOD?

7.6.1 INLEIDEND

In die vorige onderafdeling (7.5) is gesien dat die Jehovah-getuies leer daar wel lewe na die dood is. Selfs na sy dood moet die mens nog vir 1000 jaar op die nuwe aarde sy ewige lewe verdien en boonop daarna die toets van gehoorsaamheid slaag. Maar wat gebeur ondertussen met 'n mens wat sterf voordat die nuwe aarde geskep is? Om 'n antwoord op die vraag te kry, word eers na die sienings van die Jehovah-getuies oor voortlewe na die dood gekyk. Daarna word dit geëvalueer aan die hand van wat die Bybel sê, om daardeur tot 'n gevolgtrekking te kom oor wat met die mens na sy dood gebeur.

7.6.2 DIE JEHOVAH-GETUIES SE STANDPUNT

Die meeste Jehovah-getuies mag nie hemel toe gaan nie, want dit is net 'n klein uitgelese groepie (144 000) se voorreg. Al wat vir die ander Jehovah-getuies oorbly, is volgens *Jy kan vir ewig in die Paradys op aarde lewe* (WTBTS, 1982:80) om nie voort te bestaan na hulle dood nie en spesiaal vir die oordeelsdag weer herskep te word.

Die Wagtoring-organisasie se leer dat die mens nie voortlewe na sy dood nie, berus op die volgende argumente:

- Alleen God is onsterflik, die mens is sterflik (WTBTS, 1988a:1189). "Die gedagte dat die siel na die dood voortleef, is 'n leuen wat sy ontstaan by die Duiwel het" (Gen. 3:4 - WTBTS, 1982:89).
- Die mens is net uit stof gemaak, word na sy dood weer stof en kan dus nie voortbestaan na die dood nie (WTBTS, 1982:76).
- Die mens se gees is niks meer as sy lewensasem nie. Net soos by 'n dier bestaan die gees of asem nie meer nadat die laaste asem uitgeblaas is nie (WTBTS, 1982:77).
- Die mens het nie 'n siel nie, maar is 'n siel (WTBTS, 1988b:1006). Die dier ook. Daarom sterf die siel as die mens of dier sterf (WTBTS, 1982:78).
- Dooies bestaan nie. Hulle kan nie dink, voel of ervaar nie (WTBTS, 1982:77, 80).
- Dooies word deur God onthou. Diegene wat deur God losgekoop is, sal op die oordeelsdag opgewek (oftewel herskep) word (WTBTS, 1982:80, 174).

7.6.3 DIE JEHOVAH-GETUIES SE STANDPUNT GEWEEG

7.6.3.1 Die sterflike mens

Die Jehovah-getuies leer tereg dat alle mense sterflik is. In 1 Timoteus 6:16 staan dat net God onsterflikheid besit. Met die wederkoms van die Here sal die dode onverganklik opgewek word en alle sterflike mense sal met onsterflikheid beklee word (1 Kor. 15:52-54).

Met die Jehovah-getuies kan dus saamgestem word dat dit 'n leuen van Satan was dat Adam en Eva nie sou sterf as hulle God se gebod oortree nie. Enigeeen kan sien dat elke mens sterf, dat dit wat God aan Adam gesê het, wel gebeur (Gen. 2:17). Die mens is

sterflik. Die vraag is net of dit wat die Jehovah-getuies sê by die dood gebeur, wel gebeur en of daar nie dalk iets voortleef na die dood nie.

7.6.3.2 Die stoflike mens

Die Jehovah-getuies se leer dat die mens net stof is, na sy dood weer net stof word en dat niks van hom dus kan voortbestaan na die dood nie, is nie Skriftuurlik korrek nie. Eers nadat die lewensasem of -gees by die dooie aardse stoflike liggaam gevoeg is, het "die mens 'n lewende siel geword". Die verbintenis van die stoflike liggaam en die lewensasem of -gees was dus nodig om 'n mens te vorm.

Wat gebeur by die dood? Die Jehovah-getuies haal Genesis 3:19 aan (WTBTS, 1982:76) waar God die vloek oor die sonde van die mens uitspreek dat hy sal terugkeer na die aarde waaruit hy geneem is, "want stof is jy en tot stof sal jy terugkeer". Hieruit word dan afgelei dat voor Adam uit stof gemaak is, hy nie bestaan het nie. "Na sy dood het Adam dus teruggekeer na daardie selfde toestand van nie-bestaan."

Soos reeds gesê, is dit nie korrek dat Adam net uit stof bestaan het nie. Vir hom om mens te wees was 'n verbinding tussen stof en lewensgees nodig. Wat gebeur volgens die Bybel met die lewensgees na die dood van die mens? Die antwoord hierop vind 'n mens in Prediker 12:7: "... en die stof na die aarde terugkeer soos dit gewees het, en die gees na God terugkeer wat dit gegee het".

Dit is dus duidelik dat met die dood die stoflike liggaam tot niet gaan (stof word), maar dat die lewensgees na God terugkeer. Die vraag is of dit beteken dat die gees van die mens na die dood voortlewe by God, of nie.

7.6.3.3 Die gees van die mens

Om te bewys dat die mens se gees nie by God voortleef na die dood nie, beroep die Jehovah-getuies hulle op Psalm 146:3-4 en Prediker 3:19-20 (WTBTS, 1982:77).

Psalm 146:3-4 weerspreek nie die moontlikheid dat die mens se gees by God voortleef na die dood nie. Dit sê dat 'n mens nie jou vertrou op een of ander maghebber moet stel nie, want wanneer die persoon sterf, gaan sy gees uit hom uit, keer hy fisies na die aarde toe terug, en is dit verby met al sy aardse planne en die beskerming wat hy kon bied (Noordtjiz, 1973:286). Daarom moet 'n mens eerder op die bystand van die Here vertrou (vs. 5-10).

Prediker 3:19-20 moet saam met die volgende vers (vs. 21) gelees word. Dan word dit duidelik dat die Prediker hier sê dat die lot van die mens en die dier op die oog af (so ver die mens kan sien - vs. 22) dieselfde is. Sover 'n mens kan sien, blaas beide mens en dier wanneer hulle sterf hulle laaste asem uit en is dit verby met hulle. As 'n mens egter die lig van Gods Woord het, dan besef jy dat die mens nie net stof is nie, maar dat sy gees na God terugkeer (Pred. 12:7). Vers 21 stel duidelik dat dit iets is wat nie met die gees van die dier gebeur nie. Dit bevestig meteen die leer dat die mens se gees voortleef by God, want anders sou daar sekerlik gestaan het dat die mens se gees (*ruach*) ook maar "ondertoe in die aarde in" gaan (Aalders, 1958:64-66).

As die Jehovah-getuies reg is dat die lewensasem of -gees tot niet gaan wanneer dit 'n mens verlaat, sou dit nie sin gemaak het om te sê dat dit tot God terugkeer nie. Terugkeer na God beteken immers dit is nou by God. Hierby sluit die eerste Christen-martelaar, Stefanus, ook aan as hy sterwend bid: "Here Jesus, ontvang my gees [*pneuma*]" (Hand. 7:59).

As sy gees nie bewustelik voortbestaan na die dood nie, waarom sou Paulus dan daarna verlang "om heen te gaan en met Christus te wees" (Fil. 1:23)? Hy verlang nie daarna om te sterf en eers 19 eeue later in 1914 herskep te word nie. Paulus spreek sy vertroue om direk nadat hy gesterf het bewustelik by God te wees baie duidelik uit: "Want ons weet dat as ons aardse tentwoning afgebreek word, ons 'n gebou het van God, 'n huis nie met hande gemaak nie, ewig, in die hemele . . . Maar ons hou goeie moed en verkies om liever uit die liggaam uit te woon en by die Here in te woon" (2 Kor. 5:1, 8). Die gelowiges wat nog inwoon in die liggaam en die wat al uitwoon (d.w.s. reeds dood is), het beide die taak om God te dien (2 Kor. 5:6-9). Die gees van die mens leef dus bewustelik voort na die dood.

7.6.3.4 Die siel van die mens

Dat die mens 'n lewende siel is soos wat die Jehovah-getuies sê, is volgens die Bybel heeltemal korrek. Genesis 2:7 leer dat toe God die lewensasem of -gees in die stoflike liggaam ingeblaas het, die mens 'n lewende siel (*nefes*) geword het. "Siel" word hier dus in die sin van 'n lewende wese gebruik. In hierdie sin word die term "siel" ook vir ander lewende wesens soos visse gebruik (Op. 16:3).

Esegiël 18:4 en 20 ("die siel wat sondig, dié moet sterwe") is vir die Wagtoring-organisasie 'n bewys dat daar nie "'n deel van die mens voortleef wanneer die liggaam sterf" nie (WTBTS, 1985a:87). Saam met hierdie verse word egter in vers 21 gestel dat as die persoon tot bekering kom en God se insettinge gehoorsaam, "hy sekerlik (sal)

lewe, hy sal nie sterwe nie". Dit is duidelik dat "siel" hier as sinoniem vir "lewende wese", en in hierdie geval vir "mens" gebruik word.

Die woord "siel" (*nefesj*) word egter ook vir ander doeleindes in die Bybel (Ou Testament) gebruik. So staan in Levitikus 17:11 "die siel van die vlees is in die bloed". Hier word "siel" in die sin van "lewe", en nie van "lewende wese" nie, gebruik (WTBTS, 1988b:1006). In die opsig is die mens nie net 'n siel nie, maar erken die Jehovah-getuies self dat in 'n ander sin van die woord "siel", die mens ook 'n "siel" (oftewel lewe) het.

Hierdie gebruik van "siel" as sinoniem vir lewe, kom in 'n sekere sin sterk ooreen met die gebruik van "gees" hierbo uiteengesit, naamlik dat dit iets is wat met die dood geskei word van die liggaam. In 1 Konings 17:21 bid Elia byvoorbeeld dat die "siel" van die gestorwe kind in hom sal terugkeer. Van Gelderen (1936:21) sê hieroor: "De ziel stamt als levensprincipe van boven, en zij moet van boven terugkeeren." Wanneer Jesaja bid om te sterwe (1 Konings 19:4), vra hy van God om sy "siel" weg te neem. 'n Soortgelyke gebruik van "siel" as iets onderskeibaar in die mens, vind 'n mens in 2 Samuel 11:11 waar Uria vir Dawid sê: "So waar as u leef en u siel leef..." Ook in Psalm 42 beskryf die digter sy siel as iets binne-in hom.

Die Nuwe-Testamentiese gebruik van "siel" kom ook ooreen met hierdie alternatiewe gebruik van die woord "siel" in die Ou Testament. So wens Johannes vir Gaius toe dat dit liggaamlik net so gesond met hom moet gaan soos wat dit met sy siel goed gaan (3 Joh. 1:2).

Dat "siel", soos "gees", in die Nuwe Testament gebruik word om die bewustelike deel van die mens te beskryf wat voortleef na die dood (vgl. De Bruyn, 1976:15-16), is duidelik uit Matteus 10:28 waar Jesus leer dat 'n mens nie moet bang wees vir mense nie, want mense kan net die liggaam doodmaak maar nie die siel nie. God is die Een wat gevrees moet word, want Hy is by magte om sowel liggaam as siel in die hel te werp. Ridderbos (1941:206) merk by hierdie vers op: "*Ziel* staat hier tegenover *lichaam* als hetgeen na den dood des menschen als levend beginsel blijft voortbestaan."

'n Verdere bewys dat die "siel" van die mens in die Nuwe Testament gebruik word vir dit wat bewustelik voortleef na die dood van die mens, is opgeteken in Openbaring 6:9-11. Hier word vertel dat "die siele van die wat gedood is ter wille van die woord van God en die getuienis wat hulle gehad het" (dit sluit dus die martelaar Stefanus in wat gebid het dat die Here Jesus sy gees moet ontvang - Hand. 7:59) bewustelik praat terwyl daar steeds mense op die aarde lewe (Du Preez, 1992:100-101).

Die Jehovah-getuies glo in geen voortbestaan van die mens nie. Vir hulle is dood "die teenoorgestelde van lewe". Dit beteken volgens hulle in die woorde van Prediker 9:5 en 10: "Die dooies weet glad niks nie" (WTBTS, 1982:76). Hierteenoor wys alles wat reeds genoem is daarop dat die mens volgens die Bybel beslis bewustelik voortbestaan na die dood.

Deur hulle op Prediker 9:5 en 10 te beroep, gee die Jehovah-getuies blyke van baie swak eksegeese van die Skrif wat nie die konteks waarin iets gesê word of deur wie iets gesê word in ag neem nie (vgl. Aalders, 1958:151). Prediker 9:5 sê wel "dooies weet glad niks nie, en hulle het geen loon meer nie, want hulle nagedagtenis word vergeet"; en Prediker 9:10 "daar is geen werk of oorleg of kennis of wysheid in die doderyk waar jy heengaan nie". Maar stem die Jehovah-getuies ook met die res van wat Prediker sê saam, soos dat dit 'n "verkeerde ding" is dat "een en dieselfde lot almal tref", "die regverdige en die goddelose" (Pred. 9:2-3); en dat 'n mens daarom nie te regverdig of te goddeloos moet probeer wees nie (Pred. 7:16-17)?

Die vraag is uit wie se oogpunt hierdie verse geskryf word. Is dit die standpunt van 'n mens wat in die lig van God se openbaring na sake kyk; of is dit die standpunt van iemand wat juis nie God raaksien in alles nie? As 'n mens die boek Prediker lees, sien jy dat die skrywer in die boek juis die tevergeefsheid weerspieël van 'n lewe sonder die sin wat God daaraan verleen. Daarom begin die boek daarmee dat "alles tevergeefs" is as 'n mens van "onder die son" (dus sonder God) daarna kyk (Pred. 1:2-3). Sonder God gesien, is "alles tevergeefs" en "'n gejaag na wind". Sonder God gesien, is dit beter om nie te regverdig te wees nie, maar ook nie te goddeloos nie (Pred. 7:16-17). Met God in berekening is 'n regverdige lewe egter uiters belangrik (Pred. 12:13-14). Sonder God gesien, bring wysheid en kennis net verdriet en smart (Pred. 1:18). In die lig van God se genade is die mens wat wysheid en verstand het egter gelukkig (Spr. 2:10; 3:13; 8:11). Van onder die son gesien, is dit verkeerd dat een en dieselfde lot goeie en slegte mense tref (Pred. 9:3). Aards gesien, sterf almal dieselfde dood en as hulle eers dood is, is dit verby met hulle planne en kennis en wysheid, weet hierdie dooie mense niks nie, en vergeet die nageslag hulle. As 'n mens egter vanuit die lig wat God gee daarna kyk, is dit duidelik dat dit wat hierdie wyse op sy eie probeer deurgrond het (Pred. 9:1) nie waar is nie. Daarom erken hy later dat alle mense nie deur een en dieselfde lot getref word nie (Pred. 12:14). Daar is voortbestaan na die dood.

Ander gedeeltes wat gebruik word om die voortbestaan na die dood te ontken, is Jesaja 38:18 ("die doderyk sal u nie loof nie") en Psalm 6:6 ("Want in die dood word aan u nie gedink nie; wie sal U loof in die doderyk?"). Beide hierdie gedeeltes is deel van

digterlike uitkyke (van Hiskia en Dawid) op die lewe. Hiskia bedoel beslis nie letterlik (Jes. 38:12-13) dat sy huis opgebreek is, hy op 'n wewersbalk is en al sy bene verbreek is nie. Net so ook swem Dawid se bed (Psalm 6:7) nie regtig nie. Hierdie beelde word gebruik om iets daardeur te sê. As in Psalm 98:8 staan dat riviere in die hande klap en berge jubel, kan tog nie daaruit afgelei word dat riviere hande het of berge monde nie. Op grond van Psalm 19:5 kan nie gesê word dat die son werklik in die nag in 'n tent is nie. Net so ook kan nie op grond van 'n digter se beskrywing van die dood vanuit sy menslike perspektief, vaste afleidings gemaak word oor die lewe na die dood nie. Dit moet met die res van die Skrif vergelyk word. En daar is reeds gesien dat die Skrif leer dat daar 'n bewuste voortbestaan van die mens na die dood is.

7.6.3.6 Die opstanding van die liggaam

Die Jehovah-getuies gebruik Johannes 5:28 as bewys dat dooies nie voortbestaan na die dood nie, maar dat die "wat deur God losgekoop is, opgewek word" met die oordeelsdag (WTBTS, 1982:80). Johannes 5:28-29 verwys egter soos volg na die opstanding van die liggaam wanneer die Here weer kom om te oordeel: "wanneer die Here ons vernederde liggaam van gedaante sal verander om gelykvormig te word aan sy verheerlikte liggaam" (Fil. 3:20-21; vgl. Calvyn, 1988:1240-1264). Dit verwys nie na die siel of gees van die mens wat voortlewe by God nie (vgl. 7.7 en 7.8).

7.6.3.7 Gevolgtrekking

Dit is duidelik uit bogenoemde bespreking dat die argumente van die Jehovah-getuies nie bewys dat daar nie 'n bewuste voortbestaan van die mens na die dood is nie. Die teendeel het eerder telkens die geval blyk te wees. Vervolgens word stilgestaan by 'n samevatting van Bybelse gegewens oor die voortbestaan van die mens na sy dood.

7.6.4 DIE BYBEL OOR DIE MENS SE VOORTLEEF NA SY DOOD

Die Bybel leer duidelik dat die mens voortleef na sy dood. So sê die Here Jesus byvoorbeeld dat Abraham, Isak en Jakob nog leef, want die Here word "die God van Abraham en die God van Isak en die God van Jakob" genoem. "Hy is tog nie 'n God van dooies nie, maar van lewendes" (Luk. 20:37-38). Dawid bely gelowig dat wanneer hy sterf, hy weer by sy gestorwe seun sal kan wees (2 Sam. 12:22-23). Die ryk man en Lasarus bestaan bewustelik (saam met Abraham) direk na hulle dood voort in die gelykenis wat Jesus vertel. Hoewel die Wagtoring-organisasie 'n heeltemal ander (ongegronde) verklaring aan die gelykenis probeer gee (Wagtoring, 01/04/1989:24-25)⁶

is dit duidelik dat die Here Jesus nie in 'n gelykenis 'n valse beeld van lewe na die dood sou wou gee nie (vgl. De Bruyn, 1976:19).

Die *Ontwaak!* van 08/07/1988 (p. 8) erken "die meeste mense neem aan dat die dood nie die einde van mens se lewe is nie, dat iets na die fisiese dood voortleef". Heyns (1978:399) sê wat die staat van die ontslapenes betref, "is een ding baie duidelik: hulle het nie opgehou om te bestaan nie". Dit is wel 'n ander vorm van bestaan, want "soos hulle hier bestaan het, bestaan hulle daar nie meer nie, en soos hulle eenmaal, na die opstanding sal bestaan, bestaan hulle nog nie".

Daar is verskillende voorbeelde in die Bybel van gelowiges wat na hulle dood voortbestaan by God. Sagaria sien die oorlede hoëpriester Josua in 'n gesig van die hiernamaalse bestaan (Sag. 3). Moses en Elia is saam met Jesus en voor die oë van die dissipels op die berg van verheerliking (Matt. 17; Mark. 9; Luk. 9). Hulle is tog seker nie herskep vir die geleentheid en daarna weer vernietig nie, maar het by God bestaan en bestaan steeds by Hom. In Openbaring 14:13 word gesê dat die gelowiges wat gesterf het, rus van hulle arbeid. Hierdie rus beteken nie dat hulle nie voortbestaan nie, want hoe kan iets rus wat nie bestaan nie? In Openbaring 6:9-11 lees 'n mens dat hierdie "rustende siele" praat en bewus is van wat om hulle aangaan. Dit is ook in hierdie sin wat die woorde van die Here Jesus opgeneem moet word dat Lasarus slaap (WTBTS, 1982:80) wanneer Hy na Lasarus se dood verwys (Joh. 11:11-14). Die geeste van die regverdiges leef na hulle dood voort by God (Heb. 12:22-24).

Hierdie ewige lewe is 'n mens nie eers na die oordeelsdag beskore soos die Jehovah-getuies leer (vgl. 7.5.4), of selfs nie eers na 'n mens se dood nie. God verseker die gelowiges dat hulle reeds in hierdie lewe die ewige lewe het en selfs al sterf hulle, sal hulle steeds bly voortleef, want niemand kan hulle die ewige lewe ontnem nie (vgl. 7.5.5). So sê Jesus in Johannes 6:47 dat wie in Hom glo (enige gelowiges - nie net 144 000 nie) nou al die ewige lewe het, en in Johannes 10:28 dat so 'n persoon tot in ewigheid nie verlore sal gaan of uit Sy hand geruk sal word nie - ook nie deur nie voort te bestaan na die dood nie. Verder beloof die Here nie net dat diegene wat in Hom glo sal lewe al het hulle ook gesterf nie, maar ook dat diegene wat in Hom glo nooit sal sterf nie (Joh. 11:25-26) - hulle sal bly voortleef na hulle dood. Daarom is die dood vir die gelowige sonder angel of oorwinning (1 Kor. 15:55). Daarom kan selfs die dood die gelowiges nie skei van die liefde van God nie (Rom. 8:38-39).

Omdat gelowiges seker is dat hulle na die dood by God voortleef, verlang hulle daarna om te sterf. So sê Paulus dat hy verlang om heen te gaan en met Christus te wees (Fil. 1:23), want hy is verseker dat as hy die verblyf in sy liggaam verlaat hy by die Here gaan inwoon (2 Kor. 5:1, 8). Daar sal hy saam met al die ander gelowiges God verder

bewustelik kan dien (2 Kor. 5:6-9). Die Here verseker dan ook die een misdadiger (anders as wat die Jehovah-getuies dit wil vertaal in die *New World Translation*)⁷ dat hy daardie selfde dag van hulle dood nog met Hom in die paradys sal wees (Luk. 23:43). Daarom is die gelowiges nie aardse burgers nie, maar het hulle reeds in hierdie lewe hemelse burgerskap (Fil. 3:20).

Anders as wat die Jehovah-getuies leer (WTBTS, 1985a:320-321), is die Here Jesus nie as 'n geestespersoon herskep met sy opstanding uit die dood nie. Hy het voortgeleef na Sy dood. Nie net het Sy Gees na God die Vader gegaan met Sy dood nie (Luk. 23:46), maar Hy het so as bewuste Persoon voortgeleef dat Hy Sy eie fisiese liggaam in verheerlikte vorm uit die dood kon laat opstaan (Joh. 2:19-22 - vgl. 7.3).

7.6.5 GEVOLGTREKKING

Die Jehovah-getuies se siening as sou die mens nie bewustelik voortbestaan na die dood nie, is onjuis en in stryd met die Bybel. Hulle siening spruit uit die miskenning van die volkommenheid van die Middelaarswerk van die Here (vgl. 7.5) en kan daarom ook as 'n onchristelike leerstelling beskryf word.

7.7 GAAN NET 144 000 HEMEL TOE?

7.7.1 INLEIDEND

Saam met die weiering van bloedoortapping en militêre diens, is die ander aspek wat die meeste mense van die leer van die Jehovah-getuies weet, dat hulle glo net 144 000 mense gaan hemel toe.⁸ Die Jehovah-getuies verkry die getal 144 000 uit Openbaring 7:1-8 en 14:1-5 en meen dat hoewel die Openbaring-boek heelwat van getallesimboliek gebruikmaak, hierdie getal letterlik opgeneem moet word. Die 144 000 sou dan 'n klein deel van die totale hoeveelheid gelowiges uitmaak, wat tot 'n spesiale taak van heerskappy oor die *groot menigte* gelowiges geroep is (WTBTS, 1985a:200). In hierdie onderafdeling word hierdie siening van die Jehovah-getuies ondersoek en in die lig van die Skrif geweer.

7.7.2 DIE JEHOVAH-GETUIES SE STANDPUNT

7.7.2.1 Onderskeid tussen 144 000 en groot menigte

Die Jehovah-getuies leer op grond van Lukas 12:32 dat net 'n *klein kuddetjie* die koninkryk van God sal beërwe (WTBTS, 1982:124), wat volgens hulle beteken dat net 'n klein groepie gelowiges hemel toe gaan (WTBTS, 1985a:199). Op grond van Openbaring 7:1-8 en 14:1-3 word aangevoer dat die getal van hierdie klein groepie uitgelese gelowiges 144 000 is (WTBTS, 1985a:199).

Teenoor die 144 000 staan die *ander skape* (Joh. 10:16), oftewel die *groot menigte* (Op. 7:9-10), wat die aarde sal beërwe (Matt. 5:5) en deur die 144 000 regeer sal word (WTBTS, 1985a:198-199). Hierdie *ander skape* het geen hoop op hemelse heerlikheid nie (WTBTS, 1985a:199), is nie kinders van God nie (*Wagtoring*, 15/08/1945:253), is nie deel van die nuwe verbond of die koninkryk van God nie en is nie verseël met die Heilige Gees (WTBTS, 1976c:157) of wedergebore (*Wagtoring*, 01/02/1982:28) nie. Die *ander skape* sluit al die Ou-Testamentiese gelowiges en selfs Johannes die Doper in (WTBTS, 1982:120-122), asook al die Jehovah-getuies (op enkeles na) wat sedert 1935 lid van die organisasie geword het.

Die Jehovah-getuies verkondig dus duidelik dat daar twee klasse gelowiges is. Die 144 000 bekend as die "slaafklas" (op grond van Matt. 24:45-47) is as die buitengewone diensknegte van God eintlik 'n heersersklas (*Wagtoring*, 15/12/1977:751). Hulle regeer namens God oor die res van die Jehovah-getuies bekend as die "Jonadabs".⁹ In die Bybel word die Christendom as die "bruid . . . die vrou van die Lam" (Op. 21:9), asook as "die liggaam van Christus" (Ef. 4:12) beskryf. Hierdie en ander terme soos "die tempel van God" (1 Kor. 3:17), "die Israel van God" (Gal. 6:16) en "die nuwe Jerusalem" (Op. 21:2) word deur die Wagtorings-organisasie net op die 144 000 van toepassing gemaak (WTBTS, 1982:126). Alleen hulle is die "gemeente van God" (1 Kor. 15:9), die "gemeente . . . van die lewende God" (1 Tim. 3:15) en die "gemeente van die eersgeborenes" (Heb. 12:23 - WTBTS, 1982:125).

Alleen die 144 000 is deel van die nuwe verbond wat God met Sy volk in Christus kom oprig het (*Wagtoring*, 15/11/1979:26). As die "geestelike Israel" is Jesus net hulle Middelaar en mag net hulle daarom nagmaal (beeld van Sy soendood vir hulle) gebruik (*Wagtoring*, 15/11/1979:27). Alleen hulle is die "uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk" (1 Pet. 2:9). Net hulle is wedergebore "deur die Vader en sy hemelse 'vrou'" (*Wagtoring*, 01/02/1982:28).

7.7.2.2 Voorwaardes vir lidmaatskap van die 144 000

Om lid van die 144 000 te wees, geld die volgende voorwaardes. 'n Mens moet 'n gelowige wees wat met of na Pinkster toe die Heilige Gees uitgestort is geleef het (*Wagtoring*, 15/12/1977:751), of iemand wees wat 'n lid van die Wagtoring-organisasie geword het in die tyd tussen die stigting van die organisasie aan die einde van die vorige eeu, en 1935 toe die getal ongelukkig vol geword het (*Wagtoring*, 01/02/1982:28). Volgens *Die Wagtoring* van 01/03/1985 (p. 14) het Rutherford in 1935 'n Goddelike openbaring as profeet van God gekry, wat hom op 31 Mei 1935 op 'n saamtrek te Washington laat aankondig het dat die getal van 144 000 wat hemel toe kon gaan toe vol geword het, en dat die res die aarde sou moes beërwe.

Na 1935 kan 'n mens net deel van die 144 000 word as jy die plek kan kry van een van die lede wat (gelukkig?) ontrou geword het (*Wagtoring*, 01/02/1982:28).

'n Verdere voorwaarde om deel van die 144 000 te wees, is om 'n "beproeft en getroue" persoon te wees (WTBTS, 1982:124). Die Wagtoring-organisasie bepaal natuurlik of iemand aan hierdie voorwaarde voldoen (vgl. 3.13). In die opsig word hierdie mense as amper sonderloos beskryf: "Dit is hulle wat deur hulle getrouheid aan God bewys het hoe vals die Duiwel se aantying is dat mense God slegs om selfsugtige redes dien." Die persoon in die Bybel wat dit wel moes bewys, Job (vgl. Job 1:8-12), is egter nie deel van hierdie uitgelese groep buitengewone heiliges nie (WTBTS, 1982:121).

7.7.2.3 Taak van die 144 000 in die hemel en op aarde

Die taak van hierdie 144 000 gelowiges is dan (volgens Op. 5:10 en 20:6) om vanuit die hemel oor die aarde te regeer (WTBTS, 1985a:200-201). Die Wagtoring-organisasie leer dat hulle wonderlike heersers sal wees, want hulle is al persone in die hemel wat "ten volle begryp hoe dit voel om 'n sondige mens te wees en die probleme te hê waarmee mense te kampe het . . . die 144 000 sal verstaan want hulle het hierdie selfde probleme gehad . . . Hulle sal gevolglik hulle aardse onderdane simpatiek behandel. - Hebreërs 2:17, 18" (WTBTS, 1982:125).

Die gedeelte van die 144 000 wat tans op die aarde oor is (8850 persone - WTBTS, 1992:33), is nie ledig nie. As die "getroue en verstandige dienskneg vir wie sy heer oor sy diensvolk aangestel het om hulle hul voedsel op tyd te gee" (Matt. 24:45 - *Wagtoring*, 01/02/1982:28) regeer hulle hier op aarde reeds oor die *groot menigte* Jehovah-getuies. Hierdie regering geskied deur die 12 lede van die organisasie se bestuursliggaam en deur die "geestelike kos" wat deur die Wagtoring-publikasies aan die lede verskaf word. Omdat die getal van die 144 000 aan die afneem is (en waarskynlik omdat daar knap

manne is wat ongelukkig na 1935 lid van die organisasie geword het), laat die bestuursliggaam van die organisasie vanaf 1 Mei 1992 toe dat gewone lede ook help met die produsering van die sogenaamde geestelike voedsel (*Wagtoring*, 15/04/1992:31).

7.7.3 DIE JEHOVAH-GETUIES SE STANDPUNT GEWEEG

7.7.3.1 Onderskeid tussen 144 000 en groot menigte

In Lukas 12:32 praat Jesus met die klein groepie dissipels wat Hom volg en noem hulle *klein kudde*. Hy sê hulle hoef nie bang te wees nie, "want julle Vader het 'n welbehag gehad om aan julle die koninkryk te gee". Hier word egter nie gesê dat net hierdie klein groepie mense die koninkryk van God sal ontvang nie. Hier word ook geen verwysing gemaak na 'n groep van duisende lede (144 000) soos wat die Jehovah-getuies beweer nie.

In Johannes 10:16 sê die Here Jesus: "Ek het nog ander skape wat nie aan hierdie stal behoort nie." Dit wys nie na tweedeklas skape sonder hemelse hoop soos die Jehovah-getuies beweer nie, maar *ander skape* wat saam met die skape waarmee gepraat word "een kudde" met "een Herder" sal wees. Dit is duidelik dat hier verwys word na gelowiges wat uit die heidendom sal kom (Bouma, 1950b:22), wat saam met die gelowiges uit Israel "een kudde", oftewel "een liggaam" (Ef. 2:11-16) sal vorm. Die *ander skape* word beslis op geen manier in verband gebring met die wyse waarop die Here Sy dissipels as *klein kudde* aanspreek in Lukas 12:32 nie.

Die Bybel lê ook geen verband tussen die 144 000 waarvan Openbaring 7 en 14 praat en die *klein kudde* nie. Met hierdie manier van eksegeese, deur enigiets in die Bybel met enigiets anders in die Bybel in verband te bring sonder dat daar 'n verband daartussen of enige Skrifgronde daarvoor bestaan, kan 'n mens enigiets bewys. Dit is egter niks anders as inlegkunde nie.

As 'n mens toelaat dat Openbaring 7 self met jou praat en jy nie die bril van Wagtoringleerstellings opsit om daardeur na die hoofstuk te kyk nie, dan word dit gou duidelik dat die 144 000 waarvan hier gepraat word (presies teenoorgesteld as wat die Jehovah-getuies leer) *op die aarde*, en die *groot menigte in die hemel* is. Groenewald (1986:97) sê "die 144 000 versinnebeeld die strydende kerk op aarde", terwyl die *groot menigte* "die triomferende kerk in die hemel" is.

Die Jehovah-getuies verklaar dat die *groot menigte* gelowiges wat "voor die troon" van God staan (die troon is duidelik in die hemel - Op. 4:2), nie self in die hemel is nie,

maar "in sig van die troon" en dus op aarde (WTBTS, 1985a:200). Openbaring 19:1 stel egter duidelik dat die "*groot menigte* in die hemel" is. Die Jehovah-getuies maak dit egter af as 'n ander *groot menigte*. Wanneer die 144 000 later in Openbaring 14:3 beskryf word as "voor die troon", dan glo die Wagtoring-organisasie wel dat dit beteken dat hulle in die hemel is.

Openbaring 7:9-17 beskryf duidelik dat die *groot menigte* reeds oorlede gelowiges is wat by God in die hemel is. As hulle op aarde is, maak dit geen sin waarom daar bygevoeg moet word dat hulle voor die troon is nie. Dat "voor die troon" "by die troon" beteken, is duidelik uit vers 11: "Al die engele het *rondom* die troon en die ouderlinge en die vier lewende wesens gestaan, en hulle het *voor* die troon op hulle aangesig neergeval en God aanbid" (my kursivering - HGS). Die groot menigte sien duidelik vir God op die troon, want hulle bewys aan Hom eerbied met palmtakke en uitroepe (vs. 9-10). Hulle wil klere dui daarop dat hulle reeds deur God geregverdig is (vs. 14; vgl. ook Sag. 3:3-5). Daarby dien hulle God "dag en nag in sy tempel" (vs. 15), terwyl die tempel waarvan hier sprake is volgens Openbaring 11:19 en 15:5 in die hemel is. Dit wil dus voorkom asof terwyl 144 000 gelowiges nog op aarde is, daar reeds 'n groot aantal oorlede gelowiges by God is (vgl. 7.6). Hoe dit ook al sy, hier is beslis geen bewys dat net 'n sekere getal gelowiges hemel toe gaan en die *groot menigte* die aarde sal beërwe soos die Wagtoring-organisasie leer nie - intendeel.

Die enigste wyse waarop die Jehovah-getuies dit kan regkry om hierdie leer van hulle aanvaarbaar te laat klink, is om verskillende Skrifgedeeltes wat glad nie na mekaar verwys nie aan mekaar te verbind en boonop daaraan 'n betekenis te gee wat nie in een van die gedeeltes voorkom nie. Op die manier word gedeeltes in die Skrif wat aandui dat al die gelowiges die liggaam van Christus is, reeds deur Hom vrygekoop is, reeds seker kan wees van die ewige lewe en as kinders van die hemelse Vader bekendstaan, slegs aan 'n klein groepie (dié wat oor is van die 144 000) verbind. Nêrens in die Bybel word verkondig dat daar twee klasse gelowiges is nie.

Die Ou-Testamentiese gelowiges wat deur die Jehovah-getuies die hoop op die hemel ontsê is (- anders was die getal 144 000 beslis al vol lank voordat die Jehovah-getuies aan die einde van die negentiende eeu ontstaan het), word gewis deur die Bybel beskryf as mense met 'n hoop op die hemelse saligheid. In Hebreërs 11 waar hierdie gelowiges van ouds voorgelê word as voorbeelde van mense wat hulle geloof uitgeleef het, word duidelik gestel "dat hulle vreemdelinge en bywoners op aarde was" (vs. 13) en dat hulle na 'n hemelse vaderland verlang (vs. 16).

Die Jehovah-getuies van na 1935 word egter bang gemaak om ooit na 'n hemelse vaderland te verlang. Die Wagtoring van 01/02/1982 (p. 28) sê dat sodanige verlange wat

by nuwe lede heers óf die gevolg is van hulle verkeerde idee van vroeër dat hulle wel hemel toe kan gaan, óf 'n verkeerde innerlike begeerte is.

Daar word egter nêrens in die Bybel verkondig dat die getal 144 000 op 'n stadium sal vol raak soos die Jehovah-getuies leer in 1935 gebeur het nie. Dit hou in dat Jehovah-getuies wat sedert daardie tyd lid geword het, selfs getrouer is met die verkondigingswerk as die lede voor 1935 (vgl. 4.5) en uit die oogpunt van wat die Wagtoring-organisasie vandag leer aan 'n baie suiwerder leer glo, nie deel van die 144 000 kan wees nie, omdat die getal ongelukkig vol geword het.

Dit maak nie sin dat die Jehovah-getuies die getal 144 000 letterlik opneem, maar nie die beskrywing van uit wie die 144 000 bestaan nie. Volgens Openbaring 7:4-8 bestaan die 144 000 uit 12 000 lede van elk van die 12 stamme van Israel. Openbaring 14:3-4 sê dat die 144 000 manne is wat geen seksuele gemeenskap gehad het nie. Die Jehovah-getuies verkondig egter dat die 144 000 waarvan hulle praat nie Israeliete hoef te wees nie, nie mans hoef te wees nie, en nie hulle lewe lank in selibaat hoef te wees nie. Hierdie interpretasie getuig verder van 'n willekeurige gebruik van die Skrif om in profeties-apokaliptiese stof soos Openbaring die beskrywing van mense net as simbolies op te neem, maar die getal mense as 'n letterlike getal.

Dat die nagmaal nie (soos die Jehovah-getuies leer) tot 'n klein elite deel van die gelowiges beperk is nie, is duidelik uit Johannes 6:53-54: "... Hy wat my vlees eet en my bloed drink, het die ewige lewe, en Ek sal hom opwek in die laaste dag." Dit is dan ook duidelik uit 1 Korintiërs 10:14-22 en 11:17-34 dat die nagmaal deur die hele belydende Korintiese gemeente ('n gemeente wat deur Paulus in sy twee briewe herhaaldelik aangespreek word oor dinge wat nie reg is nie) gevier is.

Dit is duidelik dat die Jehovah-getuies hulle verkeerde leer dat net 144 000 van hulle die hemel gaan beërwe, moes beskerm toe dit in die dertigerjare duidelik geword het dat die lidmaatskap van die organisasie daardie getal gaan verbysteek. Deur voor te gee dat die getal mense wat die hemel gaan beërwe toe voltooï is, maar dat daar nog vir 'n menigte plek op die aarde oor is, het Rutherford daarin geslaag om hierdie probleem te omseil. Hierdie oplossing, uit nood gebore, is toe rustig deurgegee asof dit 'n nuwe openbaring van God was (*Wagtoring*, 01/03/1985:14). Dit word dan ook voorgestel as 'n "nuwe reëling wat God ingevoer het" (*WTBTS*, 1982:126).

Hierdie sogenaamde nuwe reëling doen egter baie afbreuk aan die evangelie van verlossing vir elkeen wat glo (Joh. 3:16), want dit het miljoene Jehovah-getuies die sekerheid van verlossing en die volmaakte Middelaarskap van die Here ontnem (vgl. 7.5). Dit verwerp die volgende Skrifuitspraak: "Elkeen wat glo dat Jesus die Christus is,

is uit God gebore" (1 Joh. 5:1), want dit beperk die wedergeboorte alleen tot 'n klein persentasie van die organisasie se lede. Daar is net twee moontlikhede: óf 'n mens glo "in die Seun van God" en het "die ewige lewe", óf jy glo nie en maak God "tot leuenaar" (1 Joh. 5:9-13). Daar is nie 'n derde moontlikheid van mense wat vir 1000 jaar na hulle dood nog moet werk vir hulle saligheid nie.

7.7.3.2 Voorwaardes vir lidmaatskap van die 144 000

Soos reeds aangetoon, verdeel die Bybel nie die gelowiges in twee groepe van hemelse en aardse gelowiges nie. Hierdie verdeling wat die organisasie maak, bring hulle egter nie net in stryd met die Bybel nie maar ook in stryd met hulleself.

'n Voorwaarde om van die fisiese bestaan op aarde oor te gaan na die geestelike bestaan in die hemel, is dat die lede van die 144 000 moet sterf. Maar wat gebeur nou met 'n lid wat bly leef tot en met die oordeelsdag? Die Jehovah-getuies verduidelik in hulle boek *Van die Verlore Paradys tot die Herwonne Paradys* (WTBTS, 1960:223) dat diegene wat tydens die oordeelsdag nog lewe "in staat (sal) wees om vir ewig te lewe . . . enigene wat dan sy lewe verloor, sal dit verloor alleen omdat hy die bevel van die goeie Koning, Jesus Christus, nie wou gehoorsaam nie".

'n Paar bladsye vroeër (WTBTS, 1960:216) het dieselfde boek egter die volgende gesê oor oorblywende lede van die 144 000: "Baie oorblywende lede van die 'klein kuddetjie' sal ook Armageddon deurlewe. Maar 'n ruk na Armageddon sal die laaste lid van die klein kuddetjie sy aardse diens voltooi en sterwe en na die hemel geneem word om saam met Christus te regeer." Net deur te sterwe kan die persoon dus hemel toe gaan. Na die Armageddonoorlog sal egter net dié sterwe wat aan Christus ongehoorsaam was. Om te sterf en hemel toe te gaan moet hierdie "baie oorblywende lede" dus ongehoorsaam wees. Maar as hulle ongehoorsaam is, kan hulle nie meer deel van die 144 000 wees nie. Op die manier sal die 144 000 dus nooit volledig in die hemel kan wees nie.

Die Bybel leer nêrens dat die getal gelowiges wat die hemel gaan beërwe op 'n stadium vol gaan word nie. As dit moes kon vol raak met gelowiges van na Pinkster, sou die getal reeds in die eerste drie eeue tot oorlopens toe vol geword het, want in die tyd was daar om en by 250 000 gelowige martelare (Watters, 1991a:11). Die leer dat mense wat na 1935 gebore is of lid van die Wagtoring-organisasie geword het ondanks hulle getrouheid ongelukkig te laat in die geskiedenis aangekom het, kom nie van God nie. Verder leer die Bybel nêrens dat die hoeveelheid getroue werke die verskil maak of 'n mens hemel of aarde toe gaan nie. Die voorwaarde dat 'n mens amper sondeloos moet

wees om die hemel te beërwe, is strydig met die Bybel (1 Joh. 1:8) en is 'n onbybelse verkondiging van werkheiligheid (Ef. 2:8-10).

7.7.3.3 Taak van die 144 000 in die hemel en op aarde

Die Jehovah-getuies sê onder andere op grond van Openbaring 5:10 dat die 144 000 die taak sal hê om as "koninkryk en priesters . . . oor die aarde (te) regeer" (1983-vertaling). Die mense wat oor die aarde sal regeer is egter volgens die vorige vers "uit elke stam en volk en taal en nasie" (Op. 5:9) gekoop. Dit kom nie ooreen met die 144 000 wat net uit die twaalf stamme van Israel kom (Op. 7:4-8) nie, maar met die *groot menigte* wat "uit alle nasies en stamme en volke en tale" kom. As daar dus werklik twee klasse gelowiges was (wat nie deur die Bybel geleer word nie), sou Skrif-met-Skrif-vergelyking aangetoon het dat die *groot menigte*, op grond van Openbaring 5:10, eerder dié is wat oor die 144 000 regeer as andersom.

Weereens blyk die Jehovah-getuies se eksegeese baie gebrekkig te wees. Een Skrifgedeelte word sonder motivering uit die Skrif goedsmoeds op 'n ander van toepassing gemaak, net omdat dit inpas by hulle mensgemaakte leerstellings.

'n Ander voorbeeld van die organisasie se swak omgang met die Bybel, vind 'n mens in die gebruik van Hebreërs 2:17-18 om as bewys te dien vir die troos wat aan die agterblywende Jehovah-getuies gegee word dat die 144 000 wat hemel toe gaan hulle darem simpatiek sal behandel. Hebreërs 2:17-18 verwys duidelik na die *Here Jesus* wat die gelowiges bystaan en nie na 144 000 mense nie. Buitendien het die Here Jesus "alle mag in die hemel en op aarde" en het Hy nie 144 000 mense nodig om Hom uit die hemel te help regeer nie. Hyself kom dan ook aarde toe om hier saam met die gelowiges op aarde te wees (Op. 21:2-4, 22-23).

Dit is duidelik dat hierdie leerstelling van 144 000 uitverkore gelowiges wat sogenaamd deur God aangestel is om oor die miljoene ander Jehovah-getuies te regeer, 'n handige leerstelling is om die lede van die organisasie te laat inval by alles wat die leiers daar in Brooklyn uitdink. Sodoende kan die kulte sy lede baie goed beheer (vgl. hfst. 3).

Die 1935-datum skep egter wel die probleem dat die lede wat toe al lid was en dus deel van die 144 000 is, min is en te oud geword het om te werk. Daarom moes die leerstelling dat die 144 000 as leidende slaafklas die sogenaamde geestelike voedsel in die publikasies van die organisasie voorberei, effens gewysig word om ander wat eintlik die voedsel moes ontvang ook te laat help met die voorbereiding. Weereens het die tyd hierdie mensgemaakte leerstelling van die Wagtoring-organisasie ingehaal.

7.7.4 HEMELSE EN AARDSE VERWAGTING VOLGENS DIE BYBEL

Die Bybel leer dat die mens na sy dood voortbestaan (vgl. 7.6.4). Die gelowiges leef na hulle dood voort by God (2 Kor. 5:1-8). In die sin het hulle 'n hemelse verwagting. Met die wederkoms van die Here (1 Tess. 4:16-17) om te oordeel, sal "almal wat in die grafte is . . . uitgaan, die een wat goed gedoen het, tot die opstanding van die lewe, en die wat kwaad gedoen het, tot die opstanding van die veroordeling" (Joh. 5:28-29). Die mense wat bewustelik voortgeleef het na die dood, sal dus weer met hulle (nou onverganklike) liggame verenig word (1 Kor. 15:51-55). Die gelowiges bly dan hier op aarde, want God self kom hier "by hulle woon" (Op. 21:3). In die sin het hulle 'n aardse verwagting. Die onsekerheid en uiterste troosteloosheid wat die meeste Jehovah-getuies (*ander skape of Jonadabs*) hier en in die hiernamaals ervaar en sal ervaar volgens die leerstellings van die Wagtoring-organisasie, staan skerp uit teen hierdie troosvolle verwagtinge waarvan die Bybel praat (vgl. De Bruyn, 1974:14-15).

7.7.5 SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING

Op die oog af lyk dit nie so 'n belangrike vraag wie die 144 000 werklik is en of die Jehovah-getuies reg is as hulle glo dat hierdie getal letterlik opgeneem moet word nie. Wanneer die leerstellings van die Jehovah-getuies egter bestudeer word, word dit gou duidelik dat hulle verdeling van die gelowiges in twee groepe hulle by 'n radikaal ander evangelie uitbring as wat deur die Christelike kerke geleer word (vgl. 7.5). Daarom is dit belangrik dat die leer van die Jehovah-getuies dat net 144 000 mense hemel toe gaan om oor die *groot menigte* gelowiges op die aarde te regeer, deeglik vanuit die Bybel geweeg word.

Dit het duidelik geblyk dat die Jehovah-getuies se verdeling van gelowiges in twee groepe, een groep met 'n hemelse verwagting en die ander groep met 'n aardse verwagting, nie 'n Bybelse leerstelling is nie. Op die manier word die meeste gelowiges sekerheid van verlossing deur Jesus as hulle volkome Middelaar ontnem, en in die plek daarvan tot slaafse gehoorsaamheid aan die elite-groepie gedwing in hierdie en vir ten minste 1000 jaar lank in die volgende lewe. Die voorreg word hulle selfs ontnem om Jesus se opdrag aan gelowiges te gehoorsaam om die nagmaal as beeld van Sy soendood vir hulle gereeld te vier (1 Kor. 11:23). Ook die voorreg om 'n wedergebore kind van God te wees, deel van die koninkryk van God tot in ewigheid (Joh. 3:3), is hulle volgens hierdie leer nie beskore nie.

Die wese van die evangelie lê daarin dat enigeen wat werklik glo in die Here Jesus, die redding sal ontvang - dat God geen onderskeid tussen gelowiges maak nie (Rom. 10:9-

11). Met hulle leer van die tweeërlei bestemmings van gelowiges en wat dit vir elke groep inhou, doen die Jehovah-getuies so afbreuk aan die evangelie van Jesus Christus dat ook dit as 'n onchristelike leerstelling beskryf moet word.

7.8 IS DAAR 'N HEL?

7.8.1 INLEIDEND

In die vorige twee onderafdelings is merendeels (maar nie uitsluitlik nie) klem gelê op wat volgens die Bybel met gelowiges na hierdie lewe en na die wederkoms en eindoordeel sal gebeur. Daar is gesien dat die Bybelse leer van die verlossing in Christus so gerelativeer word deur die Jehovah-getuies, dat hulle leer as onchristelik beskryf moet word.

Die vraag is nou of die veroordeling van die ongelowiges deur God ook deur die Wagtoring-organisasie gerelativeer word, of nie. Om dit vas te stel, word die Jehovah-getuies se leer insake die lot van die ongelowiges na die dood in hierdie onderafdeling geweeg teenoor dit wat die Bybel daaroor leer.

7.8.2 DIE JEHOVAH-GETUIES SE STANDPUNT

7.8.2.1 Menslike logika

Een van die belangrikste redes waarom Russell die Wagtoring-organisasie begin het, was sy wrewel teen die leerstelling dat God ongelowige mense ewig in die hel sal werp. Vir sy menslike logika sou so 'n leerstelling God as dom en liefdeloos voorstel (WTBTS, 1974:35). Hy beskryf dan ook dat die leerstelling van 'n hel bestaande uit ewige pyniging 'n "vuil vlek" op die Naam van God is wat "God se heilige naam onteer" (WTBTS, 1959:17).

Vandag nog word hierdie selfde menslike logika aangewend om aan te dui dat die leerstelling van die ewige pynlike straf wat vir die ongelowiges voorlê nie 'n Bybelse leerstelling is nie (WTBTS, 1982:81): "Die Bybel sê: 'God is liefde' (1 Joh. 4:8). Sal 'n liefdevolle God mense werklik vir ewig folter? Sou jy dit doen?"

Vir die menslike logika van die Jehovah-getuies is dit dus onmoontlik dat God sogenaamd so harteloos sou wees om mense so verskriklik vir hulle sondes te straf. Vir hulle "is dit in stryd met geregtigheid om 'n persoon vir ewig te folter net omdat hy 'n paar jaar lank op aarde gesondig het" (WTBTS, 1982:89).

7.8.2.2 Die hel as 'n rusoord

Maar wat is die hel dan as dit waar sou wees dat God dit nie oor Sy hart sal kry om mense ewig te folter nie? Die Jehovah-getuies (WTBTS, 1982:89) leer dat die hel "'n rusplek vir die dode is. Goeie sowel as slegte mense gaan soontoe om daar op die opstanding te wag". Die slegte mense sal dan nooit weer opstaan nie, maar net vir ewig in die rustoestand van nie-bestaan bly. Die Wagtoring-organisasie se publikasie *Laat God waaragtig wees* (WTBTS, 1956:87) noem die hel boonop in 'n hoofstukopskrif 'n plek van hoop: *Hel, 'n plek van rus en hoop. Laat God waaragtig wees* (WTBTS, 1956:284) sê ook die volgende: "Die wat onverbeterlik in goddeloosheid sterf en nie deur Christus se bloed vrygekoop kan word nie sal nie uit die graf gebring word om in die nuwe wêreld geoordeel te word nie."

Om hierdie leer dat die hel 'n rusoord is te verdedig, beroep die Wagtoring-organisasie hom op Jeremia 7:31. In die gedeelte verwys God na die heidense gebruike wat Juda begin navolg het, waaronder "om hulle seuns en hulle dogters met vuur te verbrand - iets wat ek nie beveel het nie en in my hart nie opgekom het nie" (WTBTS, 1982:81). Op grond hiervan word afgelei dat die hel 'n rusoord moet wees, want "die hel kan nie 'n plek van foltering wees nie, want so iets het nooit in God se gedagte opgekom nie" (WTBTS, 1982:89).

Op grond van Handeling 2:31 leer die Jehovah-getuies dat Jesus nie in helse foltering was nie. Jesus was maar net rustig in Sy graf. Hy is deur geen helse vuur gefolter nie (WTBTS, 1982:82).

7.8.2.3 Die hel as graf

In *Jy kan vir ewig in die Paradys op aarde lewe* (WTBTS, 1982:82) sê die Wagtoring-organisasie dat die King James-vertaling van die Bybel die Hebreeuse woord *sheol* 31 keer as "hel", 31 keer as "graf" en drie keer as "kuil" vertaal. Die Griekse sinoniem vir *sheol*, *hades*, word die tien keer wat dit in die Nuwe Testament voorkom, telkens deur hierdie vertaling met "hel" vertaal. Die afleiding word dan gemaak dat "die feit dat die King James Version die een Hebreeuse woord *Sheol* met drie verskillende woorde vertaal, toon dat *hel*, *graf* en *kuil* presies dieselfde beteken". Daar word egter terselfdertyd erken dat "die Afrikaanse Bybel dit [*sheol* en *hades* - HGS] deurgaans met *doderyk* vertaal".

Omdat die Jehovah-getuies die hel, die graf en die doderyk as sinonieme sien, bring dit hulle by die gevolgtrekking dat alle mense wat sterf en dus die graf of die doderyk ingaan, hel toe gaan (WTBTS, 1982:83): "Ja, goeie mense gaan na die Bybelse hel. Die

goeie man Job wat baie gelyk het, het byvoorbeeld tot God gebed: 'Ag, as U my maar in die doderyk (... graf, ... hel...) wou wegsteek...'" Die gevolgtrekking word dan gemaak dat die hel nie 'n plek van foltering is nie, want "Sheol en Hades verwys nie na 'n plek van foltering nie, maar na die gemeenskaplike graf van die hele mensdom" (WTBTS, 1982:83).

7.8.2.4 Die hel as simbool van algehele vernietiging

Die Jehovah-getuies kan egter nie volstaan met hulle leer dat die hel 'n rusoord in die doderyk is nie. Nie een van die woorde tot dusver behandel, verwys volgens die Afrikaanse Bybelvertaling na hel nie. Daar is egter wel 'n woord wat in die Afrikaanse Bybel deurgaans met hel vertaal word, naamlik die Griekse woord *gehenna* (WTBTS, 1982:87).

Volgens *Jy kan vir ewig in die Paradys op aarde lewe* (WTBTS, 1982:87) was *gehenna* die naam van die vullishoop buite Jerusalem toe Jesus op aarde was. Vure het permanent daar gebrand om die vullis en selfs die lyke van misdadigers en karkasse van diere te verbrand. "Maar geen lewende skepsele is daarop gegooi nie." Daar word dan gesê dat Jesus (bv. in Matt. 23:33) duidelik "Gehenna as 'n gepaste simbool van algehele en ewige vernietiging gebruik het. . . . Diegene wat na Jesus geluister het, kon begryp dat diegene wat na Gehenna gaan, net soos vullis, vir ewig vernietig sou word".

Die poel van vuur is 'n sinoniem vir *gehenna* (WTBTS, 1982:87). Ook dit beeld volgens die Jehovah-getuies "nie bewuste foltering nie, maar ewige dood of vernietiging" uit. 'n Bewys dat dit net simbolies gebruik word, is dat die dood en die doderyk (*hades* - Op. 20:14) daarin gewerp word - dinge wat tog nie letterlik verbrand kan word nie.

In Openbaring 20:10 staan dat die duivel en ander verleiers in die poel van vuur en swawel "dag en nag gepynig (sal) word tot in alle ewigheid". Die Wagtoring-organisasie verleen egter selfs aan die duivel en sy trawante wat soveel hartseer in die wêreld veroorsaak vir soveel eeue al, algemene amnestie. Nieteenstaande wat in Openbaring 20:10 staan, verklaar die organisasie dat dit beteken dat hulle maar net nie verder gaan bestaan nie: "Hulle bly in die dood asof hulle vir ewig in die bewaring van tronkbewaarders oorgegee is. Die goddelose word natuurlik nie letterlik gefolter nie, want soos ons gesien het, bestaan 'n persoon glad nie meer wanneer hy dood is nie. Hy is van niks bewus nie" (WTBTS, 1982:88).

7.8.3.1 Menslike logika?

"Sal 'n liefdevolle God mense werklik vir ewig folter? Sal jy dit doen?" (WTBTS, 1982:81). Met hierdie woorde word dit wat agter die Jehovah-getuies se leer oor die hel sit duidelik sigbaar. Die vraag is nie in die eerste plek wat God hieroor sê en of Hy die sonde so haat dat Hy dit vir ewig gaan straf nie. Die aanvaarding van die Bybelse leerstelling oor die hel hang vir die Jehovah-getuies daarvan af of dit vir hulle aanvaarbaar is. So word die menslike logika verhef bo dit wat die Skrif verkondig (vgl. De Bruyn, 1976:48).

'n Mens kan ten opsigte van die soendood van Christus (wat deur die Jehovah-getuies as waar aanvaar word) presies dieselfde vraag stel as wat hulle ten opsigte van die hel vra: "Sal 'n liefdevolle God werklik Sy eniggebore Seun ter wille van 'n klomp vuil, sondaarmense verskriklik en tot in die dood laat folter? Sal jy dit doen?" Net soos die geweldige liefde van God vir die mens onverstaanbaar is, is die oordeel van God onverstaanbaar. Dit kan nooit met menslike optrede vergelyk word nie. Gods Woord sê dan ook: "Want die woord van die kruis is wel dwaasheid vir die wat verlore gaan, maar vir ons wat gered word, is dit die krag van God" (1 Kor. 1:18). Ook is "Christus wat gekruisig is, 'n struikelblok vir die Jode en dwaasheid vir die Grieke" (1 Kor. 1:23). Volgens Grosheide (1954:24) sê Paulus hier dat hy in sy prediking nie vra wat mense wil hê nie, maar verkondig "wat God hem opgedragen heeft . . . ook al gaat het tegen al wat mensen hoog achten in". Soos die "woord van die kruis" vir die ongelowiges dwaasheid is, is die leerstelling van die hel dwaasheid vir Russell en die Jehovah-getuies, omdat dit strydig is met hulle menslike begrip van reg en geregtigheid.

God het aan die mens die moontlikheid tot redenering gegee. Maar Hy waarsku ook dat dit "wat die vlees bedink, vyandskap teen God is; want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie" (Rom. 8:7). Daarom moet mense nie geleer word "met woorde wat die menslike wysheid leer nie, maar met dié wat die Heilige Gees leer" (1 Kor. 2:13). Menslike gevoel oor sake soos die hel of ewige pyniging mag nie die deurslag gee of 'n mens se uitkyk kleur soos die Jehovah-getuies self erken met hulle die geval is nie, maar dit wat die Skrif in geheel daaroor leer moet as die waarheid aanvaar word. 2 Timoteus 3:16-17 sê immers: "Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwyding, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus" (vgl. Bavinck, 1918a:521-522).

Die argument van die organisasie dat "dit in stryd is met geregtigheid om 'n persoon vir ewig te folter net omdat hy 'n paar jaar lank op aarde gesondig het" (WTBTS, 1982:89), bewys die gebrekkige insig wat die Jehovah-getuies in die sonde van die mens en die geregtigheid van God het. Op aarde word aan iemand die doodstraf gegee of hy word lewenslank opgesluit vir 'n moord, roof, verkragting of iets dergeliks wat maar 'n paar minute of selfs sekondes geduur het. Hoeveel feller en langer moet die straf dan nie wees vir die ontelbare sondes (wat in wese opstand teen God is - hoogverraad) wat deur elke mens gedoen word nie (vgl. Bavinck, 1918c:123-124)?

Vervolgens word daarom gekyk of die Jehovah-getuies se weergawe van die Bybelse leer oor die hel waar is of nie.

7.8.3.2 Is die hel 'n rusoord?

Van al die menslike teorieë oor die hel is die hel as "'n rusplek vir die dode" (WTBTS, 1982:89) en "'n plek van rus en hoop" (WTBTS, 1956:87) seker een van die mees vergesogte en mees onbybelse sienings. Nêrens leer die Bybel dat die hel 'n rusoord is nie. Die Bybel leer intendeel dat dit iets afgryslik is (vgl. 7.8.3.4). God se heilige geregtigheid vereis dat kwytskelding van die gelowiges van die ewige verdoemenis slegs kan geskied deur die verskriklike vloekdood van die Here Jesus (Gal. 3:13 - vgl. Hendriksen, 1979b:130-131). Hoe sal dieselfde geregtigheid dan toelaat dat byvoorbeeld 'n onbekeerde massamoordenaar en verwoester die lewe na sy dood rustig in 'n ewige rusoord deurbring?

Die waarheid is dat God herhaaldelik daarop wys hoe verskriklik Sy straf oor onbekeerde mense is. In Markus 9:42-48 sê die Here dat verdrinkende en die pynlike skending van die liggaam in hierdie lewe beter is as om na hierdie lewe "in die hel gewerp te word in die onuitbluslike vuur". Dit is geen voorstelling van 'n rusoord nie (vgl. De Bruyn, 1976:49-50).

In Hebreërs 10:28-31 staan dat die straf in die ewige lewe onvergelykbaar verskrikliker is as dié op die aarde: "As iemand die wet van Moses verwerp het, sterf hy sonder ontferming op die getuienis van twee of drie; hoeveel swaarder straf, dink julle, sal hy verdien wat die Seun van God vertrap het en die bloed van die testament waardeur hy geheilig is, onrein geag en die Gees van genade gesmaad het?" Dan word daar gesê dat die Here sal oordeel, en gewaarsku: "Vreeslik is dit om te val in die hande van die lewende God." Dit sal geen onbewuste rusoord wees nie, maar "daar sal geweene wees en gekners van die tande" (Matt. 8:12). Dit sal "vir ewig afgryslik" wees (Dan. 12:2).

Die Jehovah-getuies se eksegese van Jeremia 7:31 dat om mense te folter en te verbrand nog nooit in die hart van God opgekom het, en dat dit beteken dat Hy nog nooit eers aan iets soos 'n brandende vuur as straf vir ongehoorsames gedink het nie, dui op baie swak eksegese. Baie jare voor Jeremia geleef het, het God self vuur gebruik om mense te vernietig toe Sy heiligheid aangetas is. In Levitikus 10:1-3 lees 'n mens dat twee seuns van Aäron hulle offerwerk strydig met die opdragte van God gedoen het, en dat God hulle met 'n brandende vuur gestraf het: "Daarop het daar vuur van die aangesig van die Here uitgegaan en hulle verteer, en hulle het gesterwe voor die aangesig van die Here."

Daar staan ook in Genesis 19:24 hoe God mense straf deur hulle te verbrand. Op Lot en sy gesin na is twee hele stede, Sodom en Gomorra, deur God met "swael en vuur" vernietig. Ook in Openbaring 20:9 lees 'n mens dat God vuur van die hemel stuur om Sy vyande te verslind.

In Jeremia 7:31 gaan dit oor 'n manier waarop vir afgode geoffer is (kinderoffers), wat God sê beslis nie van Hom af kom nie (Aalders, 1953:103-104). God sê nie dat die leer van 'n poel van vuur tot pyniging van goddeloses nie van Hom af kom nie. Dit is juis in Sy Woord dat die hel as 'n "poel van vuur en swael" waar daar "dag en nag gepynig word tot in alle ewigheid" (Op. 20:10) beskryf word.

Die hel wat die Here Jesus so intens gely het aan die kruis, was toe die toorn van God oor die sonde van die mensdom op Hom gebrand het en Hy in bittere pyn uitgeroep het "My God, my God, waarom het U My verlaat?" (Matt. 27:46). So intens was Sy lyding dat die hele aarde vir die paar ure verduister het (Luk. 23:44-46). Na dit alles kon die Here Jesus met reg sê: "Dit is volbring" (Joh. 19:30), en kon Hy sterf. Handeling 2:31 wat die Jehovah-getuies aanhaal (vgl. 7.8.2.2), sê oor die liggaam en siel van die Here met Sy dood "dat sy siel nie in die doderyk verlaat is en sy vlees ook nie verderwing gesien het nie".

Dit is duidelik dat die hel geen rusoord is nie, maar 'n plek van intense pyn en lyding. Alle mense gaan ook nie hel toe nie maar duidelik net die ongelowiges (Matt. 5:22; 25:41, 46), omdat die Here Jesus die helse straf vir die gelowiges gedra het (Rom. 7:24-25).

7.8.3.3 Is die graf die hel?

Om die afleiding te maak dat die graf en die hel sinonieme is op grond van 'n Bybelvertaling wat partykeer die Hebreeuse en Griekse woorde vir doderyk of graf met hel vertaal, gaan geensins op nie. Dit is 'n baie swak manier van woordeksegeses doen. Op die manier word 'n vertaling van die Bybel verhef tot 'n geïnspireerde kommentaar

op die betekenis van hierdie woorde. Dat die Afrikaanse vertaling konsekwent die woorde *sheol* en *hades* met "doderyk" vertaal, toon juis dat *hel*, *graf* en *doderyk* nie dieselfde beteken nie.

Hierdie wyse van omgang met die Bybel bring die Jehovah-getuies daarby uit dat selfs gelowige mense hel toe gaan wanneer hulle doodgaan, want die hel en die doderyk is volgens hulle presies dieselfde saak. Dit is egter nie waar nie, en hulle erken dit implisiet as hulle sê "Sheol en Hades verwys nie na 'n plek van foltering [*hel* - HGS] nie, maar na die gemeenskaplike graf [*doderyk* - HGS] van die hele mensdom" (WTBTS, 1982:83). Die woorde *sheol* en *hades* word dan ook deurgaans deur die Afrikaanse vertaling met *doderyk* vertaal. In hierdie doderyk ervaar die gelowige voorlopige vreugde en die ongelowige voorlopige smart, terwyl hulle wag op die eindoordeel van die Here met Sy wederkoms (vgl. 7.7.4 & Luk. 16:22-31).

7.8.3.4 Is die hel bloot 'n algehele vernietiging?

Dit is duidelik uit die Bybel dat die hel (*gehenna* in Grieks) nie bloot 'n "simbool van algehele en ewige vernietiging" (WTBTS, 1982:87) is nie. Met die Jehovah-getuies kan saamgestem word dat die Here Jesus die vullishoop in die dal van Hinnon buite Jerusalem gebruik as beeld van die plek waarna elders in die Bybel as die poel van vuur of iets dergeliks verwys word. Dit impliseer egter nie dat al die eienskappe van die vullishoop net so die eienskappe van die hel moet wees nie. As die Bybel die kerk byvoorbeeld as "bruid" (Op. 21:9; 22:17) of as "liggaam" (Ef. 4:12) van Christus beskryf, kan alles wat 'n bruid of liggaam is of doen, nie net so op die kerk toegepas word nie.¹⁰

Dat die poel van vuur en *gehenna* "nie bewuste foltering nie, maar ewige dood of vernietiging" uitbeeld, soos die Jehovah-getuies beweer (WTBTS, 1982:87), is nie op die Bybel gegrond nie. God sê dat 'n mens nie met sonde teen Hom kan kant kies, Hom afwys, verag, bespot, en dies meer en dan daarmee wegkom deur nie in die ewige te bestaan en die verskriklikste straf daarvoor te dra nie (Heb. 10:26-31).

Reeds in die Ou Testament (Dan. 12:2) word dit duidelik gemaak dat diegene wat nie die ewige lewe beërwe nie, "groot smaadheid, vir ewig afgrysig" sal ly. In Matteus 5:22 sê die Here dat mense wat ander beledig "moet verantwoording doen in die helse vuur". 'n Mens kan nie "verantwoording doen" as jy nie bestaan nie en ook nie as jy nie bewustelik bestaan nie. Volgens Matteus 8:12 sal die lyding van diegene in die "buitenste duisternis" so erg wees dat hulle sal huil en op hulle tande sal kners. Daarom moet 'n mens eerder in hierdie lewe pyn verduur en selfs verdrink as om "in die onuitbluslike vuur" van die hel te beland (Mark. 9:42-48).

In Johannes 3:36 verduidelik die Here Jesus dat die wat in Hom glo die ewige lewe het, maar dat "die toorn van God bly op hom" wat ongelowig is. Wat hieronder verstaan moet word, so verduidelik die Here in Matteus 25:41-46, is dat die ongelowiges met die oordeelsdag ewig gestraf sal word in die ewige vuur, terwyl die gelowiges ewig sal leef in die ewige lewe.¹¹

Matteus 25:41 sê dat die ongelowiges "in die ewige vuur wat berei is vir die duiwel en sy engele" gewerp sal word (vgl. De Bruyn, 1976:49-50). Volgens Openbaring 20:10 vind hier 'n bewuste en ewige pyniging plaas. Hier word van die duiwel, die dier en die valse profeet gesê dat hulle in die poel van vuur en swael "dag en nag gepynig (sal) word tot in alle ewigheid". Hulle het ook nie as dooies daar ingegaan (soos die Jehovah-getuies voorgee - WTBS, 1982:87) nie, maar "lewend is die twee gewerp in die vuurpoel wat met swael brand" (Op. 19:20).

Anders as wat die Jehovah-getuies leer dat die ongelowiges nie meer bestaan na hulle dood en ook nie weer sal opstaan uit die dood nie (vgl. 7.6.2), leer God in Openbaring 20:11-15 dat alle dooies sal opstaan met die oordeelsdag, gelowiges sowel as ongelowiges (Du Preez, 1992:245). Oor die ongelowiges word gesê: "En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp" (vs. 15; vgl. ook Op. 21:8).

Dat dit in Openbaring 20:14 gaan om die vernietiging van die dood en die doderyk is nie te ontken nie. Dat gesê word dat die dood en die doderyk in die poel van vuur gegooi word, is om aan te dui dat die eerste dood nou oorgegaan het in die tweede dood, die permanente (Du Preez, 1992:246), waarvoor eintlik gevrees moet word (Matt. 10:28). Die mens sal in die ewige lewe vir ewig lewe en nie meer ongehoorsaam word en sterf soos die Jehovah-getuies beweer nie, want met die wederkoms en eindoordeel word die dood en die doderyk vernietig.

Dit is duidelik dat teenoor die ewige lewe in heerlijkheid by God, God in Sy Woord die ewige straf stel wat ewig, bewustelik en vreeslik, die pyn van gebrand word deur vuur sal wees. Al die goddeloses wat nie in God wou glo en Hom gehoorsaam nie, sal dag en nag gepynig word, dit wil sê sonder verposing. Dit is "die ewige straf" vir "ewig afgryslik" (Dan 12:2).

7.8.4 SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING

Die Bybel leer dat God se liefde en God se regverdigheid volmaak is soos Hy. Anders as wat die Jehovah-getuies leer, is Sy vergifnis van die wat in die Here Jesus en Sy liefdevolle offer glo, so volmaak dat 'n mens in hierdie lewe al die ewige lewe het en dit

tot in ewigheid behou (vgl. 7.6 en 7.7). En anders as wat die Jehovah-getuies leer, is Sy oordeel oor die wat die verlossing minag (Heb. 10:29) so verskriklik dat hierdie mense die volle toorn van God oor hulle lewe van sonde vir ewig sal ondergaan.

Deur op grond van menslike logika dit wat God oor die ewige straf in die Bybel openbaar "'n vuil vlek" op die Naam van God te noem, is om die wysheid en geregtigheid van God te beledig. Om die hel as 'n rusoord te beskryf, is direk in stryd met wat God self in Sy Woord openbaar. Om te sê dat selfs gelowiges na hierdie onbybelse hel van die Wagtoring-organisasie gaan, is om die liefde van God te beledig wat nou reeds aan gelowiges die oorwinning oor die dood besorg (1 Kor. 15:55-57). Om die hel bloot as algehele vernietiging te sien, is om die straf van die heilige God oor die sonde-opstand van die mens te minimaliseer.

Die Jehovah-getuies relativer dus nie net die liefde van God nie (vgl. 7.6 en 7.7), maar ook die geregtigheid van God - twee sake wat so duidelik blyk uit Hebreërs 10:19-31. In hierdie gedeelte word daar eers gesê dat die gelowiges deur die gestorte bloed en gebreekte liggaam van die Here vrye toegang het om tot God toe te tree in Sy heiligdom. Daarna word gesê dat diegene wat hierdie genadige verlossing wat God soveel gekos het vertrap en minag, met 'n vreeslike wraak deur die Here gestraf sal word. Dieselfde Bybel wat sê dat God liefde is (1 Joh. 4:8), sê ook dat God 'n verterende vuur is (Heb. 12:29).

Deur God se wraak gering te ag, te min te ag (soos ook met Sy verlossing gedoen is), leer die Jehovah-getuies iets wat afbreuk doen aan God se geregtigheid, wat teen die Bybel ingaan, 'n onchristelike leer.

7.9 IS BLOEDOORTAPPING VERKEERD?

7.9.1 INLEIDEND

Die volgende twee aspekte wat behandel word, die mediese gee van bloed aan 'n pasiënt ter wille van oorlewing en die deelname aan politiek en militêre diens, is beide etiese sake wat in 'n sekere sin teenoor mekaar staan. By die een gaan dit om die reg om iemand te laat bly lewe. By die ander gaan dit om die reg om iemand dood te maak en in die proses dalk self te sterf, ter wille van die beskerming van ander. Die meeste mense wat slegs 'n geringe kennis van die leerstellings van die Jehovah-getuies het, weet gewoonlik wel dat hulle bloedoortappings en militêre diens afkeur.

In hierdie onderafdeling word ingegaan op die Jehovah-getuies se weiering om bloedoortappings te ondergaan.

7.9.2 DIE JEHOVAH-GETUIES SE STANDPUNT

7.9.2.1 Agtergrond en geskiedenis

Die Jehovah-getuies se mediese etiek het die relatief min jare van hulle bestaan verskeie wysigings ondergaan. Veral drie dinge is as verbode gesien deur die organisasie, naamlik inenting, orgaanoorplanting en bloedoortapping.

Inenting is eers deur die organisasie as strydig met God se gebod beskou. *The Golden Age* van 04/02/1931 (p. 293) gee "redes waarom inenting onskriftuurlik is". Een van hierdie redes is dat "inenting 'n direkte oortreding is van die ewige verbond wat God met Noag na die vloed gesluit het". 'n Ander rede wat aangevoer is, is die ongegronde mediese rede: "Inenting het nog nooit 'n mens se lewe gered nie. Dit verhoed nie pokkies nie."

Presies die teenoorgestelde mening word egter in die *Ontwaak!* van 22/08/1965 (p. 20) gegee, waar die Jehovah-getuies aangemoedig word om inentings te ondergaan. Daar word statistieke gegee van hoeveel gevalle van pokkies daar van 1920 tot 1930 in die VSA was, en hoe dit daarna drasties afgeneem het as gevolg van inenting. Die Wagtoring-organisasie het duidelik sy standpunt oor inenting radikaal gewysig. Die hartseer is egter dat daar waarskynlik vroeër vele Jehovah-getuies was wat inenting geweier het, en die gevolge daarvan gely het omdat hulle nie God se sogenaamde verordening wou oortree nie.

Wat *orgaanoorplanting* betref, het daar ook 'n radikale leerstellige verandering in die Wagtoring-organisasie plaasgevind. So onlangs as 1967 is nog in *Die Wagtoring* (15/11/1967:702-703) geleer dat orgaanoorplanting 'n vorm van kannibalisme is wat deur God verbied word. Daar word gesê dat God die mens nie toelaat om mensvleis in te neem deur dit te eet of organe of dele van die menslike liggaam deur oorplanting in te neem nie. Die Wagtoring-publikasie *Jehovah's Witnesses and the Question of Blood* (WTBTS, 1977:41) sê dan ook dat bloedoortapping as 'n vorm van orgaanoorplanting verwerp moet word.

In 1980 hef die Wagtoring-organisasie egter sy verbod op orgaanoorplanting op. Volgens *Die Wagtoring* van 15/03/1980 (p. 31) gee die Bybel geen vaste reël ten opsigte van orgaanoorplanting nie, en is dit 'n saak waaroor Jehovah-getuies self volgens hulle

gewete kan besluit. Geen melding word daarvan gemaak dat bloedoortapping skaars drie jaar tevore ook nog as orgaanoorplanting beskryf is nie. Weereens is dit hartseer dat baie Jehovah-getuies voor 1980 waarskynlik heelwat lyding deurgegaan en selfs gesterf het, omdat hulle God se sogenaamde verbod op orgaanoorplanting wou gehoorsaam.

Die derde mediese verbod wat die Jehovah-getuies ingestel het, naamlik die verbod op *bloedoortapping*, is die enigste wat nog deur die organisasie gehandhaaf word. Hierdie verbod is in die era van die derde president van die organisasie, Knorr, ingestel. *Die Wagtoring* van 01/07/1945 (pp. 198-201) trek te velde teen bloedoortapping en beskryf dit as heidens en tot oneer van God. Voor 1945 is klaarblyklik die standpunt gehandhaaf wat in *Die Wagtoring* van 1909 (p. 4374) uiteengesit is, naamlik dat Handeling 15:1-35 (die plek in die Nuwe Testament waar onder andere van 'n verbod op die eet van bloed gepraat word) nie meer as 'n opdrag aan Christene beskou hoef te word nie.

Die Jehovah-getuies se siening ten opsigte van wat as die verkeerde mediese inname van bloed beskou word, het egter wel veranderings ondergaan. Volgens *Die Wagtoring* van 15/02/1963 (p. 124) mag nie eers 'n deeltjie van bloed in mediese behandeling gebruik word nie. Dieselfde *Wagtoring* (p. 123) sê ook dat die lede moet seker maak dat lesitine nie gebruik is in gebak of lekkers wat hulle aankoop nie. Hierdie leer was in stryd met 'n uitspraak in *Die Wagtoring* van 15/09/1958 (p. 575) waar die uitsondering gemaak is dat bloedserums sowel as teenliggaampies wat uit bloedgeeltjies gemaak is, wel ingespuut mag word.

Die Ontwaak! van 22/02/1975 (p. 30) verklaar dat Jehovah-getuies wat aan hemofilie ly nie bloedgeeltjies, insluitende bloedplasma en enige verwerkings van bloed, in hulle behandeling mag gebruik nie. Drie jaar later word hierdie opdrag egter opgehef, en word geleer dat Jehovah-getuies sekere bloedgeeltjies wel en herhaaldelik mag gebruik om te verhoed dat hulle doodbloei (*Wagtoring*, 15/06/1978:30). Ook hierdie beleid het waarskynlik tot baie hartseer en selfs moontlik tot die dood van Jehovah-getuies gelei, totdat hierdie sogenaamde organisasie van God wat absolute gehoorsaamheid eis die verbod weer opgehef het.

Die Wagtorings van 15/06/1978 (pp. 30-31) en 01/06/1990 (pp. 30-31) gee nog uitsonderings op die Jehovah-getuies se reël dat bloed in geen vorm deur die mens ingeneem mag word nie. Daar word erken dat serum vir die behandeling van geelsug, polio, pampoentjies, Duitse masels, kinkhoes, klem-in-die-kaak, witseerkeel, en dies meer wel "bloed bevat, maar net 'n klein hoeveelheid", en gesê dat dit aan elke Jehovah-getuie self oorgelaat word of hy/sy sulke behandeling wil ontvang of nie. Ook hier kon die vroeëre reëling van die Wagtoring-organisasie tot groot ellende gelei het.

Dit is dus duidelik dat die Wagtoring-organisasie, wat uitsprake op mediese gebied maak en waarskynlik al die dood van honderde mense veroorsaak het (vgl. 7.9.4), self nie duidelik weet wat reg is en wat nie. Tog hou hulle aan om bindende uitsprake ten opsigte van die mediese etiek te maak, veral wat betref die gee van bloed aan pasiënte wat dit nodig het.

7.9.2.2 Die verbod op bloedoortapping

Soos reeds aangedui, is bloedoortapping in *Die Wagtoring* van 01/07/1945 (pp. 198-201) as heidens en tot oneer van God beskryf. *Die Wagtoring* van 15/01/1961 (pp. 63-64) leer dat die ondergaan van 'n bloedoortapping genoeg rede is om lede summier uit die organisasie te skors. *Die Ontwaak!* van 08/05/1964 (p. 30) en *Die Wagtoring* van 15/02/1964 (pp. 127-128) verklaar dat geen skoonheidsmiddels of kunsmis wat bloed bevat, gebruik mag word nie. Hulle gaan selfs so ver om bloedoortappings aan lede se siek diere te verbied. Die diere mag boonop nie kos met bloed in gevoer word nie.

Soos hierbo gesien (vgl. 7.9.2.1), het die Wagtoring-organisasie op 'n stadium enige gebruik van bloed of bloedfraksies deur die lede verbied. "Die enigste gebruik van bloed wat nog ooit deur God goedgekeur is, is vir offerandes" (WTBTS, 1985a:69). Volgens *Die Wagtoring* van 15/10/1959 (p. 640) bepaal die Bybelse voorskrif (Deut. 12:16 & Lev. 17:13) oor die hantering van bloed dat wanneer die bloed uit die liggaam van die dier geneem word, dit "soos water op die grond uitgegooi" en "met stof bedek" moet word. Die rede vir hierdie opdrag is die volgende: "Lewe is in die bloed en die gestorte bloed word deur God as heilig beskou."

Die Wagtoring kom dan selfs tot die gevolgtrekking dat dit verkeerd is om jou eie bloed te laat trek en dit te stoor vir hertoediening na jou operasie, want dit is strydig met bogenoemde Skrifbeginsels ten opsigte van die hantering van bloed. Die verwerking van bloeddeeltjies wat later deur die organisasie goedgekeur is, is dus ook volgens *Die Wagtoring* 'n verkeerde gebruik van bloed. Dat dokters wat lid is van die Wagtoring-organisasie toegelaat word om op nie-lede 'n bloedoortapping te doen (*Wagtoring*, 15/11/1964:681-684), is dus ook strydig met die organisasie se siening van hoe met bloed gehandel moet word. Die dokter behoort eerder daardie bloed op die grond uit te gooi en stof daarvoor te gooi.

Nieteenstaande die feit dat die Jehovah-getuies ondertussen die verwerking van bloed en die gebruik van sekere dele daarvan goedgekeur het (dit wil sê dit hoef nie noodwendig op die grond uitgegooi te word nie), hou die organisasie amptelik nog vol dat 'n mens nie sy eie bloed mag trek, stoor en later weer gebruik nie. Tog word daar

wel uitsonderings gemaak volgens 'n brief (WTBTS, 1985c:1-2) wat deur die Wagtoring-organisasie in New York geskryf is aan 'n Jehovah-getuie wat navraag in die verband gedoen het. Daarin word gesê dat bloed wat uitgeneem en gestoor is nie weer in die liggaam teruggesit mag word nie. Bloed wat steeds sirkuleer, byvoorbeeld deur 'n hartlongmasjien of 'n lewerontledingsmasjien, is egter 'n uitsondering en word as vloei deur 'n verlengde sirkulasiesisteem van die liggaam beskou. In sulke gevalle is bloedterugtapping wel toelaatbaar. Andersins moet die opdrag in Deuteronomium 12:16 (die uitgooi van bloed soos water op die grond) uitgevoer word.

Die brief verklaar ook dat 'n bloedterugtapping in die geval van 'n bloedgasanalise op 'n pasgebore of premature baba (waar bloed van die baba getrek word vir analise en daarna teruggeplaas word in die baba wat elke druppel bloed nodig het) wel geregverdig is, want die doel is om die bloed net vir 'n kort rukkie te onttrek en dan terug te plaas, en nie om die bloed te stoor vir latere terugplasing nie.

7.9.2.3 Die weerstand teen bloedoortapping

Volgens die Mediese Vereniging van Suid-Afrika se *Guide to the Maintenance of Ethical Standards* (soos aangehaal deur Payne, 1991:48) mag 'n dokter nie teen die wil van 'n volwasse pasiënt wat hy sy positiewe is (of anders 'n geskrewe verklaring van 'n pasiënt¹² toe hy nog by sy positiewe was) en wat weier om bloedoortapping te ondergaan, 'n bloedoortapping gee nie. Met kinders onder 18 jaar is dit egter nie die geval nie. Toestemming tot bloedoortapping kan teen die wil van die ouer en die kind gegee word deur die betrokke regsowerheid in die gebied.

Daar is egter regsgeleerdes in Suid-Afrika wat nie volledig met hierdie interpretasie saamgaan nie. *Die Burger* van 31/03/1982 (Anon. 1982) haal twee regsgeleerdes (prof. T. Verschoor, hoof van die Departement Strafreë aan die UOVS, en N.J. Grobler, senior lektor in Privaatreë aan die UOVS) aan wat in 'n artikel van die tydskrif *Geneeskunde* sê dat daar wel teen die wil van die ouers aan 'n kind 'n bloedoortapping gegee mag word, "want die welsyn van die kind weeg swaarder as die belang van die ouer om sy geloofsoortuiging uit te leef". Hierby word egter gevoeg dat 'n bloedoortapping ook gegee kan word aan 'n volwasse pasiënt wat "wilsvermoënd" is en 'n oortapping weier, as daardie persoon minderjarige kinders het wat van hom afhanklik is. Op die manier kan die hof "die belang van kinders beskerm", selfs teen die wil van die ouer in. Daar word dan ook daarop gewys dat in 'n Amerikaanse hofsak beslis is "dat 'n swanger vrou teen haar wil aan 'n bloedoortapping onderwerp kan word ten einde die ongebore kind se lewe te red".

Die weerstand teen bloedoortapping word deur die Wagtoring-organisasie so aangeblaas, dat Jehovah-getuies leer om met alle mag te baklei dat hulleself en hulle kinders nie bloedoortappings moet kry nie. In gevalle waar die regsowerheid teen die wense van die ouers in steeds beveel dat 'n bloedoortapping aan 'n kind gegee moet word, leer *Die Wagtoring* van 15/06/1991 (p. 31) dat die Jehovah-getuie-ouers teen die owerheidsgesag moet optree deur hyvoorbeeld met die kind te verdwyn, al maak dit die persoon 'n oortreder van die wet. Van die kind word verwag om met alle krag teen die oortapping te baklei, te skreeu, die oortappingsnaald uit die arm uit te pluk en die sak bloed te vernietig.

Uit koerantberigte is dit duidelik dat hierdie opdrag om met 'n siek en selfs sterwende kind te vlug eerder as om toe te laat dat die kind deur bloedoortapping kan bly lewe, wel deur Jehovah-getuies uitgevoer word. In die tydskrif *Comments from the Friends* (Reed, 1991:8-9) is verskeie sulke koerantberigte opgeneem met titels soos *12-year-old kidnapped from Illinois hospital bed; Sheriffs pick up J.W. boy, helicopter to hospital; Three J.W.'s arrested for blocking transfusion*; en *Father takes child from hospital, flees state*.

7.9.2.4 Gevaar as rede vir weiering

'n Belangrike rede wat die Wagtoring-organisasie teen bloedoortapping aanvoer, is dat dit gevaarlik is. Op die opmerking "Julle laat julle kinders sterf omdat julle bloedoortapping weier. Ek dink dit is verskriklik", leer die Wagtoring-organisasie hulle lede om te antwoord: "Maar ons laat toe dat hulle oortappings kry - die veiliger soort. Ons aanvaar dié soort oortappings wat nie die risiko van dinge soos VIGS, hepatitis en malaria meebring nie. Ons begeer net die beste behandeling vir ons kinders..." (WTBTS, 1985a:72).

Die Jehovah-getuies beweer hierby dat hulle in werklikheid baat vind "by beter mediese behandeling omdat hulle nie bloed aanvaar nie" (WTBTS, 1985a:72). Die rede daarvoor word aangegee as dat dokters versigtiger en meer sekuur opereer as hulle weet dat hulle nie 'n bloedoortapping mag gee nie.

7.9.2.5 Die Bybel as rede vir weiering

Die belangrikste rede vir die weiering om bloedoortappings te ondergaan, is volgens die Jehovah-getuies omdat die Bybel dit verbied (WTBTS, 1977:5). *Redenering uit die Skrif* (WTBTS, 1985a:69) verklaar op grond van Levitikus 17:11-12 die volgende: "Die enigste gebruik van bloed wat nog ooit deur God goedgekeur is, is vir offerandes." Op grond van Genesis 9:3-4 en Levitikus 17:13-16 word geleer dat "dierevleis ... geëet (mag) word,

maar nie die bloed nie . . . Enige voedsel waarby volle bloed of selfs bloedfraksie gevoeg is, mag nie geëet word nie". Op grond van Handeling 15:19-20 en 28-29 word gesê dat hierdie gebod van God dat Israel hulle van bloed moet onthou, ook op Christene van toepassing is.

Dat die opdrag nie net aan Israel gegee is nie maar dat alle mense dit moet gehoorsaam, word afgelei daaruit dat die verbod op die inneem van bloed direk na die vloed aan die hele mensdom gegee is (Gen. 9:3-4 - WTBTS, 1977:7). Nadat die Mosaïese wet deur die Here Jesus volbring is en gelowiges nie meer aan reëls soos die verbod op die eet van vet of die vleis van sekere diere hoef te voldoen nie, bly dit steeds volgens Handeling 15:19-29 'n opdrag van God dat gelowiges hulle "moet onthou van die dinge wat deur die afgode besoodel is en van hoerery en van wat verwurg is en van bloed" (WTBTS, 1977:10-11). Hierdie opdrag is volgens Handeling 21:25 omtrent tien jaar later nog gehandhaaf (WTBTS, 1977:13).

In stryd met hulle standpunt dat die verbod om bloed in te neem op grond van Genesis 9:3-4 'n verbod is wat vir alle mense geld, beweer die Jehovah-getuies op grond van Deuteronomium 14:21 dat die Mosaïese wette aan Israeliete die reg gee om aan vreemdelinge enigiets te gee om te eet, al mag hulle dit self nie eet nie (*Wagtoring*, 1950:271; vgl. Bergman, 198-:4-6). *Die Wagtoring* van 01/07/1951 (p. 416) sluit hierby aan en sê dat mense wat nie Jehovah-getuies is nie self kan besluit of hulle bloedoortappings wil hê of nie, want terwyl die Israeliete hulle van vleis met bloed in onthou het, het hulle geen probleem gehad daarmee dat ander mense dit wel gebruik nie. Hulle het selfs karkasse met bloed in aan buitestaanders verskaf.

Die rede hiervoor is volgens *Die Wagtoring* van 15/06/1957 (p. 383) dat die Israeliete deur God in 'n ander klas as "heilige volk aan die Here jou God" (Deut. 14:21) geplaas is, wat behels het dat hulle voordele en beperkinge gehad het wat nie vir ander volkere gegeld het nie. Daarom sê *Die Wagtoring* van 15/11/1964 (pp. 681-684) dat Jehovah-getuies volgens Deuteronomium 14:21 maar dinge wat bloed bevat soos bloedwors, sekere medisynes en dies meer kan verkoop, of kunsmis wat bloed bevat in opdrag van 'n werkgewer op die lande kan gooi. Verder word gesê dat Jehovah-getuie-dokters self kan besluit of hulle aan pasiënte buite die organisasie bloedoortappings wil gee of nie.

Volgens die Jehovah-getuies (WTBTS, 1977:9) is die Bybelse straf vir iemand van die volk van God wat bloed inneem, dat so 'n persoon "afgesny" oftewel doodgemaak moet word (Lev. 7:26-27; Num. 15:30-31). Daar was egter wel uitsonderings op hierdie straf (Lev. 17:15-16). Die Jehovah-getuies glo dat die straf van God oor iemand wat 'n bloedoortapping ondergaan die ewige dood is, want as dit by bloed kom, "is hulle verhouding met hulle Skepper en God op die spel" (WTBTS, 1977:19).

7.9.3 DIE JEHOVAH-GETUIES SE STANDPUNT GEWEEG

7.9.3.1 Agtergrond en geskiedenis gewee

Die radikale wysigings wat die Wagtoring-organisasie gedurende die laaste 50 jaar aan hulle standpunte oor verskeie mediese-etiese vraagstukke aangebring het, onderstreep die mensgemaakte aard van die organisasie se leerstellings op mediese terrein (vgl. 7.9.2.1). Dat *inenting* eers in die Naam van God afgekeur is, maar later weer goedgekeur is; dat *orgaanoorplantings* eers as kannibalisme wat deur God verbied is beskryf is, maar later weer goedgekeur is; en dat die *inneem van bloedfraksies* as strydig met die gebod van God afgekeur word, en tog ter wille van verligting en oorlewing by sekere siektes goedgekeur word - dit alles maak dit duidelik dat die organisasie met hulle menslike redenasies wat gereeld gewysig word, die lewens van hulle lede op eties ontoelaatbare wyse in gevaar stel.

Terwyl die Jehovah-getuies volhou dat bloedoortapping verkeerd is, laat hulle wel toe dat bloeddeeltjies, bloedplasma en serum wat 'n klein bietjie bloed bevat, herhaaldelik vir die behandeling van siektes gebruik word. Dit is inkonsekwent om die toediening van 'n sekere hoeveelheid bloed in 'n serum ter wille van oorlewing toe te laat, maar 'n bietjie meer bloed ook ter wille van oorlewing in 'n bloedoortapping te weier.

7.9.3.2 Die verbod op bloedoortapping gewee

Die inkonsekwentheid by dit wat die Wagtoring-organisasie as wettige en verbode gebruike van bloed beskryf, is opvallend (vgl. 7.9.2.2). Aan die een kant word geleer dat bloed net vir offerandes aangewend mag word, anders moet dit op die grond uitgegooi en stof daarvoor gegooi word. Op grond hiervan word die aanwending daarvan in skoonheidsmiddels, kunsmis en die gee daarvan aan diere verbied. 'n Mens mag nie eers sy eie bloed wat uitgeneem is, terug in sy are spuit nie. Dit alles omdat bloed volgens die organisasie heilig is.

Aan die ander kant en strydig met die sogenaamde wettige gebruik van bloed hierbo beskryf, word geleer dat bloed verwerk mag word om as serum of ander medikasie te dien, dat Jehovah-getuie-dokters bloedoortappings op nielede mag doen, dat Jehovah-getuies se bloed buite die liggaam deur masjiene mag sirkuleer en dat 'n pasgebore of premature baba se bloed wat vir ondersoekdoeleindes getrek is, ter wille van die welsyn van die baba weer teruggeplaas mag word. Nie in een van hierdie gevalle word gehandel volgens die spesifikasie van die organisasie dat bloed slegs vir offers gebruik mag word of anders op die grond uitgegooi moet word nie.

Dit is dus duidelik dat die Jehovah-getuies wel in sekere gevalle die toediening van bloed goedkeur ter wille van oorlewing (selfs al bly die bloed sirkuleer deur masjiene gaan dit tog uit en weer by die liggaam in), maar in ander gevalle, veral waar dit as bloedoortapping beskryf kan word, mag dit selfs nie eers by 'n dier wat van nature bloed eet gebruik word nie. Dan moet dit skielik op die grond uitgegooi word, of in die geval van 'n mens op die hospitaalbed (*Wagtoring*, 15/06/1991:31; vgl. 7.9.2.3).

Die Jehovah-getuies keur dus in werklikheid nie die inname van bloed af soos hulle sê die Bybel doen (vgl. 7.9.2.5) nie, maar hulle keur slegs sekere gebruike van bloed af, waaronder veral alles wat met die term "bloedoortapping" beskryf kan word.

7.9.3.3 Die weerstand teen bloedoortapping gewees

Dit is interessant dat die wet self die Jehovah-getuies se bloedoortappingsverbod ter syde stel as dit by die welsyn van 'n kind kom. Dit is hieruit duidelik dat ook regsgeleerdes die belang van 'n bloedoortapping in sekere situasies besef.

Die hartseer is dat die Jehovah-getuies deesdae geleer word om 'n siek kind se lewe in gevaar te stel en hulleself voor die wet skuldig te maak, net ter wille daarvan dat die kind nie 'n bloedoortapping moet kry nie (vgl. 7.9.2.3). Dit is veral hartseer omdat die *Wagtoring*-organisasie, wat dit in die Naam van God verbied en voorgee dat die persoon se ewige lewe daardeur in gedrang kom, self nie konsekwent is in sy verbod op die inname van bloed nie (vgl. 7.9.2.2 & 7.9.3.2).

Die weerstand van die organisasie teen bloedoortapping is dus duidelik in botsing met die organisasie se toelating van die gebruik van bloed of deeltjies daarvan in die behandeling van sekere siektes (vgl. 7.9.2.1).

7.9.3.4 Gevaar as rede vir weiering gewees

Dat daar 'n gevaar by bloedoortapping aanwesig is, is nie te betwyfel nie. Dit word ook deur medici erken (*WTBTS*, 1977:47). Dat die gevaar so groot is dat die gebruik van bloedoortapping gestaak behoort te word, is beslis onwaar. Dat die Jehovah-getuies self besef dat daar heelwat gevalle is waar mense se lewens alleen deur 'n bloedoortapping gered kan word, blyk daaruit dat hulle aan Jehovah-getuie-dokters toestemming verleen om aan hulle pasiënte wat nie lede is nie, bloedoortappings te gee (*Wagtoring*, 15/11/1964:683). Dit blyk ook verder uit die feit dat die lede 'n vorm teken waarin hulle sê dat hulle die dokters en mediese personeel onthef van die verantwoordelikheid van 'n

fatale uitkoms wanneer 'n bloedoortapping nie gegee word in gevalle waar dit nodig blyk te wees om die dood te voorkom nie (WTBTS, 1977:29).

Daar is duidelik baie gevalle waar niks anders as 'n bloedoortapping (geen van die sogenaamde veiliger soort oortappings - WTBTS, 1985a:72) 'n pasiënt se lewe kan red nie (Payne, 1991:46-48) en waar bloedoortapping dus die enigste en "beste behandeling" is.

Die gevaar dat Vigs aan hulle oorgedra kan word, word ook deur die Wagtoring-organisasie as 'n rede genoem waarom sy lede nie bloedoortappings ondergaan nie (WTBTS, 1985a:72). In reaksie hierop beweer Reed (1991:4) dat die meeste mense wat Vigs kry dit nie van bloedoortappings kry nie, en dat die meeste mense wat wel 'n oortapping kry, nie Vigs daardeur opdoen nie. Vigs kan ook oorgedra word deur ander mediese aktiwiteite wat wel deur die Wagtoring-organisasie toegelaat word.

Reed (1991:4) wys verder daarop dat besoedelde water 'n mens nie van die drink van skoon water weerhou nie. Behalwe bloed, kan ook onder andere lug wat ingeasem word, water wat gedrink word en kos wat geëet word gevaarlike stowwe vir die mens bevat. Buitendien weier die Wagtoring-organisasie selfs die oortapping van 'n mens se eie bloed, of van byvoorbeeld 'n familielid waarvan 'n mens seker is dat sy bloed skoon is.

'n Belangrike punt wat Reed (1991:4) uitwys, is dat die bloedprodukte wat die Wagtoring-organisasie wel goedkeur ook aan hulle lede Vigs kan gee. Hierdie bloedprodukte sluit volgens *Die Wagtoring* van 01/06/1990 (pp. 30-31) Faktor VIII (vir bloeiers), immuunglobulien (onder andere vir swanger vroue met Rh-onversoenbaarheid), albumien (onder andere vir skok), en verskeie soorte bloedserum (toksoïed) vir die inenting en behandeling van verskeie siektes in. Die organisasie erken selfs dat hulle lede "gesondheidsrisiko's" loop deur van hierdie middels gemaak van ander mense se bloed gebruik te maak.

Soos enige "oorplanting" (WTBTS, 1977:41) of medikasie, het bloedoortapping 'n gevaaraspek. Daar word egter baie navorsing gedoen en goeie opleiding gegee om moontlike slegte gevolge tot die minimum te beperk, maar steeds hierdie goeie hulpmiddel effektief te kan gebruik in die behandeling van pasiënte. Die werklike rede waarom die Wagtoring-organisasie hierdie middel afwys, is nie die gevaar daaraan verbonde of dat hulle nie weet dat dit lewens kan red nie, maar vanweë hulle oortuiging dat die Bybel bloedoortapping verbied.

Daar is reeds daarop gewys dat die Jehovah-getuies nie konsekwent is in hulle verbod op die inneem van bloed nie. Aan die een kant word geleer dat bloed in geen vorm ingeneem mag word nie. Aan die ander kant word toegelaat dat bloedfraksies wel ingeneem word en selfs erken dat dit op die manier ook in die ontvanger se bloedstelsel kom (*Wagtoring*, 01/06/1990:31).

Die vraag is of die Bybel wel die inneem van bloed verbied, en wat die straf vir die oortreding daarvan is. Uit verskeie Ou-Testamentiese gedeeltes (Gen. 9:4; Lev. 17:10-16; 19:26; Deut. 12:20-25; 1 Sam. 14:32-34) blyk dit dat God die eet van vleis wat bloed bevat verbied, onder andere omdat dit as offer aan die Here gebruik mag word (Lev. 17:11). Die Ou Testament verbied ook die eet van die vet van die vleis van beeste, skape of bokke, omdat die vet deel moet wees van die offers wat aan die Here gebring moet word (Lev. 7:23-25). Volgens Levitikus 7:25 en 27 geld dieselfde straf vir die eet van vet en die eet van bloed, naamlik dat die oortreder van hierdie reël "uit sy volksgenote uitgeroei word" ("afgesny word" volgens die *New World Translation*).

Volgens die Wagtoring-organisasie geld die Ou-Testamentiese verbod op die eet van vet nie meer vandag nie, want dit is deur die offer van die Here Jesus volbring (WTBTS, 1977:10). Hierdie opmerking geld egter soveel te meer vir die verbod op die inneem van bloed, in die lig van wat Hebreërs 9:1-10:18 oor die volmaakte bloedoffer van die Here sê.

Die argument van die Jehovah-getuies dat die verbod op die eet van bloed reeds van voor die verbond van God met die Israeliete by Sinaï (Gen. 9:4) kom en dus deur alle mense gehandhaaf moet word, word deur hulle eie redenasie op grond van Deuteronomium 14:21 (vgl. 7.9.2.5) verkeerd bewys. Hier kan daarop gewys word dat die Sabbatsgebod wat die Jehovah-getuies nie meer handhaaf nie omdat hulle dit in die Here Jesus vervul sien, ook van voor die wetgewing aan die Israeliete by Sinaï kom (Gen. 2:2-3; Eks. 16:21-30).

Om seker te maak of die bloedverbod van die Ou Testament vir die Nuwe-Testamentiese gelowige geld of nie, moet die Nuwe Testament hieroor geraadpleeg word. Dit is dan ook wat die Jehovah-getuies doen. Op grond van Handeling 15:19-29 stel die Jehovah-getuies dat die verbod op die inname van bloed steeds vir die Nuwe-Testamentiese gelowiges gegeld het. Dat dit geen tydelike maatreeël was nie, lei hulle daarvan af dat die verbod amper tien jaar later steeds gegeld het (Hand. 21:25).

Handelinge 15 handel oor die probleem waarmee die jong kerk gesit het dat die gebruike van die gelowiges uit die Jodedom en gelowiges uit die heidendom verskil het. Om mekaar tegemoet te kom, word besluit dat van al die verskillende gebruike, vier gebruike uit die Jodedom deur die gelowiges uit die heidendom nagekom moet word, naamlik onthouding van die eet van afgodsvleis, verwurgde diere, bloed, asook onthouding van hoerery. Volgens Grosheide (1950b:21) volg die kerklike sinode hier die goue reël om aan ander te doen wat jy aan jouself gedoen wil hê. Die gelowiges moes mekaar ter wille wees.

Die vraag is egter of hierdie vier sake ook in die res van die Nuwe Testament as ewiggeldend beskryf word. Die verbod op hoerery word beslis verder in die Nuwe Testament gehandhaaf (1 Kor. 6:12-20). Die verbod op die eet van afgodsvleis, verwurgde diere en bloed egter nie, soos uit die volgende Skrifgedeeltes blyk:

In 1 Korintiërs 8 handel Paulus oor die eet van vleis wat aan afgode geoffer is, en wat dus deur die sinode in Handelinge 15 verbied is. Paulus verklaar dat sulke vleis wel geëet kan word, want 'n afgod is tog iets wat nie bestaan nie (1 Kor. 8:4, 8). Maar nie dit of enige ander vleis mag geëet word as dit vir iemand anders tot struikeling kan wees nie (1 Kor. 8:7-13).

In lyn hiermee stel Paulus in 1 Korintiërs 10:25 dat gelowiges "alles wat in die slaghuys verkoop word" kan eet "sonder om navraag te doen". Volgens Groenewald (1967:133-134) is dit dus volkome geoorloof vir die Christen om in die slaghuys (destyds die marksaal wat gewoonlik naby die afgodstempel geleë was) vleis te koop. "Onder die vleis wat te koop aangebied word, is daar gewoonlik ook afgodsoffervleis."

Die mense wat die slaghuys bedryf, sou waarskynlik met die slagting van die diere nie op die Joodse manier gesorg het dat al die bloed eers uitloop nie. Ook is dit moontlik dat diere wat verwurg is se vleis te koop aangebied is. Paulus sê egter dat dit alles geëet kan word, sonder om navraag te doen. Duidelik geld die reël wat in Handelinge 15 vasgelê is nie meer vir drie van die vier sake daar genoem nie. Tog word weereens beklemtoon (in lyn met Hand. 15) dat 'n mens in dit alles "geen oorsaak van struikeling" vir ander moet wees nie (1 Kor. 10:32-33).

1 Korintiërs 10:27 leer gelowiges om "alles" wat hulle heidense vriende aan hulle voorsit te eet "sonder om navraag te doen". Weereens leer die vers dat 'n mens, anders as wat Handelinge 15 sê, wel afgodsvleis (vgl. vs. 28) mag eet (Grosheide, 1954:131-132). Dit veronderstel egter ook dat 'n mens vleis kan eet wat nog bloed bevat en vleis van diere wat verwurg is, aangesien die heidense vriend hom seer sekerlik nie aan Joodse gebruike sou steur nie. In lyn met Handelinge 15 word egter beklemtoon dat as 'n ander

se gewete deur die Christen se eet van die kos belas word, die Christen wat die reg en die vryheid daartoe het om alles te eet, dit ter wille van die ander persoon nie doen nie (1 Kor. 10:28-30).

Die ander persoon moet egter van sy kant af nie die Christen belaster wat volgens vers 27 alles eet wat aan hom voorgesit word (wat afgodsvleis, diere wat verwurg is en vleis wat nog bloed bevat kan insluit) en dit met danksegging teenoor God doen nie (1 Kor. 10:30).

Dit is dus duidelik dat die nakoming van drie van die vier voorskrifte wat in Handeling 15:29 en 22:25 genoem word as tydelike oorgangsmatreëls ter wille van die gelowiges uit die Jodedom, later volgens Paulus nie meer nodig was nie. Grosheide (1950b:28) verwys dan ook onder andere na 1 Korintiërs 8-10 as hy sê dat die geldigheid van die sinodebesluite beperk is. "Er is geen besluit genomen, dat door de kerk van alle tijden moeten worden in acht genomen, maar een besluit dat een oplossing bedoelt te geven aan een bepaalde moeilijkheid."

Hierdie siening kom ook ooreen met wat die Here Jesus aan die Jode oor "die oorlewering [oorgelewerde gebruike - HGS] van die ou mense" leer (Matt. 15:2) as Hy in Matteus 15:11 sê: "Nie wat in die mond ingaan, maak die mens onrein nie; maar wat uit die mond uitgaan, dit maak die mens onrein." Die Here Jesus verduidelik dit dan soos volg aan Sy dissipels (Matt. 15:17-18): "Begryp julle nog nie dat alles wat in die mond ingaan, in die maag kom en in die heimlikheid uitgewerp word nie? Maar die dinge wat uit die mond uitgaan, kom uit die hart, en dit is dié wat die mens onrein maak." Wat die mens as voedsel inneem, het dus geen invloed op Sy verhouding met God nie (soos die Jehovah-getuies ten opsigte van die inname van bloed wel beweer).

Om die rede noem Jesus in Matteus 15:14 die Joodse leiers wat "die oorlewering van die ou mense" beklemtoon "blinde leiers van blindes". Hy skok dan ook die Jode wat agter Hom aangekom het deur (wel figuurlik gesproke - verwysende na die nagmaal) in Johannes 6:53-56 te sê dat hulle ter wille van die ewige lewe Sy vleis moet eet en Sy bloed moet drink. Die gevolg daarvan is dat baie van Sy navolgers Hom verlaat (Joh. 6:66).

Wat die vier dinge genoem in Handeling 15 betref (waarvan Paulus beslis kennis gedra het - Hand. 21:25), sê Paulus in 1 Korintiërs 6:13 dat die maag en die voedsel wat ingeneem word tot die tydelike behoort en dat dit nie soos hoerery die ewige lewe van die mens kan beïnvloed nie (1 Kor. 6:13-20). Slegs die verbod op hoerery bly dus geld. Die verbod op die eet van afgodsvleis, diere wat verwurg is en bloed geld nie meer nie, tensy 'n mens deur die gebruik daarvan "'n ander tot struikeling" is (1 Kor. 8:7-13; 10:28-

32). Die inname van bloed, en beslis ook bloedoortapping, is dus nie vir die Nuwe-Testamentiese gelowige verbode nie.¹³

7.9.3.6 Gebied die Bybel bloedoortapping?

Soos hierbo gesien (vgl. 7.9.3.5), was die Ou- Testamentiese straf vir die eet van bloed en die eet van vet (beide is vir offers gebruik) dieselfde, naamlik dat 'n persoon wat dit doen van sy volksgenote afgesny moes word (Lev. 7:25, 27). Soms was daar egter wel 'n manier om vir sulke gevalle boete te doen en die straf daarvoor vry te spring (Lev. 17:14-16), soos die Wagtoring-organisasie dan ook erken (WTBTS, 1977:9).

Die straf vir bogenoemde oortreding, naamlik dat die oortreder van die volk van God afgesny moes word, is volgens Noordtjij (1940:91) omdat 'n Israeliet deur byvoorbeeld die gebruik van bloed hom identifiseer met die heidense volkere rondom. Die ander volkere van die oud-Oosterse wêreld het bloed ingeneem om daardeur die lewenskrag van die dier in te kry, in ekstase te raak en so gemeenskap met die godheid te verkry. Noordtjij sê dan dat iemand wat wel die verbode vet of bloed gebruik het, "het recht op een leven in het midden van het volk des Heeren ten eenemale verbeurd". Wanneer lede van die volk egter wel vleis met bloed eet soos in 1 Samuel 14:32-34 opgeteken is, word hulle daaroor berispe maar nie van die volk afgesny nie.

In teenstelling hiermee moes Israeliete wat ten opsigte van die Sabbat oortree het, doodgemaak word (Eks. 31:15). Hierdie doodstraf is beslis op skenders van die Sabbat toegepas (Num. 15:32-36). As na die verskil in straf gekyk word, is die oortreding van die Sabbatswette as iets ergers gesien as die oortreding van die verbod op die gebruik van bloed.

Die Here Jesus gee in Matteus 12:1-13 egter 'n baie belangrike riglyn. Selfs die Sabbatswette wat by die oortreding daarvan met die dood gestraf kon word, mag oortree word as die lewe van 'n mens of selfs die lewe van 'n dier op die spel is. Die lewe van mens en dier is dus selfs belangriker as die nakoming van hierdie wet. Dit sou verkeerd wees as 'n mens die lewe van 'n dier in gevaar sou stel deur die Sabbatswette te handhaaf.

Hieruit kan afgelei word dat die lewe van mens en dier ook belangriker as die bloedverbod is. Selfs as die verbod op die eet van bloed vandag nog sou geld, en selfs as bloedoortapping werklik as die eet van bloed gedefinieer kon word soos die Jehovah-getuies beweer, dan word daar steeds van die mens verwag om eerder 'n lewe te red (en dus bloedoortapping toe te pas) as om die sogenaamde bloedverbod te gehoorsaam en iemand te laat doodgaan.

Die Here som die hele wet op as liefde tot God en liefde tot die naaste (Matt. 22:37-40). Uit liefde vir sy naaste moet die gelowige bereid wees om op te offer vir sy oorlewing en versorging (Luk. 10:25-37). Deur dit nie te doen nie, plaas die mens sy ewige lewe op die spel (Matt. 25:41-46). Deel van hierdie offer wat van 'n mens gevra word, is die bereidheid om jou bloed te gee vir die oorlewing van 'n ander.

Nuwe-Testamentiese gelowiges word nie verbied om bloed in te neem nie (vgl. 7.9.3.5). Buitendien is bloedoortapping beslis nie die eet van bloed soos dit in die Ou Testament verbied word nie, al maak die Wagtoring-organisasie so 'n bewering. Die Jehovah-getuies laat self die inneem van bloed toe deur hulle lede nie te verbied om slaghuisvleis of kos by nielede te eet nie (1 Kor. 10:25, 27)¹⁴, en ook toe te laat dat hulle bloeddeeltjies inneem om mediese redes.

Wat wel in die Bybel gebied word, is dat die gelowige sy naaste moet liefhê en ten opsigte van die lewe moet bystaan. Dit sluit die huidige mediese ontwikkeling van bloedoortapping in. Wie weier dat 'n bloedoortapping aan homself, 'n kind of afhanklike, of aan enigiemand anders gegee word, tree nie in liefde teenoor daardie persoon en in respek vir die lewe wat God gee op nie. Die opdrag van die organisasie in die verband (al ontken die organisasie dit - WTBS, 1977:20-24) kom in wese neer op die opdrag tot (passiewe) selfmoord en moord.

7.9.4 SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING

'n Mens hoor en lees van tyd tot tyd van Jehovah-getuies wat gesterf het as gevolg van hulle weiering om bloed te gebruik (bv. Payne, 1991:46-48), maar ook van kinders, veral babas, wat teen die uitdruklike wens van die Jehovah-getuie-ouers dat die kind eerder moet sterf as om 'n bloedoortapping te ontvang, wel bloed ontvang en bly lewe (bv. Palestrant, 1981:3). Volgens Goedelman (1987a:12) is die meer as 900 mense wat selfmoord gepleeg het in die Jim Jones-kulte, maar min in vergelyking met die hoeveelheid Jehovah-getuies wat al gesterf het vanweë hierdie groep se verbod op bloedoortapping. Dit is dus duidelik dat 'n mens hier met 'n leerstelling te doen het wat nie net die ewige lewe van mense kan beïnvloed nie,¹⁵ maar wat ook in hierdie lewe baie mense laat sterf.

Uit die bespreking van die Jehovah-getuies se standpunt ten opsigte van die gebruik van bloed, het dit duidelik geblyk dat daar soveel weersprekings in hierdie standpunt voorkom dat dit eintlik die organisasie se mening oor die saak by hulle lede ongeldig moet maak. Hoewel die organisasie bloedoortappings verbied, word die inname van alle vorme van bloed tog nie verbied nie. Heelwat dinge wat in die verlede verbied is en die

ongesteldheid en dood van baie lede kon veroorsaak as hulle wel daaraan gehoor gegee het, is later weer gewysig en goedgekeur.

Hoewel die Ou Testament hom nêrens teen bloedoortapping uitspreek nie, hou die Jehovah-getuies vol dat die verbod op die eet van bloed in vleis ook bloedoortapping insluit. Die Nuwe Testament handhaaf egter nie eers die verbod op die eet van vleis met bloed nie, tensy dit as 'n struikeling vir geloofsgenote uit die Jodedom dien. Wat wel duidelik gestel word, is dat God rekenskap sal eis van hoe elke mens sy naaste in hierdie lewe bygestaan het. Hieruit kan die gevolgtrekking gemaak word dat liefde tot die naaste juis die skenk en oortapping van lewewegende bloed insluit.

Die Jehovah-getuies se verbod op bloedoortapping was in die verlede verantwoordelik vir die onnodige dood van baie van hulle lede. Omdat die Bybel nie bloedoortapping en die Nuwe Testament boonop nie die inkry van bloed verbied nie, sterf die mense nie in diens van God nie, maar in diens van 'n organisasie. Op hierdie onbybelse manier beheer die Wagtoring-organisasie nie net die lewens van sy lede nie, maar ook hulle dood. Daarom is dit geregverdig om die Jehovah-getuies as 'n onchristelike kulte te beskryf.

7.10 IS DEELNAME AAN POLITIEK EN MILITÊRE DIENS VERKEERD?

7.10.1 INLEIDEND

Die ander etiese vraagstuk waarop ingegaan moet word, is die Jehovah-getuies se standpunt dat deelname aan politiek en militêre diens verkeerd is in God se oë. Indien dit werklik verkeerd is, staan die Christendom in hierdie opsig skuldig. Indien dit nie verkeerd is nie, is dit net nog 'n maatreël waardeur die Wagtoring-organisasie beheer oor sy lede uitoefen.

7.10.2 DIE STANDPUNT OOR POLITIEK GEWEEG

7.10.2.1 Die Jehovah-getuies se standpunt oor politiek

Om die Wagtoring-organisasie se siening van oorlog en militêre diens te kan beoordeel, moet 'n mens insig hê in hulle siening van politiek in die algemeen. Hulle verbied hulle lede om self enigsins betrokke te raak by enige vorm van politiek. Hulle dra egter finansiële by tot die instandhouding van politieke instellings en die weermag, deurdat

hulle (op grond van Matteus 22:15-21) aan hulle volgelinge toestemming gee om belasting te betaal (*Wagtoring*, 01/08/1985:4-5).

In 'n artikel in *Die Wagtoring* van 01/08/1985 (pp. 4-7) gee die organisasie die motivering waarom hulle lede nie politieke betrokke mag raak nie. Die rede is dat hulle Jesus Christus se voorbeeld in die opsig moet navolg. Jesus het as "stigter van die Christendom" alle politieke mag verwerp. Toe die mense Hom wou koning maak, het Hy dit geweier (Joh. 6:15). Hy stel dan ook duidelik aan Pilatus dat Sy koninkryk nie van hierdie wêreld is nie. Die eerste Christene het, volgens die artikel, Christus hierin nagevolg en hulle nie met politieke of sosiale probleme (waaronder slawerny) opgehou nie.

Uit hierdie gegewens lei die Wagtoring-organisasie af dat God vereis dat Christene hulle sal weerhou van politieke en maatskaplike sake. Soos die eerste Christene, moet hulle al hulle aandag wy aan die verkondiging van die koninkryk van God. Dat die hedendaagse Christene politieke en maatskaplik betrokke is, is dus 'n duidelike bewys dat hulle valse Christene is. Om aan politiek deel te neem, beteken vir die organisasie dat 'n mens 'n vriend van die wêreld en dus 'n vyand van God is (Jak. 4:4).

7.10.2.2 Die standpunt geweeg

As hierdie eksegeese en toepassing van die Wagtoring-organisasie waar sou wees, sou dit beteken dat die Christendom, veral vanaf die tyd van die eerste Christen-keiser van die Romeinse ryk, Konstantyn, tot en met vandag, opgetree het in stryd met God se bevel om niks met politieke en maatskaplike sake te doen te hê nie. Die enigste getroues sou dan die Christene gewees het wat hulle deur die eeue onttrek het aan sulke sake, soos die Roomse monnike en nonne wat in die Middeleeue eenkant in kloosters gaan woon het, asook verskeie kleiner godsdienstige groepe, waaronder die hedendaagse Jehovah-getuies.

Die feit is egter dat God die Christen nêrens in die Bybel verbied om politieke of maatskaplik besig te wees nie. Die gedeeltes wat bogenoemde *Wagtoring*-artikel aanhaal, bewys selfs die teendeel. So word Daniël 2:44 onder andere aangehaal as bewys dat ware gelowiges hulle nie ophou met die politiek van hierdie wêreld nie. In hierdie vers word vertel van die Messiaanse ryk wat aan die kom is en wat al die heidense ryke, onder andere dié van Nebukadneser, hier op aarde sal vernietig en dan vir ewig sal bestaan.

As 'n mens egter Daniël 2:44 teen die agtergrond van die hele gedeelte lees, is dit duidelik dat hier nie 'n verbod op gelowiges om aan politiek, selfs aan heidense

regerings, deel te neem ter sprake is nie. Net 'n paar verse verder (vs. 48-49) word gesê dat die vier gelowige manne, wie se geloofsdade in hierdie boek as voorbeelde beskryf word van wat God van gelowiges verwag, almal deelgeneem het aan die politiek van die dag. Hulle het topposisies in daardie en in daaropvolgende (vgl. Dan. 6:1-4) heidense regerings beklee. Sodoende het hulle die geleentheid gehad om God se verordeninge tot op die hoogste regeringsvlak te laat geld (vgl. Dan. 3:27-30; 6:1-4, 21-29).

Nêrens vind 'n mens in die Bybel 'n verbod om aan politieke of maatskaplike sake deel te neem nie. 'n Mens kry eerder telkens die opdrag om soos sout in 'n wêreld te wees wat, weens die sondige aard daarvan, laf geword het (Matt. 5:13). Christene het die roeping om God se gebod op elke lewensterrein te laat geld, ook op dié van die staatkunde (vgl. Calvin, 1991:1821-1836). Volgens Van Wyk (1991:212) is *kerstening* van die politiek nodig om dit diensbaar te maak aan die koninkryk van God. "Wat ons vandag in Suid-Afrika meer as ooit nodig het, is 'n kerk van die koninkryk en 'n politiek van die koninkryk, dit wil sê 'n samelewing wat God dien, op weg na die nuwe aarde."

Dat Christus nie 'n gewone politieke figuur wou wees nie, is geen opdrag aan Christene om nie in regeringsposisies te dien nie. Christus het nie gekom om 'n tydelike aardse koninkryk op te rig nie. Soos bogenoemde *Wagtoring* self aanhaal, sê Hy aan Pontius Pilatus dat Sy koninkryk nie van hierdie wêreld is nie (Joh. 18:36). Christus veroordeel egter daarmee nie die bestaan van maghebbers, regerings of politiek soos *Die Wagtoring* voorgee nie. Net 'n paar verse verder (Joh. 19:10-11) sê Jesus dat Pilatus tereg verklaar dat hy as goewerneur mag oor Jesus het om Hom dood te maak of te laat bly lewe. Waar kom hierdie regerings- en regterlike mag vandaan? Die Here Jesus sê dat dit deur God aan Pilatus gegee is. Selfs die godgegewe mag van die keiser is deur Jesus erken wanneer Hy in Matteus 22:21 sê: "Betaal aan die keiser wat die keiser toekom . . ." (vgl. Calvin, 1991:1838-1839).

Die argument van *Die Wagtoring* dat die Christen, op grond van die voorbeeld van Christus, nie mag deelneem aan die politiek nie, gaan duidelik nie op nie. Net so min as wat die feit dat Jesus nooit getrou het nie beteken dat alle Christene Sy voorbeeld moet volg en nooit trou nie, net so min beteken die feit dat Jesus nie 'n aardse koning in Palestina wou word, dat geen Christen in enige regering mag dien nie.

Christus was wel op maatskaplike gebied betrokke in soverre dit deel was van die taak waarvoor Hy aarde toe gekom het. So beveel Hy hyvoorbeeld 'n ryk man om sy goed te verkoop en dit aan die armes te gee (Mark. 10:21, vgl. ook Luk. 16:21) en sê Hy dat 'n mens belasting moet betaal (Mark. 12:17). Dwarsdeur die Bybel word gelowiges dan ook opgeroep en vermaan tot maatskaplike betrokkenheid (vgl. bv. Am. 5:9-24 en Ef. 4:28).

Hoewel *Die Wagtoring* reg is dat die eerste Christene nie juis aktief by die politiek van die dag betrokke was nie, is dit steeds nie 'n bewys van 'n Goddelike bevel daarteen nie. Die Romeinse ryk was in die beginjare van die Christendom 'n wrede vervolger van die Christene en sou hulle beslis nie in regeringsposisies aangestel het nie. Toe sake egter verander het onder Konstantyn, het die Christene aktief aan politieke sake begin deelneem om so God se wil op alle terreine te laat geld.

In die tyd toe die Nuwe Testament geskryf is, lees 'n mens egter wel van regeringsampnare en soldate wat gelowiges is of tot bekering kom. Aan nie een van hulle word opdrag gegee om uit sy posisie te bedank nie; intendeel, Jesus praat van die "groot geloof" van die Romeinse hoofman oor honderd (Luk. 7:9). Johannes die Doper verbied die soldate wat gedoop wil word nie om soldate te wees nie, maar sê hulle moet tevrede wees met hulle soldy en altyd regverdig optree (Luk. 3:14). Petrus doop die hoofman oor honderd van die Italiaanse leerafdeling, wat in die Bybel beskryf word as "'n regverdige en godvresende man", sonder dat daar sprake is dat hy die man se militêre of regeringsposisie veroordeel (Hand. 10 & 11). Paulus erken die gesag van die keiser deur hom op die keiser te beroep vir 'n regverdige uitspraak (Hand. 25:11).

7.10.2.3 Wipplankryery ten opsigte van die politiek

Nie net is daar geen Skriftuurlike gronde vir die negatiewe beleid van die Wagtoring-organisasie ten opsigte van die politiek nie. Daar is ook (soos onder andere uit bogenoemde verse blyk) duidelike bewyse dat owerheidinstellings deur God gewil is, en dat gelowiges sover moontlik daarin 'n rol te speel het sodat die oppergesag van God ook deur die owerheid erken word (Dan. 3:27-30; 6:26-29). 'n Duidelike bewys van die krisis wat die diskrepansie tussen die Skrif en die organisasie se siening in die verband meebring, is die organisasie se wipplankryery oor hoe die gesag wat God aan die owerheid gee volgens Romeine 13 verklaar moet word.

In Romeine 13:1-4 gee God opdrag dat elke mens hom aan die owerhede moet onderwerp, want die owerhede is deur God ingestel en het mag ontvang om te sorg vir 'n goeie samelewing en om die wat kwaad doen te straf. Nie net moet 'n mens jou aan die gesag van die owerheid onderwerp nie, maar jy moet hulle ook help om hulle godgegewe werk te doen deur aan hulle belastinggeld te gee (Luk. 20:25) en hulle met eerbied te behandel.

Weens hulle argwaan teenoor politieke instellings en regerings, is dit vir die Jehovah-getuies moeilik om te aanvaar dat die Here so positief teenoor owerhede ingestel is dat Hy hulle Sy dienaars noem. Vir die Wagtoring-organisasie is dit belangrik dat sy lede

alleen onder sy gesag staan, sodat hy 'n absolute houvas op hulle kan hê (vgl. hfst. 3). Daarom het die organisasie op 'n stadium probeer voorgee dat Romeine 13 eerder na hom verwys as na aardse regerings. In een van die organisasie se publikasies (WTBTS, 1946:248) word die volgende gesê: "... Romans 13:1-7 ... the 'higher powers' there mentioned are the principal ruling factors of God's congregation, namely, the invisible governing body of God's kingdom. The apostle did not intend his mention of the higher powers to be applied to men visible to human eyes who are rulers of this evil world run by Satan."

In 'n ander publikasie van die organisasie (WTBTS, 1959:91) word erken dat die organisasie eers geleer het dat die hoër owerhede waarvan Romeine 13 praat na aardse politieke regerings verwys, maar dat die organisasie ondertussen "skoongemaak is" van sulke "valse leerstellings". Volgens hulle publikasie *The Truth Shall Make You Free* (WTBTS, 1943:312) het "in 1929 die duidelike lig (van God) deurgebreek" dat Romeine 13 nie na aardse regerings verwys nie, maar na die regering van "Jehovah God en Christus Jesus" soos dit geskied deur "God se organisasie".

Die organisasie het later egter self die onhoudbaarheid van hierdie eksegeese van Romeine 13 ingesien, al is die siening beskryf as 'n insig deur God self gegee. In die 1975-Jaarboek van die organisasie (WTBTS, 1974:238) word gesê dat "die hoër owerhede waarvan in Romeine 13 sprake is sekulêre regeringsmagte is, wat deur Jehovah toegelaat word om vir eers hulle posisie en verantwoordelikhede te behou". So het die organisasie ook wat hierdie leerstelling betref wipplank gery ten einde te probeer om die Skrif hulle leerstellings te laat naspreek. Die lede moes die standpunt van die organisasie telkens onvoorwaardelik glo en verkondig.

Nieteenstaande hierdie erkenning dat Romeine 13 daarna verwys dat aardse regerings dienaars van God is, gaan die Jehovah-getuies vandag steeds voort om hulle lede te verbied om enigiets met aardse regerings te doen te hê, as sou dit nie 'n instelling van God wees wat die ondersteuning en betrokkenheid van gelowiges vereis soos wat Romeine 13 sê nie. Hoewel die leerstelling dus noodgedwonge moes verander het, het die negatiewe praktyk om enige deelname in aardse regerings te verbied steeds gebly. Jehovah-getuies word steeds verbied om lid te word van 'n politieke party, om te staan as kandidaat in 'n verkiesing en om in 'n verkiesing te stem (WTBTS, 1983b:166). So word die lede verhoed om enigiets te doen te hê met wie aangestel word as deel van die owerhede, die dienaars van God.

7.10.3 DIE JEHOVAH-GETUIES SE STANDPUNT OOR MILITêRE DIENS GEWEEG

7.10.3.1 Militêre diens

Die Jehovah-getuies se siening van die weermag is in Suid-Afrika alombekend. Van die tyd dat verpligte militêre diens in Suid-Afrika ingestel is, het hulle weiering om daaraan deel te neem en die vonnisse wat hulle daarvoor ontvang het, baie prominensie in die plaaslike media ontvang.¹⁶ Uit die verskillende artikels blyk dat dit vir die Jehovah-getuies nie gaan, soos by ander gewetensbeswaardes, oor die regverdigheid al dan nie van die saak waarvoor geveg word nie. Hulle is uit beginsel geheel en al gekant teen enige militêre aktiwiteite en deelname. Wêreldwyd weier die organisasie dat hulle lede op enige manier by militêre aangeleenthede betrokke raak.¹⁷ Hulle word selfs verbied om gemeenskapsdiens te doen as die weermag op enige manier daarby betrokke is.

Omdat die Wagtoring-organisasie negatief ingestel is teenoor staatsinstellings en politieke mag, is dit uiteraard vir Jehovah-getuies moeilik om die nodigheid in te sien daarvan dat 'n staat sy gesag moet afdwing en sy burgers moet beskerm met behulp van 'n polisiemag en 'n weermag.

In die begin toe die Wagtoring-organisasie nog erken het dat die hoër owerhede waarvan Romeine 13 praat na aardse regerings verwys (vgl. 7.10.2.3), het die organisasie sy lede toegelaat om militêre diens te verrig. In *Die Wagtoring* van 01/08/1898 (p. 231) staan geskryf: "There is no command in the Scriptures against military service." Daar word verder gesê dat selfs op mense geskiet mag word, solank net probeer word om nie dood te skiet nie. In *Die Wagtoring* van 15/04/1903 (p. 120) word verklaar dat lede nie gewetensbeswaard moet wees om deel van die weermag te word nie, en dat die Here saam met die lede van die organisasie sal gaan en hulle Hom kan dien in en deur hulle betrokkenheid by die weermag.

Met die veranderde siening van aardse regerings en hulle mag, het daar ook 'n negatiewe siening van die weermag gekom. Dit het nie verander nadat weer erken is dat Romeine 13 na aardse owerhede verwys en die owerheid dus 'n dienaar van God is nie. So verklaar *Die Wagtoring* van 01/02/1951 (p. 73) dat Jehovah-getuies as gevolg van gewetensbesware nie deelneem aan weermagaktiwiteite nie; en 'n ander publikasie van die organisasie (WTBTS, 1983b:167) dat Jehovah-getuies nie eens ander werk in die plek van die vereiste militêre diens mag aanvaar nie.

Hoewel die organisasie so absoluut negatief ingestel is teenoor die veiligheidsmagte, geniet hulle steeds die beskerming wat hierdie magte bied en erken lede in gesprekke

dat hulle dit nie as verkeerd beskou om die veiligheidsmagte in te roep wanneer hulle in nood verkeer nie. Die destydse president van die organisasie, Rutherford, het selfs van 'n polisieman gebruik gemaak om lede wat nie sy gesag wou aanvaar nie te dwing om uit die hoofkwartier van die organisasie pad te gee (vgl. 4.4).

7.10.3.2 Selfverdediging

In aansluiting hierby is dit interessant dat hierdie organisasie wat hulle lede verbied om deel te wees van veiligheidsmagte wat hulle en ander mense moet beskerm, tog aan hulle lede die reg gee nie net om van die veiligheidsmagte gebruik te maak nie, maar ook om hulleself en ander te verdedig. In die *Ontwaak!* van 08/09/1975 (pp. 27-28) word gesê dat selfverdediging instinktief is en dat die beginsel gestel in Matteus 5:39 (draai die ander wang) nie daarvoor geld nie. Selfs as 'n mens in sekere omstandighede iemand in die proses van selfverdediging sou doodslaan, rus daar geen bloedschuld op jou nie. Selfs Lukas 22:38 waar verwys word daarna dat Jesus se dissipels twee swaarde by hulle gehad het, word as motivering vir selfverdediging en die verdediging van ander gebruik.¹⁸ 'n Mens mag ook in selfverdediging jou gesin beskerm (Ef. 5:25), sê die *Ontwaak!*. Die *Wagtoring* van 01/06/1968 (p. 347) sê dat lede ook hulle "geestelike broers en susters" wat aangeval word mag verdedig, en gebruik hiervoor Johannes 15:13 as bewys: "Groter liefde het niemand as dit nie, dat iemand sy lewe vir sy vriende gee."

Hierdie redenasie van die Wagtoring-organisasie het egter implikasies wat die organisasie beslis nie sal wil erken nie. As selfverdediging geregverdig is in noodsituasies, en as die verdediging van jou gesin en medegelowiges ook regverdigbaar kan wees, behoort dit, volgens die Skrifbeginsel dat ons ons naaste so lief soos onself moet hê (Matt. 22:37), logies te wees dat ons enige persoon wat aangeval is of word, te hulp moet kom. Om dit nie te doen nie, is om soos die priester en Leviet verby die man te stap wat halfpad doodgeslaan is (Luk. 10:27-37). Volgens dit wat die Here 'n mens hier leer, kan jy nie 'n lyn trek by jouself, jou gesin en selfs nie eers by jou medegelowiges nie, maar moet 'n mens bereid wees om enigiens te hulp te kom.

Krediet moet gegee word aan mense (waaronder die polisiemag, brandweer, ens.) wat bereid is om ander op 'n permanente grondslag te verdedig en te hulp te kom. Dit moet onder die beheer van die owerhede aan wie God die mag en opdrag gegee het om die kwaaddoener te straf geskied (Rom. 13:1-7). Hierdie mense moet dan ook betaal word uit almal se belastinggeld. As die land egter deur 'n mag binnegeval word wat die orde versteur, mense beseer en doodmaak en eiendom beskadig, dan vereis 'n gelowige se liefde vir sy naaste dat hy sy naaste te hulp sal snel en op 'n georganiseerde manier, as dienaar van God onder leiding van die owerheid (weermag), die kwaaddoeners sal straf.

Hierdie logiese deurtrek van dit wat die Wagtoring-organisasie sê, gegrond op die Skrif, wil die organisasie egter geensins aanvaar nie.¹⁹

7.10.3.3 Wanpraktyke

Gewoonlik word daar heeltemal tereg gewys op verkeerde dinge wat al plaasgevind het tydens die optredes van die veiligheidsmagte. Daar word ook graag daarop gewys dat kerkleiers in oorloë verskillende kante ondersteun het. So word byvoorbeeld in *Die Wagtoring* van 01/08/1985 (p. 6) daarop gewys dat tydens die oorlog tussen Boer en Brit in die begin van hierdie eeu in Suid-Afrika, predikers van die invallende Britse magte hulle aan die kant van hulle magte geskaar het, terwyl predikers in Boeregeleedere vierkantig agter hulle volksgenote gestaan het. God se seën kon tog nie op albei kante gerus het nie.

Selfs al kan daar gewys word op heelwat wandade wat deur weermagdele, polisiemanne en dergelike persone gepleeg is, en ook dat regerings om selfsugtige en imperialistiese redes (en nie in opdrag van God om kwaaddoeners te straf nie) hulle veiligheidsmagte aangewend het, neem hierdie verkeerde aanwending van hulle mag nie weg dat God owerhede daargestel en dat hulle 'n taak in diens van God het nie. 'n Mens kan tog nie met die huwelik wegdoen of weier om daarvan deel te wees, omdat dit deur so baie mense verkeerd hanteer word nie. Die huwelik is deur God ingestel met 'n spesifieke doel en voorskrifte waarby gehou moet word. Net so is die owerheid deur God ingestel onder andere met die spesifieke doel om kwaaddoeners te straf. Dit is belangrik dat Christene sover moontlik hieraan moet deelneem om te sorg dat die owerheid ook in dié opsig sy werk verrig en nie sy magte oorskry nie. Selfs in sy gehoorsaamheid aan die owerheid (Tit. 3:1) bly dit egter steeds vir 'n gelowige geld dat 'n mens God meer gehoorsaam moet wees as enige mens, insluitende die owerheid (Hand. 5:29).

7.10.3.4 Die Skrif en oorlog

Op grond van wat die Skrif oor oorlog en die verdediging van 'n mens se land leer, maak De Bruyn (1993:143) die gevolgtrekking dat een volk nie teen 'n ander oorlog mag gaan maak om hulle van hulle land en besittings te beroof nie. Dit sou neerkom op diefstal en moord. Maar as 'n ander volk die aggressor is en die mense van jou land en hulle besittings bedreig, sê De Bruyn dat gelowiges dan uit liefde vir hulle naaste bereid moet wees om hulle en hulle besittings te help verdedig. As van die aanvallers in die proses sneuwel, word dit nie as moord deur die verdedigers gesien nie.

Hierdie siening van De Bruyn maak baie sin. Hoewel God sonde haat, laat Hy in hierdie bedeling steeds toe dat kwaad bestaan. Dit sal so voortduur tot op die oesdag, die oordeelsdag (Matt. 13:24-30, 36-43). Ondertussen het die mens die taak om die kwaad sover moontlik teen te staan, indien werklik nodig selfs met geweld (Joh. 2:14-16; vgl. Calvin, 1991:1836-1837).

Reeds lank voor die totstandkoming van Israel as volk van God, laat God toe dat gelowiges oorlog maak om die kwaad te stuit. In Genesis 14 staan dat Abram oorlog gemaak het teen die konings wat sy broerskind en al sy goed weggevoer het, hulle verslaan het en Lot en al sy besittings teruggebring het. God het hierdie handeling van Abram nie veroordeel nie, maar hom juis laat seën deur die priester Melgisedek oor die goeie daad wat hy deur hierdie aggressiewe optrede volvoer het.

Die Here het Sy volk Israel in menige oorloë bygestaan, sodat Hy selfs in Eksodus 15:3 as "'n krygsman" besing word. Die Here gee boonop opdrag dat Sy volk nasies heeltemal moet uitwis deur oorloë, vanweë die verskriklike sondes waarmee hierdie nasies besig was (Deut. 18:9-14; 20:16-20; 1 Sam. 15). God maak dus duidelik onder andere van oorlog gebruik om kwaaddoeners te straf.

Die hele Bybelboek Rigters handel oor hoe God Sy volk telkens onder leiding van rigters deur oorloë en selfs deur guerillataktiek en ander aggressiewe optrede verlos van hulle vyande. Hierdie rigters word in die Nuwe Testament (Heb. 11) aangeprys as geloofshelde en navolgenswaardige voorbeelde.

Hoewel omstandighede in die tyd van die Nuwe Testament en daarna verander het omdat God se volk nie meer 'n homogene groep was nie maar versprei was oor al die volke (Matt. 28:19), is Christene steeds nie verbied om deel van militêre instellings te wees nie. Daar word steeds beklemtoon dat die staat 'n godgegewe taak het om kwaaddoeners te straf (Rom. 13:1-7). Dit is dan ook opvallend (soos reeds in 7.10.2.2 genoem) dat Johannes die Doper die soldate wat gedoop wil word nie verbied om soldate te wees nie, maar hulle eerder vermaan om tevrede te wees met hulle soldy en om in hulle werk altyd regverdig op te tree (Luk. 3:14). Hy kon maklik (soos wat die Jehovah-getuies vandag van hulle lede vereis) die soldate aangesê het om te breek met die militêre mag, maar hy het nie. Net so het Petrus nie van die hoofman oor honderd in die Romeinse leer, Cornelius, verwag om met sy militêre loopbaan te breek voordat hy hom gedoop het nie (Hand. 10:48). Hierdie militêre bevelvoerder word boonop beskryf as "'n regverdige en godvresende man" wat God dien "en geregtigheid doen" (Hand. 10:22, 35). Ook die Here Jesus praat van die "groot geloof" van 'n Romeinse hoofman oor honderd (ook sonder dat daar enigsins sprake is dat Hy die man se werk veroordeel).

Die Here Jesus sê dat 'n mens 'n wapen (swaard) behoort te hê om jouself en jou medemens teen gevaar te beskerm (Luk. 22:35-38). Die swaard mag egter nooit aangewend word in stryd met wat God wil nie (Matt. 16:21-23; 26:50-56). Die koninkryk van God kan ook nie met geweld opgerig word nie (Joh. 18:36), maar deur die verkondiging van die Woord van God (Hand. 1:6-8). Selfs as 'n mens vervolgt word ter wille van jou geloof, moet jy steeds die evangelie van liefde waardig bly (Rom. 12:14). Dit neem egter nie weg dat daar tye kan kom wat 'n mens drasties en selfs hardhandig moet optree teen die kwaad nie (Matt. 21:12-13; Joh. 2:14-17).

In Romeine 12:18 leer die Here die gelowiges om "as dit moontlik is, sover as wat dit van julle afhang . . . in vrede met alle mense" te leef. Geweld bly dus die allerlaaste opsie om die kwaad mee te stuit. Maar wanneer dit nie anders kan nie, moet 'n mens wel optree. 'n Mens sal tog nie ter wille van die vrede jou kind vir 'n kindermolesteerder gee nie. Spreuke 25:26 noem "die regverdige wat wankel voor die goddelose" "'n troebel fontein en 'n vuile bron". Die weiering om jouself of ander mense te verdedig teen kriminele en moordenaars, kan maak dat die kwaad in al sy verskrikking hoogty vier.

Dikwels gebruik Jehovah-getuies die argument dat as gelowiges deelneem aan 'n oorlog om die kwaaddoenende magte te keer en te straf, dit kan gebeur dat 'n mens medegelowiges wat in daardie magte is, doodmaak. Maar as gelowiges deel is van iets wat verkeerd is, mag dit 'n mens nie keer om ook hulle te stuit nie (vgl. Rig. 19-20).

7.10.3.5 **Gevolgtrekking**

Oorlog en geweld bly altyd die allerlaaste uitweg. Die Jehovah-getuies is reg dat daar dikwels om verkeerde redes geveg word en wanpraktyke daarmee gepaardgaan. Maar dit neem nie weg dat daar tye kom wat dit onmoontlik is vir die owerheid om op enige ander manier sy godgegewe opdrag te volvoer (Rom. 13), as om die kwaad met geweld te bestry nie. Hoewel die Bybel nie klinkklare riglyne gee ten opsigte van moderne oorlogvoering nie, word die bestaan van oorlog as 'n manier om die kwaad te keer tog duidelik veronderstel, en ook die feit dat Christene deel daarvan mag (en uit liefde vir hulle naaste selfs moet) wees.

7.10.4 *SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING*

Uit die bespreking van die Jehovah-getuies se standpunt ten opsigte van die gebruik van bloed, het dit duidelik geblyk dat daar heelwat teenstrydighede voorkom (vgl. 7.9.4). Dieselfde tendens is merkbaar by die groep se siening dat deelname aan politiek en militêre diens verkeerd is. In die laaste aantal jare moes die organisasie hulle standpunt

wysig en erken dat God volgens Romeine 13 aan die sekulêre owerheid die opdrag gegee het om die kwaaddoener te straf. Tog hou hulle steeds vol met die konsekwensies van hulle vorige standpunt, naamlik dat hulle lede niks met die (nou deur hulle erkende) opdrag van God aan die owerheid te doen mag hê (bv. deur deelname aan die weermag of die regering) nie.

Terwyl daar baie voorbeelde in die Bybel is van gelowiges wat aan politieke instellings, selfs heidense regerings, deelgeneem het, asook dat baie bekende gelowiges (soos Abraham en Dawid) aan oorlog deelgeneem het en die Nuwe Testament nie probleme het met gelowiges wat militêr betrokke is nie, hou die Jehovah-getuies sonder werklike Bybelgronde vol dat hulle lede nie aan politiek mag deelneem of militêre diens mag verrig nie. As alle gelowiges en wetsgehoorsame burgers in die land hierdie standpunt van die Jehovah-getuies sou onderskryf en eerbiedig, sou die bose magte kon oorneem en anargisties kon doen net wat hulle wou. Juis om dit te verhoed, het God die owerheid laat instel en daaraan die opdrag en gesag gegee om die kwaaddoeners te straf.

Die polisie en weermag se optrede teen kwaaddoeners is saam met onder andere die regbank die owerheid se manier om sy godgegewe opdrag uit te voer. Daar is geen verbod in die Bybel op gelowiges om hieraan deel te neem nie.²⁰ Daar is intendeel wel die opdrag om jou naaste so lief te hê soos jouself (Luk. 10:27). As 'n mens jouself selfs tot die dood toe mag beskerm en verdedig soos die Wagtoring-organisasie wel leer, en jy mag jou geliefdes en medegelowiges beskerm en verdedig (vgl. 7.10.3.2), dan vereis die liefdesgebod dat jy ook bereid moet wees om jou naaste wat jy nie ken nie en wat selfs nie eers 'n medegelowige is nie (vgl. Luk. 10:25-37), te verdedig. Deur dit nie te wil doen op die wyse waarop God opdrag gegee het dat dit moet gebeur nie, naamlik deur die owerheid, maak die Jehovah-getuies hulle dus skuldig aan die oortreding van Gods wet en is hulle leer ook in die opsig onchristelik.

7.11 IS DIE NEW WORLD TRANSLATION 'N GOEIE VERTALING?

7.11.1 INLEIDEND

Streng gesproke behoort nie oor 'n *vertaling* van die Bybel gehandel te word in 'n hoofstuk waarin sekere *leerstellings* van die Jehovah-getuies aan die orde kom nie. Tog hang die vertaling van die Bybel so nou saam met hulle leer in die algemeen (vgl. bv. 6.5.3, 6.5.4, 7.4.2, 7.4.3) en met hulle leer oor die Skrif in die besonder, dat die Jehovah-getuies se Bybelvertaling ter wille van volledigheid nie verbygegaan kan word nie.

Vir mense wat hulle leerstellings op die Woord van God baseer, is dit baie belangrik om so 'n korrek moontlike vertaling van die Bybel te gebruik. So 'n vertaling kan nie deur enigeen gedoen word nie, maar net deur werklike kenners van die grondtale. Daarom vind 'n mens dat kultes meestal van bestaande Bybelvertalings gebruikmaak, saam met hulle eie kommentaar op sekere dele.

Dit is ook wat die Wagtoring-organisasie vir die eerste amper 80 jaar van sy bestaan gedoen het. In 1950 het dinge verander toe die organisasie die eerste keer 'n eie uitgawe van die Nuwe Testament in Engels die lig laat sien het, naamlik die *New World Translation of the Christian Greek Scriptures* (WTBTS, 1950). Dit is later opgevolg met 'n Engelse vertaling van die volledige Bybel, die *New World Translation of the Holy Scriptures* (WTBTS, 1961a).

In die voorwoord van die eerste uitgawe van die *New World Translation* (WTBTS, 1950:6) word beweer dat hierdie vertaling beter is as alle ander vertalings van die Bybel, want al die ander is gedoen vanuit 'n sekere godsdienstige tradisie, terwyl hierdie vertaling van die Wagtoring-organisasie met reg daarop kan aanspraak maak dat dit die gevaar van godsdienstige tradisionalisme ontsnap.

Om die vraag te kan beantwoord of die *New World Translation* 'n goeie vertaling van die Bybel is, word vervolgens eers gekyk na die riglyne waarvolgens die vertalers sê die vertaling gedoen is en of die vertaling aan hierdie selfgestelde riglyne voldoen. Daarna word gekyk na die kennis en kwalifikasies van die vertalers om vas te stel of hulle in staat was om 'n verantwoorde vertaling van die Bybel uit die grondteks te maak. So sal vasgestel word of die vertaling werklik poog om die grondteks korrek weer te gee.

7.11.2 VERTALINGSRIGLYNE VIR DIE NEW WORLD TRANSLATION

In die eerste uitgawe van die *New World Translation* (verder afgekort as *NWT*) word die volgende riglyne gegee waarvolgens die vertaling gedoen is (WTBTS, 1950:5-10, 771):

Die *eerste* riglyn vir die vertaling was dat dit in moderne verstaanbare Engels gedoen moes word (WTBTS, 1950:5). Omdat die Bybel oorspronklik geskryf is in die alledaagse taal wat die mense gepraat het, is in die vertaling weggedoen met die argaïese taal wat in ander vertalings voorkom (WTBTS, 1950:9).

Die *tweede* riglyn vir die vertaling was dat dit 'n juiste vertaling moes wees, vry van enige leerstellige vooroordeel (WTBTS, 1950:6-7). Daar word dan gesê dat menslike, godsdienstige tradisionalisme in 'n mindere of meerdere mate 'n rol in alle ander vertalings speel. Hierdie vertaling is egter daarop gerig om vry van die misleidende

invloed van godsdienstige tradisies (met hulle wortels in die heidendom) die suiwere waarheid van Gods Woord na vore te bring.

Die *derde* riglyn wat onderskei kan word, is dat daar ter wille van 'n suiwer vertaling aan elke belangrike woord net een betekenis gegee is waarby konstant gehou moes word in soverre die konteks dit sou toelaat (WTBTS, 1950:7, 9). Daarby is ook fyn daarop gelet dat twee of meer Griekse woorde nie deur dieselfde Engelse woord vertaal is nie. Daar is ook gelet op die tye waarin die werkwoorde staan, sodat die bedoelde beskrywing van die handeling, posisie of staat duidelik na vore kon kom (WTBTS, 1950:9-10).

Die *vierde* riglyn vir die vertaling was dat nie van parafrasering gebruikgemaak is nie, maar dat so 'n letterlike vertaling as moontlik gedoen is, in soverre die moderne Engelse idioom dit sou toelaat en 'n letterlike weergawe nie dit wat daar staan sou verduister nie (WTBTS, 1950:9). Dit hou in dat 'n woord-voor-woord-vertaling sover enigsins moontlik gedoen is, en dat selfs noukeurig gelet is op iets so klein soos die gebruik van die bepaalde en die onbepaalde lidwoord.

Die *vyfde* riglyn wat onderskei kan word, is dat niks in die vertaling by Gods Woord gevoeg moes word nie (WTBTS, 1950:771) en niks daarvan weggeneem moes word deur dinge byvoorbeeld korter te probeer stel nie (WTBTS, 1950:9).

7.11.3 DIE NEW WORLD TRANSLATION GETOETS

7.11.3.1 Inleidend

Oor die algemeen kan gesê word dat die riglyne vir die vertaling van die Bybel soos hierbo uiteengesit, werkbare riglyne vir 'n goeie vertaling van die Bybel kan wees. Dat ander riglyne en wysigings aan bogenoemde riglyne ook goeie vertalings tot gevolg kan hê, hoef nie hier beredeneer te word nie. Die vraag wat aan die orde is, is of die organisasie self by hierdie gestelde riglyne vir 'n goeie vertaling van die Bybel hou. Om dit te beantwoord, word die *NWT* vervolgens getoets aan hierdie riglyne.

7.11.3.2 'n Moderne verstaanbare vertaling?

Die *NWT* volg die algemene tendens van vandag om die Bybel in 'n meer alledaagse gebruikstaal weer te gee. Countess (1987:77-80) wys wel daarop dat die *NWT* ter wille van hulle leerstelling dat Jesus 'n blote skepsel is (vgl. 6.5.2) eerder die Griekse woord *monogenes* vertaal met "only begotten" ("eniggebore") as met die meer moderne en

korrekte "only" ("enigste"). Die *NWT* (WTBTS, 1950:210, 217, 222) erken dan ook in voetnotas (by Luk. 7:12, 8:42, 9:38) dat *monogenes* ook met "only" vertaal kan word.

7.11.3.3 'n Juiste vertaling vry van vooroordeel?

Hoewel die vertalers van die *NWT* (1950:6-7) hulle ten doel gestel het om nie leerstellig bevooroordeel te wees nie en dan juis ook alle ander vertalings daarvan beskuldig het, blyk dit egter dat hulle inderwaarheid daarop uit was om leerstellings van die organisasie in die Bybel in te vertaal. Die beste bewys daarvan is seker die 237 keer wat die vertaling die naam "Jehovah" in die Nuwe Testament ingevoeg het (WTBTS, 1985b:1138). Hierby is die naam Jehovah ook 72 keer in voetnotas by Nuwe-Testamentiese gedeeltes gebruik.

Die *NWT* erken dat die naam "Jehovah" nêrens in die Griekse weergawe van die Nuwe Testament wat hulle vir hulle vertaling gebruik voorkom nie, maar verklaar dat hulle dit daar invoeg omdat hulle aanneem dat dit oorspronklik daar moes gewees het. Omdat hulle nie 'n enkele bewys het vir hierdie aanname nie, word daarop gewys dat die Griekse vertalings van die Ou Testament, die Septuaginta en die Hexapla, die tetragrammaton (JHWH) uit die oorspronklike Hebreeuse teks net so behou het (WTBTS, 1950:10-16).

Die probleem is egter steeds dat daar nie 'n enkele bewys is dat die woord Jehovah (oftewel Jahweh) ooit in die Nuwe Testament gebruik is nie. Selfs die oudste manuskripte of dele daarvan wat behoue gebly het, bevat dit nie. Die vertalers van die *NWT* se antwoord hierop is dat die tetragrammaton vanaf die derde eeu na Christus deur oorskrywers uit die teks gelaat is, waarskynlik as gevolg van anti-Semitisme (WTBTS, 1950:18). Daar word dan voorgegee dat vertalers nie anders kan as om "die goddelike naam" in hulle vertalings in ere te herstel nie (WTBTS, 1950:19).

Volgens die vertalers het hulle die naam "Jehovah" net in die teks geplaas waar direk uit Ou-Testamentiese gedeeltes aangehaal word waar die tetragrammaton voorkom (WTBTS, 1950:20). Tog erken hulle dat hulle op twee plekke (Ef. 6:8, Kol. 3:13) die naam ingevoeg het, al is daar "no support or agreement from any of the Hebrew versions". Die rede waarom die naam Jehovah 72 keer in voetnotas en nie in die teks self voorkom nie, is omdat die vertalers dit graag daar sou wou invoeg, maar nie Ou-Testamentiese steun daarvoor kon vind nie (WTBTS, 1950:21).

Dit is ongelooflik dat in dieselfde voorwoord van die eerste uitgawe van die *NWT* eers gesê word dat hierdie werklik 'n vertaling vry van godsdienstige vooroordeel sal wees, en daarna vir die grootste deel van die voorwoord verduidelik word hoe die vertalers hulle

deur hulle vooroordeel laat lei het om iets wat nie in die teks staan nie, maar wat hulle voel daar hoort, in te voeg. Daar is reeds daarop gewys dat die Jehovah-getuies besondere klem op die naam "Jehovah" plaas (vgl. 4.7). Die hele verkeerde leerstelling wat daarmee saamhang, het veroorsaak dat die organisasie 'n eie weergawe van die Bybel moes uitgee wat sonder enige bewyse uit die oorspronklike teks, hierdie weergawe van God se Naam in die teks invertaal.

Die feit dat vertalings van die Ou Testament wel die tetragrammaton gebruik, is geen rede waarom aan die geïnspireerde Nuwe Testament verander moet of mag word nie. Daar word selfs erken dat dit in gevalle gedoen is (in voetnotas en direk in die teks) waar daar geen sogenaamde regverdiging uit die Ou Testament daarvoor bestaan nie.

'n Belangrike rede waarom die vertalers graag "Jehovah" in die Nuwe Testament wou invoeg, is waarskynlik die leerstelling van die organisasie dat Jesus nie Jehovah en dus nie die een en enigste almagtige God is nie (vgl. 6.4 & 6.5). Die vertalers verbreek dan ook hulle eie reël wanneer 'n gedeelte uit die Ou Testament wat die tetragrammaton bevat in die Nuwe Testament op Jesus van toepassing gemaak word. In 1 Petrus 2:3 herhaal Petrus die woorde van Psalm 34:9 (vs. 8 in die *NWT*). Hoewel Psalm 34 die tetragrammaton gebruik, "herstel" die *NWT* nie in hierdie geval die teks met "Jehovah" nie, omdat 1 Petrus 2:3 kennelik na die Here Jesus verwys (vgl. vs. 4).

Johannes 19:37 wat duidelik na die Here Jesus verwys, haal Sagaria 12:10 aan waar gesê word dat die een wat aan die woord is "deurboor" sal word. Dit is duidelik Jehovah wat die woord voer in laasgenoemde hoofstuk. Om weg te vertaal dat die een wat deurboor is Jesus is wat hier as die sprekende Jahweh aangedui word, het die *NWT* Sagaria 12:10 vertaal asof die Persoon aan die woord na iemand anders verwys wat deurboor sal word. Die Hebreeuse teks laat egter nie so 'n vertaling toe nie (vgl. Countess, 1987:37-39). Ter wille van hulle leerstelling dat Jesus nie Jehovah kan wees nie (al leer die Bybel die teendeel - vgl. 6.4.3), het die *NWT*-vertalers hier aan die Bybel verander. Daarmee maak hulle hulleself hier skuldig aan dit waarvan hulle ander vertalings beskuldig, maamlik leerstellige vooroordeel.

Filippense 2:10 sê dat elke knie in die Naam van Jesus sal buig. Die 1950-uitgawe van die *NWT* gee hierby 'n kruisverwysing na Jesaja 45:23 waar "Jehovah" aan die woord is en sê dat elke knie in Sy Naam sal buig. Hierdie kruisverwysing verskyn egter nie meer in latere uitgawes van die *NWT* nie, aangesien besef is dat hierdie kruisverwysing toon dat Jesus "Jehovah" is.

Net in die vorige vers van Filippense (Fil. 2:9) voeg die *NWT* die woord "ander" in, om klaarblyklik te beklemtoon dat Jesus se Naam ondergeskik aan die van Jehovah is. In

plaas daarvan om dit weer te gee soos dit daar staan, naamlik dat Jesus 'n Naam het "wat bo elke naam is", lees dit in die *NWT* (WTBTS, 1950:581) dat die Naam van Jesus "bo elke ander naam is". Dat die *NWT*-vertalers beseft dat dit nie so in die oorspronklike teks staan nie, blyk daaruit dat die woord "ander" in latere uitgawes wel behou is, maar tussen hakies geplaas is. Op 'n soortgelyke manier is die woord "ander" ook vier keer by Kol 1:16-17 ingevoeg om die betekenis van die verse oor die ongeskiedenis van Jesus radikaal te verander (vgl. 7.11.3.6).

Daar is baie ander voorbeelde van leerstellings vooroordeel wat duidelik in die *NWT* te sien is. Daar is byvoorbeeld verskeie veranderings gemaak aan tekste wat oor die Here Jesus gaan (vgl. 7.11.3.4 tot 7.11.3.6) om 'n ander voorstelling as die Bybel te gee oor Wie Hy werklik is. Vir die doel is allerlei leerstellings redenasies ingespan.

So staan daar byvoorbeeld in Handeling 20:28 dat God die gemeente "deur sy eie bloed verkry het". Die *NWT* voeg dan die woord "Seun" tussen hakies by om daardeur te impliseer dat God nie deur Sy eie bloed die gemeente verkry het soos wat daar gesê word nie, maar dat God en die Een wat die bloed gestort het twee verskillende Persone is, dit wil sê dat Jesus hier nie God genoem word nie. In 'n voetnoot by hierdie vers verwys die 1950- uitgawe van die *NWT* na die behandeling van hierdie vers in die bylae. In die bylae (WTBTS, 1950:777-778) word erken dat daar letterlik staan dat die Here die gemeente met Sy eie bloed gekoop het, maar omdat dit so "'n moeilike gedagte vir baie" is, het die *NWT* die woord "Seun" bygevoeg. Hoe ver is die *NWT* nie van 'n onbevooroordeelde vertaling met sulke leerstellings argumente en menslike redenasies om aan die Bybel te verander nie.

2 Petrus 1:1 en 11 beskryf die Here Jesus met dieselfde grammatiese konstruksie as "ons God en Verlosser Jesus Christus" en "ons Here en Verlosser Jesus Christus". Die leerstellings van die Jehovah-getuies laat toe dat daar na die Here Jesus as "Here" verwys word. Daarom word die vertaling van "ons Here en Verlosser Jesus Christus" in vers 11 net so gehou. Die organisasie verwys egter nie graag na Jesus as God nie (vgl. 6.5). Daarom word die woord "die" in vers 1 in die *NWT* ingevoeg om dit te laat klink asof Jesus net die Verlosser, maar nie God is nie: "ons God en die Verlosser Jesus Christus". In die 1950- uitgawe is dit net so weergegee. Latere uitgawes erken egter dat die "die" nie daar hoort nie, deurdat dit tussen hakies geplaas word. Die verkeerde weergawe van die teks word egter steeds daardeur as die korrekte voorgelê om die leerstellings van die organisasie te dien.

Omdat die Jehovah-getuies Jesus nie as die ware God beskou nie, word na Hom in Johannes 1:1 as "god" met 'n kleinletter verwys (vgl. 7.11.3.5 & 6.5.4). Na die Heilige Gees word deurgaans met kleinletters verwys, aangesien die leerstellings van die

Jehovah-getuies verkondig dat Hy nie 'n Persoon of God is nie (vgl. 6.6). Kleinletters word selfs vir die Heilige Gees in gedeeltes soos Matteus 28:19 en 1 Korintiërs 12:4-6 gebruik waar op gelyke wyse van Vader, Seun en Heilige Gees; of Gees, Here en God gepraat word.

Een van die argumente wat die organisasie gebruik om te bewys dat die Heilige Gees nie 'n Persoon is nie, is dat Hy gelyktydig in verskillende mense kan wees (WTBTS, 1982:41). Hierdie "bewys" teen die Persoonwees van die Heilige Gees word sonder skroom deur die *NWT* in die Bybel invertaalt, byvoorbeeld in Romeine 8:9-11. In die verse word met presies dieselfde woorde gesê dat die Heilige Gees "in julle" is, as dat Christus "in julle" is. *The Kingdom Interlinear Translation* (in die vervolg *KIT*) gee wel telkens in die direkte weergawe van die Grieks die vertaling as "in you" (WTBTS, 1985b:697). Die *NWT* vertaal dit egter as "in you" wanneer oor die Heilige Gees gepraat word, maar as "in union with you" wanneer daar gepraat word van die Here Jesus wat hulle as Persoon erken (vgl. ook 2 Kor. 13:5). So probeer die organisasie selfs hulle valse leerstelling teen die Persoonwees van God die Heilige Gees (vgl. 6.6) met hulle vertaling indra in die Bybel.

Daar word ook op ander wyses in die *NWT* gepoog om as gevolg van die leerstelling van die Jehovah-getuies oor die Heilige Gees, Hom as 'n blote krag voor te stel. In 2 Korintiërs 13:14 staan letterlik vertaal: "Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van die God en die gemeenskap van die Heilige Gees (is) met almal van julle." Behalwe vir "onverdiende goedheid" in plaas van "genade" en "deelname" in plaas van "gemeenskap" is dit ook hoe die *KIT* hierdie vers woordeliks weergee. Die *NWT* vertaal dit soos die *KIT* dit weergee, behalwe in die geval van die Heilige Gees waar nie van die gemeenskap of deelname *van* die Heilige Gees gepraat word nie (anders as by die ander twee Persone), maar wel van die deelname *in* die Heilige Gees.

Die Jehovah-getuies gee voor dat hulle vertaling van die Bybel 'n suiwer vertaling vry van enige leerstellige vooroordeel is (WTBTS, 1950:6-7). Daar word dan ook gesê dat hierdie vertaling nodig geword het vanweë die feit dat alle ander vertalings vol sektariese tradisies en wêreldse filosofieë was (WTBTS, 1961b:323). Bogenoemde voorbeelde wys egter duidelik dat die vertalers van die *NWT* die lesers in hierdie opsig 'n rat voor die oë probeer draai, aangesien die *NWT* onmiskenbaar vertaal is om die dwaalleer van die Jehovah-getuies te dien.

Ook aan die derde riglyn hierbo beskryf, naamlik dat aan een woord een betekenis gegee word en dat fyn gelet word op die tye waarin werkwoorde staan, is die *NWT* geensins getrou nie. Hierbo is na die gemeenskap (*koinonia*) van die Heilige Gees verwys. Hierdie Griekse woord word op verskeie maniere deur die *NWT* vertaal. As net na die briewe aan die gemeente van Korinte gekyk word, word *koinonia* in die 1950-*NWT* vertaal as "partnership" (1 Kor. 1:9), "sharing" (1 Kor. 10:16, 2 Kor. 13:14), "fellowship" (2 Kor. 6:14), "share" (2 Kor. 8:4) en "contribution" (2 Kor. 9:13).

Dat die vertalers nie by hulle reël van een vertaling vir elke Griekse woord gehou het nie, blyk duidelik uit hulle vertalings van *kolasis* (s.nw.) en *kolazein* (ww.) wat vandag steeds in hulle vertaling voorkom. Die selfstandige naamwoord word in 1 Johannes 4:18 met "restraint" vertaal, en in 'n voetnoot word "checking", "correction" en "punishment" as alternatiewe gegee. Omdat die Jehovah-getuies nie glo dat 'n mens ewig in die hel gestraf word nie (vgl. 7.8), is *kolasis* in Matteus 25:46 vertaal met "everlasting cutting-off". Dieselfde tendens word ten opsigte van die werkwoord gevind waar dit in Handeling 4:21 as "to punish" vertaal word, maar in 2 Petrus 2:9 as "to be cut off" met die voetnoot "or, be checked". J.R. Mantey (1974:2), 'n kenner van Grieks, wys egter in 'n brief aan die Wagtoring-organisasie daarop dat *kolasis* net "straf" beteken en beslis nie "cutting off" nie.

Kolossense 2:9 is 'n sterk teks om te bewys dat Jesus tegelykertyd God en mens is. Daar staan dat in Jesus "al die volheid van die Godheid liggaamlik (woon)". Die *NWT* vertaal egter nie *theotês* met "Godheid" nie, maar met "divine quality". Die *KIT* vertaal dit wel met "divinity". 'n Wisselvorm, *theiotês*, kom in Romeine 1:20 voor. Liddell en Scott (1976:313, 315) gee beide vorme se betekenis aan as "divinity, divine nature". Die *NWT* vertaal dit egter in Romeine 1:20 met "Godship". Behalwe dat dieselfde vertaling nie gebruik is nie, is "Godship" (of selfs "divinity") 'n sterker beklemtoning van Godwees as "divine quality". Hier is die reël van een betekenis dus nie toegepas nie, waarskynlik omdat dit nie die leerstellings van die vertalers pas nie.

Wat die korrekte weergawe van werkwoorde betref, is dit opvallend hoe die vertalers die "Ek is"-uitsprake van Jesus (wat direk verband hou met die uitspraak van Jahweh in Eksodus 3:14 en Jesaja 42 & 43 - vgl. 6.4.3) weergee. Die Griekse woorde *Ego eimi* is in die teenwoordige tyd en moet dus met "Ek is" vertaal word. So vertaal die *NWT* dit dan ook in Johannes 8:24 en 28 en Johannes 18:5 en 6. In Johannes 8:58 word dit egter vertaal met "I have been". Die *KIT* (WTBTS, 1985b:1145-1146) verklaar hierdie verandering in die tyd van die werkwoord deur eers te erken dat dit in die praesens indikatief staan, maar dan tog te sê dat dit in hierdie geval as perfektum indikatief

vertaal moet word, omdat Jesus se bestaan iets is wat in die verlede begin het en steeds voortgaan.

7.11.3.5 'n Letterlike woord-vir-woord-vertaling?

Oor die algemeen gesien is die *NWT* wel gerig daarop om aan die vierde riglyn te voldoen en die oorspronklike teks van die Bybel taamlik direk weer te gee. Tog is hierop ook uitsonderings, soos byvoorbeeld dat *Asiargoon*, wat as "Asiatiese leiers" vertaal behoort te word (vgl. Liddell & Scott, 1976:108), met "the commissioners of festivals and games" vertaal is.

Wat egter hier van meer belang is, is die stelling dat die *NWT* selfs in sogenaamde klein dingetjies soos die gebruik van die bepaalde of onbepaalde lidwoord, baie noukeurig handel. Dit word natuurlik gesê om te verduidelik waarom hulle Jesus as "'n god" in Johannes 1:1 beskryf, waardeur hulle hulle onbybelse siening van 'n veelgodedom kan handhaaf (vgl. 6.3 en 6.5). Die rede wat aangevoer word dat Jesus net "'n god" met 'n kleinletter is, is dat die bepaalde lidwoord "die" nie voor "God" in Johannes 1:1 staan wanneer dit na Jesus verwys nie (WTBTS, 1985b:1139-1140).

Die rede waarom dit grammatikaal nie korrek sou wees om die bepaalde lidwoord voor "God" te plaas nie, word breedvoerig deur Countess (1987:45-54) bespreek. Met verskeie voorbeelde uit die Nuwe Testament word bewys dat "(a) definite predicate nominative has the article when it follows the verb; it does not have the article when it precedes the verb" (Countess, 1987:49). Dit beteken dat as in Johannes 1:1 gestaan het "en die Woord was God" daar waarskynlik in die Grieks sou staan "en die Woord was die God". Omdat die sin egter (ter wille van beklemtoning) omgedraai is, "en God was die Woord", word deur die bepaalde lidwoord net voor "Woord" te gebruik aangedui dat hier bedoel word dat dit "die Woord" is wat as "God" beskryf word en nie omgekeerd nie.

Wat opvallend is, is dat die *NWT* glad nie konsekwent is met hulle sogenaamde reël om *Theos* met "'n god" te vertaal wanneer daar nie 'n bepaalde lidwoord voor die woord is nie. Countess (1987:105-131) het 27 bladsye tabelle van al die plekke waar "Theos" in die Nuwe Testament met en sonder die bepaalde lidwoord "die" voorkom, asook die *NWT* se vertaling daarvan. Van die 282 keer wat "Theos" sonder die bepaalde lidwoord voorkom, volg die vertalers van die *NWT* net 16 keer hulle eie reël om dit as 'n kleinletter "god" weer te gee. In 94 persent van die gevalle kom die *NWT* dus hulle eie reël wat hulle geskep het om te probeer bewys dat die Here Jesus nie dié ware en almagtige God is nie, nie na nie. Die 16 keer verskil boonop nog onderling in die sin dat

Theos as "god", "a god", "gods" of "godly" vertaal word. In Johannes 20:28 word die Here Jesus duidelik as "die God" beskryf, en het die vertalers geen ander keuse gehad nie as om *Theos* daar wel met "God" (hoofletter) te vertaal.

Die lukraak manier waarop die *NWT* in die algemeen met lidwoorde omgaan, strydig met hulle eie riglyn dat hulle noukeurig op lidwoorde let, blyk baie duidelik uit hulle vertaling van Hebreërs 12:22-24. In die drie verse kom die bepaalde lidwoord glad nie in die Grieks voor nie (vgl. WTBTS, 1985b:986-987). Die *NWT* (WTBTS, 1984a:1502) verwys in hulle vertaling van hierdie gedeelte slegs drie keer na iets met die onbepaalde lidwoord "'n", maar sewe keer na dinge met "die" (waarvan net een "die" tussen hakies geplaas is).

Dit is dus duidelik dat die vertalers net by hulle eie reëls vir noukeurige vertaling hou wanneer dit hulle leerstellings pas. Hulle reël ten opsigte van die vertaling van "god" (kleinletter) wat in verreweg die meeste gevalle nie nagekom word nie, wys hulle leerstellige vooroordeel duidelik uit. Dit maak die *NWT* 'n onbetroubare vertaling, gevaarlik om in Skrifstudie te gebruik.

7.11.3.6 Niks by die Bybel voeg of wegneem nie?

Daar is reeds gewys op die 237 keer wat die naam "Jehovah" in die teks van die *NWT* ingevoeg is, asook die 72 keer wat hierdie naam in voetnotas by die Nuwe-Testamentiese deel voorkom (vgl. 7.11.3.3). Ook ander invoegings by die Bybel is reeds beskryf, byvoorbeeld die invoeging van "Seun" in Handeling 20:28 om voor te gee dat God ons nie deur Sy eie bloed verlos het soos wat die Bybel sê nie (vgl. 7.11.3.3), en die invoeging van die bepaalde lidwoord "die" in 2 Petrus 1:1 om voor te gee dat Jesus nie God is nie (vgl. 7.11.3.3).

Waarskynlik om hulle leerstelling oor lewe na die dood (vgl. 7.3 en 7.6) in die Bybel in te vertaal, voeg die *NWT* in Hebreërs 9:27 die woorde "for all time" in wat nie in die oorspronklike staan nie. Hebreërs 9:27 lui: "En net soos mense bestem is om eenmaal te sterwe en daarna die oordeel." Die *NWT* vertaal dit: "And as it is reserved for men to die once for all time, but after this a judgement."

Die Jehovah-getuies leer dat die Here Jesus 'n geskape wese is. Die leer word op verskeie plekke in die Bybel weerspreek (vgl. 6.5.2), onder andere in Kolossense 1:16-17 waar staan dat in die Here Jesus "alle dinge geskape" is, "alle dinge is deur Hom en tot Hom geskape", "Hy is voor alle dinge, en in Hom hou alle dinge stand". Die *NWT* het egter tussen "alle" en "dinge" telkens die woord "ander" ingevoeg (in die 1950-vertaling selfs sonder die hakies wat wys dit is 'n invoeging) om dit wat die Bybel sê radikaal te

verander. Deur hierdie vier invoegings in twee verse, word voorgegee dat die Here Jesus 'n skepsel is en nie die ongeskape Skepper van alles soos die Bybel daar leer nie.

Dit is dus duidelik dat die vertalers van die Wagtoring-organisasie nie skroom om dinge by die Bybel te voeg, al gee hulle in 'n baie sterk bewoorde uitspraak voor om dit nie te doen nie: "We refuse to add anything to God's written Word . . ." (WTBTS, 1950:771).

7.11.3.7 Gevolgtrekking

Die vertalers van die *NWT* kom duidelik nie hulle eie vertalingsriglyne in hulle weergawe van die Bybel na nie. Deur voor te gee dat hulle dit wel doen en boonop ander vertalings te beskuldig van dit waaraan hulle self skuldig is, mislei die vertalers die lesers blatant. Dit is duidelik dat die doel met die *NWT* was om die leerstellings van die Wagtoring-organisasie te bevorder en nie om die Bybel so eerlik moontlik te vertaal nie.

7.11.4 KENNERS SE SIENING VAN DIE NEW WORLD TRANSLATION

Die Jehovah-getuies haal in hulle publikasies graag kenners op die gebied van die grondtale van die Bybel aan om daardeur voor te gee dat hierdie kenners hulle twyfelagtige vertalings steun. Die teendeel blyk egter waar te wees.

In die 1950-uitgawe van die *NWT* (WTBTS, 1950:774) word 'n werk deur Dana en Mantey aangehaal wat sogenaamd die vertaling van "'n god" in Johannes 1:1 in die *NWT* steun. In 'n brief gedateer 11/07/1974 en gerig aan die *Watchtower Bible and Tract Society* ontken Mantey ten sterkste dat hulle die vertaling van die *NWT* steun: "But we made no statement in this paragraph about the predicate except that, 'as it stands the other persons of the trinity may be implied in theos.' And isn't that the opposite of what your translation 'a god' infers? You quoted me out of context" (Mantey, 1974:1).

Mantey (1974:1-2) gaan dan verder en wys daarop dat twee ander kenners van die grondtale wat ook deur die Wagtoring-organisasie aangehaal word om hulle vertaling van "'n god" in Johannes 1:1 te onderskryf, Colwell en Harner (WTBTS, 1985b:1140), ook buite konteks aangehaal word: "Both Colwell and Harner have stated that *theos* in John 1:1 is not indefinite and should not be translated 'a god'."

Die Wagtoring van 15/03/1982 (p. 23) haal twee kenners aan wat klaarblyklik die *NWT* as 'n goeie vertaling beskou, naamlik Edgar Goodspeed en A. Thompson. Volgens *Die Wagtoring* sou Goodspeed in 'n brief aan 'n Jehovah-getuie gesê het dat hy baie tevrede is met die *NWT*. W.I. Cetnar, 'n Jehovah-getuie wat in die hoofkwartier van die organisasie in New York gewerk het in die tyd toe die *NWT* tot stand gekom het, is in

Maart 1954 gestuur om 'n onderhoud met doktor Goodspeed oor die *NWT* te voer. Cetnar (Cetnar & Cetnar, 1983:58) skryf dat Goodspeed die vertaling goed geken het en uit sy kop die gedeeltes kon aanhaal waarmee hy nie saamgestem het nie. Op die vraag of hy die *NWT* kon aanbeveel vir die algemene publiek, was Goodspeed se antwoord: "No, I'm afraid I could not do that. The grammar is regrettable. Be careful on the grammar. Be sure you have that right."

Die ander "kenner" wat die *Wagtoring* aanhaal en beskryf as "Hebrew and Greek scholar A. Thompson", sien volgens *Die Wagtoring* die *NWT* as 'n eerlike en reguit vertaling van die Bybel in moderne Engels. Ander publikasies van die Wagtoring-organisasie (WTBTS, 1961b:325) haal ook vir Thompson aan as dat hy met groot lof van die *NWT* gepraat het. Croft (1988:1-2) wys egter daarop dat Thompson geen kenner van die grondtale van die Bybel is soos beweer word nie. Hy het geen formele opleiding in Grieks of Hebreeus ontvang nie, het vir 'n bank in Skotland gewerk, het nie geglo dat Jesus God is nie, maar het geglo dat alle mense salig word. Thompson se mening is dus geensins dié van 'n kenner van Bybelvertaling nie.

Daar is heelwat wetenskaplikes wat die *NWT* bestudeer het en gewaarsku het dat dit 'n baie swak vertaling is (vgl. Croft, 1988:9). Een so 'n persoon is professor E.C. Gruss wat nadat hy die *NWT* breedvoerig bespreek het tot die volgende gevolgtrekking kom: "... although outwardly scholarly, is plainly in many cases, just the opposite. Its purpose is to bring the errors of the Witnesses into the Word of God. This translation carries no authority except to its originators and their faithful followers, and should be rejected as a perversion of the Word of God" (Gruss, 1970:211).

7.11.5 DIE VERTALINGSKOMITEE

Uit wat reeds gesê is in hierdie onderafdeling is dit duidelik dat die vertalers van die *NWT* voorgee dat die *NWT* volgens goeie riglyne vertaal is, maar dat hulle hulle geensins daarby gehou het nie. Wetenskaplikes wat aangehaal word ter ondersteuning van hulle vertalings steun dit ook nie en spreek hulle selfs in sommige gevalle baie sterk uit teen hierdie vertaling van die Bybel. Die vraag is nou of die vertalingskomitee wel uit bevoegde manne bestaan het om so 'n belangrike taak soos die vertaling van die Bybel uit te voer. Die Wagtoring-organisasie het egter nog nooit die name van die vertalers bekend gemaak nie, omdat dit glo versoek is deur die vertalers dat dit selfs nie eers na hulle dood moet gebeur nie (WTBTS, 1959:258).

Die werklike rede waarom die name van die vertalers nie deur die Wagtoring-organisasie bekend gemaak is nie, is na alle waarskynlikheid omdat daar geen kenner

van die grondtale van die Bybel onder hulle was nie. Cetnar (Cetnar & Cetnar, 1983:57) het gesien dat die vyf manne wat vir die vertaling bygeengekom het N.H. Knorr, F.W. Franz, A.D. Schroeder, G.D. Gangas en M. Henschel was. Dat die eerste vier genoemdes lid van die vertalingskomitee was, word bevestig deur Raymond Franz (1991:50), 'n man wat self lid van die bestuursliggaam van die Jehovah-getuies was. Volgens Franz was F.W. Franz die hoofvertaler. Hy was die enigste een van die vier wat formele onderig in Grieks gehad het (hoewel net vir twee jaar). Nie een van die vier het enige formele onderig in Hebreeus gehad nie.

Dit is dus duidelik dat die vertalers van die *NWT* uiters swak onderlê was vir die vertaling van die Bybel uit die grondtale. Dit bevestig weereens dat hierdie vertaling van die Bybel onderneem is om die verkeerde leerstellings van die Jehovah-getuies te dien, en nie om die Bybel eerlik aan die woord te stel nie.

7.11.6 SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING

Die *NWT* is nie 'n goeie vertaling van die Bybel nie. Die vertalingskomitee se kennis van die grondtale was onvoldoende, hulle het hulle nie aan hulle eie vertalingsriglyne gehou nie, en hulle het ook nie kenners buite die organisasie wat hulle vertaling steun nie.²¹ Die doel van die vertaling was duidelik om die leerstellings van die Wagtorings-organisasie te bevorder, soos wat herhaalde kere uitgewys is.

7.12 FELLE TEENSTANDERS VAN DIE CHRISTENDOM

In hierdie en die vorige hoofstuk is herhaaldelik daarop gewys dat leerstellings van die Jehovah-getuies onbybels en onchristelik is. Dit is daarom gepas om af te sluit met 'n paar van die opmerkings wat die Jehovah-getuies in hulle publikasies oor die Christendom en die Christelike leer in die algemeen maak, waaruit hulle felle teenstand van die Christendom telkens duidelik blyk.

Die publikasies van die Jehovah-getuies verwys graag na die Christendom met die woorde van Openbaring 17:5 as "die groot Babilon, die moeder van die hoere en van die gruwels van die aarde" (*Wagtoring*, 15/09/1983:29, 01/04/1989:30). Die organisasie het dan ook voorspel dat spesifiek die Christendom, alias Babilon, in 1914 vernietig sal word (WTBTS, 1891:153). Toe die voorspelling nie uitkom nie, is voorspel dat die Christelike kerke in 1918 deur God vernietig sou word (WTBTS, 1917a:485). Dit sou onder andere gebeur deurdat demone in 1918 in Christene sou vaar, aangesien die Christene die "varkklas" is (WTBTS, 1917a:128). In latere jare het die Wagtorings-organisasie volgehou

dat die Christendom in 1918 deur Jesus verwerp is (*Wagtoring*, 01/08/1960) en dat die Christendom met die oorlog van Armageddon vernietig sal word (WTBTS, 1931a:147).

Deur die jare het die organisasie sy felle stryd teen die Christendom voortgesit. Volgens *Die Wagtoring* van 15/07/1937 (p. 212) is dit die taak van *Die Wagtoring* om die Christendom aan die kaak te stel: "to publish facts concerning the greatest racketeering scheme that has ever been practiced". *The Golden Age* van 13/05/1931 (p. 544) sê Rutherford "is showing up the lies, misrepresentations and superstitions that the preachers have tried to cram into the heads of the unsuspecting and truth-hungry people". Dit word byvoorbeeld gedoen deur uit te wys dat die Nederduitse Gereformeerde Kerk 'n geweldige skuld las het (*Wagtoring*, 15/02/1988:21), maar dat die Jehovah-getuies dit nie het nie omdat hulle aan God getrou is. In *Die Wagtoring* van 01/04/1988 (pp. 21-26) verskyn 'n artikel waarin die Christendom sterk aangeval word en gesê word dat dit die taak van die Jehovah-getuies is om die Christendom aan die kaak te stel en te ontmasker. In vergaderings van die Jehovah-getuies word vandag steeds die striemendste aanvalle teen die Christendom gemaak.

Dit is duidelik uit die publikasies van die Jehovah-getuies dat hulle die Christendom as hulle nommer een godsdienstige vyand sien. 'n Belangrike rede hiervoor is dat die leerstellings van die Jehovah-getuies reglynig bots met dié van die Christendom.

7.13 SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING

In die hoofstuk is gekyk of die ander leerstellings van die Jehovah-getuies ook, soos hulle godsidee, as onchristelik beskou kan word. Daar is op 'n verskeidenheid sake ingegaan om daardeur 'n goeie geheeloorsig oor die leer van die organisasie te verkry.

Ten opsigte van die dood, opstanding, hemelvaart en wederkoms van die Here Jesus is vasgestel dat die Jehovah-getuies se leer nie net drasties verskil van die van die Christendom nie, maar dat hulle leer ook onbybels is. Deur 'n ander voorstelling van die vloekhout te gee waaraan die Here Jesus gesterf het, probeer die Jehovah-getuies die Christendom as afgodsdienaars voorhou. Hulle leer oor die opstanding van die Here Jesus kom in wese op 'n verwerping daarvan neer, aangesien die mens Jesus vir hulle vir ewig dood is. Die Bybel waarsku die mensdom teen 'n ontkenning van die ware opstanding van die Here (Rom. 10:9; 1 Kor. 15:2-18 - vgl. 7.2 & 7.3).

Die Jehovah-getuies verdraai en herinterpreteer Skrifgegewens om hulle siening te kan handhaaf dat die wederkoms van die Here onsigbaar in 1914 plaasgevind het - 'n koms wat inderwaarheid geen koms is nie. Die Here waarsku die gelowiges pertinent teen

mense wat voorgee dat Sy koms op 'n stil en geheime manier plaasgevind het. Deur hierdie leerstelling word Christene die heerlike troos van die wederkoms van die Here Jesus (Jak. 5:7) en wat daarmee gepaard sal gaan, ontnem (vgl. 7.4).

Die Wagtoring-organisasie stel hulle in die plek van die Here Jesus as middelaar en verlosser van hulle lede. Jesus se dood het volgens hulle net Adam se sonde kom uitbalanseer en aan die mensdom 'n tweede kans kom gee. Dit is egter direk in stryd met die Bybel wat leer dat die mens uit homself tot niks goeds in staat is nie en dat die Here Jesus as volmaakte Middelaar die oordeel van God oor die sonde van die mens ten volle gedra het. Die Jehovah-getuies verkondig dus 'n onchristelike leer oor die dood, opstanding, wederkoms en Middelaarswerk van die Here Jesus (vgl. 7.5).

Die leer van die Jehovah-getuies oor wat met die mens na sy dood gebeur, is ook in stryd met die Bybel en daarom onchristelik. Hulle siening dat die mens nie bewustelik voortbestaan na sy dood nie, spruit uit hulle miskenning van die volkomenheid van die Middelaarswerk van die Here. Hulle verdeling van die gelowiges in twee groepe waarvan een 'n hemelse verwagting en Jesus as Middelaar het, en die ander 'n aardse verwagting met die organisasie as middelaar, is om die minste te sê onbybels en onchristelik en 'n relativisering van die liefde van God. Met hulle siening van die hel as 'n rusplek, relativeer die Jehovah-getuies weer die geregtigheid en die toorn van God oor die sonde (vgl. 7.6 - 7.8).

Wat die etiese aspekte wat behandel is betref, is dit baie duidelik dat die Jehovah-getuies ook hier nie die Bybelse leer volg nie en dat hierdie belangrike aspekte van hulle etiek as onchristelik beskou kan word. Sowel met hulle weiering van bloedoortapping as van militêre diens (dinge wat God nêrens in Sy Woord verbied nie), oortree die Jehovah-getuies die gebod van die Here dat die mens sy naaste so lief soos homself moet hê. Baie mense se lewens word verwoes of vernietig deur hierdie onchristelike etiek wat die Wagtoring-organisasie op sy lede afdwing (vgl. 7.9 & 7.10).

Die Jehovah-getuies verkondig nie net 'n onchristelike leer nie, maar hulle het ook hierdie leer deur hulle vertaling van die Bybel, die *New World Translation*, in die Bybel invertaal. Hierdie vertaling is daarom nie 'n goeie vertaling van die Bybel nie, maar gerig op die bevordering van die onchristelike leer van die Wagtoring-organisasie (vgl. 7.11).

Laastens is gesien dat die Jehovah-getuies van hulle stigting in die vorige eeu tot en met vandag die Christendom nie net afwys nie, maar juis ook vanweë die leerstellige verskille die Christendom as hulle vernaamste godsdienstige vyand sien (vgl. 7.12). Dit is dus duidelik dat die Wagtoring-organisasie in wese en leer 'n onchristelike kulte is.

AANTEKENINGE BY HOOFSTUK 7

1. "The cross . . . must have been at least twelve to fourteen feet long, and the cross-beam must have been at least five feet . . . we would think that the cross must have weighed from one hundred and fifty to two hundred pounds."
2. Harris (1988:217) meld dat Lipsius die volgende oor die kruis van Christus (vertaal uit die Latyn) sê: "Die kruis van die Here het uit vier stukke hout bestaan, die regop balk, die dwarsbalk, 'n stuk hout aan die onderpunt, en die inskripsie aan die bopunt."
3. Vergelyk die onderskeid tussen "vlees" en "gees" in Romeine 8:5 en verder, waar gestel word dat die gelowiges "nie in die vlees (is) nie, maar in die Gees".
4. In *Make Sure of All Things* (WTBTS, 1953:311) definieer die Wagtoring-organisasie opstanding/opwekking soos volg: "Resurrection is a restoration to life of the nonexistent dead. The Greek word *anástasis*, means 'a raising up'. . . . It is the reactivating of the life pattern of the creature, a transcription of which is on record with God, and is referred to as being in His memory."
5. Dat die Wagtoring-organisasie buitendien 'n baie swak rekord het om mee vertroue in te boesem, is duidelik te sien uit hulle valse profesieë en leerstellige rondspringery (vgl. 5.4 en 5.5).
6. Volgens *Die Wagtoring* is die ryk man simbolies van die Joodse godsdienstige leiers, Lasarus van die geestelike honger volk, en Abraham van God. Die dood van Lasarus en die ryk man is 'n voorstelling van Pinkster. Daar word dan afgelei dat alles simbolies is en die beskrywing van die dood glad nie ooreenkom met die dood van 'n gewone mens nie. Daar is egter in die Bybel *geen* gronde vir so 'n verklaring nie.
7. Volgens Coetzee (1991:18) is die manier waarop die Jehovah-getuies Lukas 23:43 vertaal "baie geforseerd". Die vertaling lui: "And he said to him: 'Truly I tell you today, You will be with me in Paradise.'"
8. In *Die Huisgenoot* van 22/11/1979 het byvoorbeeld 'n artikel oor die Jehovah-getuies verskyn onder die opskrif *Jehovasgetuies: "net 144 000 mense gaan hemel toe"* (Metelerkamp, 1979:16).

9. "Jonadabs" is volgens *Laat God waaragtig wees* (WTBTS, 1956:226) afgelei van Jonadab, die metgesel van koning Jehu (2 Kon. 10:15-28) wat 'n Godvresende man was (Jer. 35:8, 18, 19). Hulle is nie soos die 144 000 kinders van God nie. Hulle word egter "gedurende Christus se duisendjarige heerskappy" Sy "aardse kinders . . . en is derhalwe tegnies in die posisie om 'kleinkinders' van God te wees". Hulle kan God as "Onse Vader" aanspreek, want "in die Skrif word na die grootvader dikwels as vader verwys" (WTBTS, 1956:160-161 - vgl. ook De Bruyn, 1974:14-15).
10. Spencer (1985:122) beskryf dit ook raak as sy sê: "All images God employs are in some way like God, but none of them is totally like God."
11. Die Jehovah-getuies neem "ewige lewe" letterlik op, maar nie "ewige straf" nie, terwyl "ewig" in beide gevalle dieselfde betekenis het.
12. Die Wagtoring-organisasie verskaf aan sy lede kaartjies om in te vul wat dokters selfs in die geval van bewusteloosheid verbied om 'n bloedoortapping te doen.
13. Die Jehovah-getuies redeneer dat bloed steeds nie gebruik mag word nie, aangesien "die siel . . . in die bloed" is (Lev. 17:11). Die organisasie (WTBTS, 1988b:1006) erken egter self dat "siel" hier gebruik word in die sin van "lewe", en nie van "lewende wese" nie (vgl. 7.6.3.4).
14. 'n Persoon wat sulke vleis eet, kry waarskynlik deur sy lewe baie meer bloed in as 'n vegetariër wat eenmalig 'n bloedoortapping ontvang.
15. Die Jehovah-getuies beweer dat 'n mens teen God oortree as jy toelaat dat jyself of jou dierbares bloedoortapping ontvang. Die teendeel is egter waar. As 'n mens bloedoortapping weier terwyl dit beskikbaar is en die persoon (hetsy jyself of 'n ander) sterf, dan staan jy voor God skuldig aan moord (vgl. 7.9.3.6). Sonder berou en bekering kan dit die verskriklikste gevolge vir jou ewige lewe hê (Op. 21:8).
16. Artikels hieroor het al in verskeie koerante en tydskrifte verskyn, waaronder die volgende:
Die Volksblad (17/01/1990:10);
South African Outlook (10/1989:144 e.v.);
Die Burger (27/03/1985:1);
Die Vaderland (21/03/1985:7);
Die Transvaler (11/07/1984:3);
Rand Daily Mail (13/04/1984:3);
Sunday Express (26/08/1979:4) en
Sunday Tribune (26/08/1979:33).
17. Mexiko is 'n uitsondering op hierdie reël. Hier word Jehovah-getuies toegelaat om lid te wees van die reserwemag van die weermag (vgl. Franz, 1991:120-127).
18. Oor die algemeen verwys Jehovah-getuies nie graag na Lukas 22:36-38 nie, omdat Jesus hier opdrag gee dat 'n mens selfs jou kleed moet verkoop en 'n swaard koop voor jy op reis gaan. In *Die Wagtoring* van 01/09/1986 (p. 19) word selfs so ver gegaan om te beweer dat hierdie opdrag van die Here eintlik 'n opdrag is om nie 'n swaard saam te neem nie. Jesus sou die opdrag gegee het, sodat sy dissipels in die versoeking kom om dit te gebruik en Hy dit dan kon verbied. Dit maak egter nie sin nie, aangesien Jesus dan doodgewoon vir hulle kon sê om nie 'n swaard te gebruik nie. Nee, Hy gee hier opdrag dat Sy dissipels alles wat nodig is om op reis te wees, waaronder geld, 'n reissak (met kos en klere) en 'n swaard moet saamneem, om soos nodig te gebruik gedurende hulle reise.
19. Hulle het wel 'n geëlektrifiseerde heining om hulle hoofkwartier aan die Wes-Rand, asook 'n wag by die ingang.
20. Die Wagtoring-organisasie se tweede president ("Judge Rutherford") was ook 'n regsgeleerde en het selfs by geleentheid as regter moes optree (vgl. 4.4).
21. Kenners op die gebied van die grondtale van die Bybel en Bybelvertalings sê dat die *NWT* 'n baie swak vertaling van die Bybel is (Mantey, 1974:1-2). Die *NWT* word selfs in 'n artikel as "(t)he world's most dangerous book" beskryf (Goedelman, 1987b:8).